# Agenda vir die Eerste

# Koinonia Sinode

## van NG Gemeentes

## Saam Op Weg na Kerkreformasie

**3 - 4 Mei 2023**

by

*Ingwe Guest Lodge*

Vanderbijlpark

Die Koinonia Sinode word organisatories asook finansieël geborg en gesteun deur Kairos Netwerk

**EMBARGO - STRENG VERTROULIK**

---

Alle verslae in die Agenda is vertroulik tot by die amptelike opening van die Sinode op 4 Mei 2023

# VOORWOORD

In die voorwoord van die Dordtse Leerreëls is die volgende geskryf: *Die Here, ons Verlosser Jesus Christus, het 'n uiters groot aantal vertroostinge in hierdie ellendige bestaan aan sy strydende kerk gegee. Hy het gesê: Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld* (Matt 28:20). Die waaragtigheid van hierdie allersoetste belofte skitter duidelik in die kerk van alle tye. Dit is van die begin af geteister deur die geweld van vyande, die goddeloosheid van ketters en deur die openlike slinksheid van verleiers. As die Here sy kerk in die steek sou gelaat het, sou dit lankal deur die geweld of bedrog van bedrieërs die verderf in verlei gewees het. Maar Hy, die goeie Herder, het sy kudde vir wie Hy sy lewe afgelê het, met die grootste standvastigheid liefgehad. Hy het altyd betyds en dikwels met sy uitgestrekte hand die woede van die vervolgers van die kerk wonderbaarlik onderdruk en die kronkelpaaie en bedrieglike planne van verleiers ontmasker en vernietig. In albei gevalle het Hy getoon dat Hy sy kerk ten nouste naby is.

In hierdie sinodes het getroue diensknegte van Christus met gesamentlike gebede, besluite en inspanning ten behoewe van die kerk en die waarheid van God moedig stand gehou en die kerk onverskrokke teen die dienaars van die Satan beskerm, ten spyte daarvan dat hulle hulle in engele van die lig verander het. Verder het hulle die saad van dwalings en tweedrag uit die weg geruim, die kerk in eensgesindheid van die suiwer godsdiens bewaar en die opregte diens aan God onvervals aan die nageslag oorgelewer.
Aan die Here kom lof toe tot in ewigheid. Nadat Hy vir 'n rukkie sy aangesig vir ons verberg het omdat ons sy toorn en verontwaardiging op baie maniere uitgelok het, het Hy aan die hele wêreld bewys dat Hy sy verbond nie vergeet het nie en dat Hy die versugtinge van dié wat aan Hom behoort nie verontagsaam nie. My opregte gebed is dat dit ook van die Koinonia Sinode waar mag wees

**Agtergrond van die Koinonia Sinode:** Na deeglike besinning is besluit op die naam sinode (syn-hodos - saam die pad loop). Die keuse vir Koinonia het te make met om "saam te wees en ondersteuning".

**Doel van die sinode:** Prof PA Verhoef het in die *Kerkbode* 18 Mei 2001 geskryf: *Die eenstemigheid wat daar was oor die Bybel het verbrokkel. 'n Ander sienswyse en oortuiging het in die NG Kerk posgevat en die keuse is: Of die belydenisgrondslag moet verwerp word, of dit sal met leertug gehandhaaf moet word.* Met dit as agtergrond het baie gemeentes en lidmate die gevoel uitgespreek dat hul nie tuis voel met die besluite en die rigting waarin die Algemene Sinode beweeg nie. Daar was 'n gevoel van vreemdelingskap binne my eie kerk. Geloofseenheid berus op geloof en belydenis van dieselfde waarhede. Hierdie is 'n geleentheid om hul eenheid te herbevestig en om mekaar tot voortdurende reformasie op te roep. Aangesien die kerk die taak het om sout en lig te wees, is die huidige verval in Suid Afrika 'n ernstige aanklag teen die kerk met 'n sterk appèl op die leierskap van die Algemene Sinode om nie hierdie behoudende stem te ignoreer nie.

**Verslae:** Hierdie sinode kom nie byeen in 'n lugleegte nie, maar is die gevolg van 'n lang proses oor 'n hele paar jaar. Ter wille van sinvolle en ordelike verloop word die vergadering bedien met verslae oor die werksaamhede en aanbevelings van die Kairos Netwerk.

Dr. Anton Knoetze
Voorsitter: Kairos Netwerk

# VOORAF REËLINGS

- Kairos Netwerk (KN) wys vooraf ‘n waarnemende **voorsitter** en **skriba** aan om voor te gaan. Die waarnemende voorsitter lei die vergadering volgens die agenda soos voorgestel deur KN en goedgekeur deur die vergadering, totdat die vergadering sy eie voorsitter verkies het. Die waarnemende skriba hanteer skribaat totdat die vergadering sy eie skriba verkies het.
- Die Regspan van KN adviseer die vergadering in kerkregtelike aangeleenthede totdat die vergadering (of sy gevolmagtigde) iemand daartoe aangewys het.
- Aangesien dit die eerste Koinonia Sinode is wat nog nie ‘n tussentydse Koinonia Sinode Diensgroep (KSDG) aangewys het nie, funksioneer Kairos Netwerk se Sentrale Werkgroep (KNSWG) as die wettige KSDG totdat die nuwe KSDG verkies is.
- **Samestelling van die vergadering**
  Om effektief te kan funksioneer benodig Koinonia Sinode die volgende groepe lidmate se insette:
  → Die afvaardiging van dolerende en ander Skrifgetroue NG gemeentes.
  → Ervare en bekwame Teologiese- en Kerkregkundiges.
  → Bekwame en ervare Skrifgetroue lidmate wat assosieer met die visie van die Koinonia Sinode en lidmate van NG gemeentes wat nog nie formeel ingeskakel is by Koinonia Sinode nie.

  **Die vergadering word dus soos volg saamgestel**:
  → Maksimum van 4 afgevaardigdes per deelnemende gemeente met geldige geloofsbriewe. Hulle het volle spreek- en stemreg by die vergadering.
  → Maksimum van 6 benoemde Teologiese- en kerkregkundiges. Hulle het by die Sinode volle spreekreg, maar nie stemreg nie.
  → Maksimum van 6 benoemde bekwame lidmate wat met KS se doel en strategie assosieer, maar lidmate van nie-deelnemende gemeentes. Hulle het by die Sinode volle spreekreg, maar nie stemreg nie.
- Die benoemings word gedoen deur KNSWG en moet as sodanig bevestig word deur die KS tydens konstituering.
- Tydens registrasie moet elkeen van bogenoemde lede individueel en persoonlik met ‘n wettige geloofsbrief of benoemingsbrief by die registrasietafel aanmeld. Sitplekke word by registrasie geallokeer.
- Amptelike geloofsbriewe is voorberei en aan gemeentes beskikbaar gestel deur Kairos Netwerk (KN). Daar is gereël dat dit volledig ingevul, onderteken en terugbesorg moet word voor/op Maandag, 24 April 2023. Gewysigde geloofsbriewe kan tot by die aanvang van die vergadering ingedien word. Die registrasie van afgevaardigdes geskied voor die aanvang van die vergadering. Die geloofsbriewe en registrasies word nagegaan deur ‘n taakspan van KN. Die totale aantal stemgeregtigdes wat geregistreer het, vorm basis vir die berekening van ‘n kworum.

Al die koste verbonde aan die huur van die saal, etes vir afgevaardigde en benoemde lede en die druk van agendas vir hierdie eerste Koinonia Sinode word deur Kairos Netwerk betaal.

# KOINONIA SINODE: SAAM OP WEG NA KERKREFORMASIE

SINODE < ***SYN HODOS*** > SAAM OP WEG
by Ingwe Guest Lodge, Vanderbijlpark

## 3 Mei 2023

Let wel: Die middag van 3 Mei is nog nie deel van die vergadering nie maar bied wel goeie geleentheid om mekaar beter te ken, saam te kuier en vir geestelike voorbereiding. Ons beveel aan dat u probeer om reeds 3 Mei daar te wees.

- 14h30 Registrasie vir diegene wat verkies om vroeg te registreer
- 15h00 Verwelkoming, bekendstelling en kenmekaar
  Geleentheid vir vrae
  Streke en gemeentes gesels saam
- 17h00 Maak gereed vir erediens
- 17h30 Erediens met verootmoediging, toewyding, danksegging en voorbidding gelei deur prof Johan Janse van Rensburg
- 19h00 Aandete: braaivleis en saam kuier

## 4 Mei 2023

07h30 tot 16h00
Amptelike kerkvergadering - Koinonia Sinode (waar alle afgevaardigdes teenwoordig moet wees)
Agenda verloop volgens Inhoudsopgawe

- ➔Sien die konsep Agenda hieronder
- ➔Verslae by elke punt op die agenda word vooraf elektronies aan afgevaardigdes gestuur
- ➔Die verslae is vertroulik tot ná opening van vergadering op 4 Mei
- ➔Afgevaardigdes ontvang 3-4 Mei 'n gedrukte kopie van die Agenda met verslae
- ➔Indien daar ekstra gedrukte Agendas oor is sal dit moontlik te koop wees op 4 Mei.

**SPESIALE KOLLEKTE: TYDENS DIE SINODE SAL DAAR GELEENTHEID WEES VIR 'N KOLLEKTE EN/OF SPESIALE BYDRAES OM TE HELP OM DIE KOSTE VAN DIE SINODE TE DEK.**

# INHOUDSOPGAWE


| | Item | Verslag lewer | Bladsy |
|---|---|---|---|
| **SAAM OP WEG OP N KERKORDELIKE WYSE** | | | 5 |
| 1 | VERWELKOMING, KONSTITUERING, BENOEMINGS | Dr Anton Knoetze | |
| 2 | OPENING | | |
| 3 | LIEF EN LEED | | |
| 4 | SITTINGSTYE | | |
| 5 | SAKELYS | | |
| 6 | STEUNSPAN | | |
| 7 | REGLEMENT VAN ORDE | Ds Helgard J v Rensbug | 6 |
| 8 | REGLEMENT VAN KOINONIA SINODE EN KSDG | Ds Theo Danzfuss | 13 |
| 9 | VERKIESING VAN DIE KONONIA DIENSGROEP (KSDG) | Olv die wnde voorsitter | 16 |
| **SAAM OP WEG IN DIE NG KERK SE KAIROS UUR** | | | 17 |
| 10 | SAAM OP WEG NA REFORMASIE: VERSLAG VAN KAIROS NETWERK | Ds Theo Danzfuss | 17 |
| 11 | SAAM OP WEG NA REFORMASIE: WAAROM 'KOINONIA SINODE'? | Ds Theo Danzfuss | 21 |
| **SAAM OP WEG: TERUG NA DIE BYBEL** | | | 26 |
| 12 | SAAM OP WEG: REFORMASIE DEUR NG KERK-DOLEANSIE | Mnr Gerrie v Niekerk | 26 |
| 13 | SAAM OP WEG: REFORMASIE...HOE HET ONS HIER GEKOM? DEUR DIE BRIL VAN 'N SKRIFGETROUE LIDMAAT | Dr Etienne Liversage | 31 |
| 14 | SAAM OP WEG: REFORMASIE – 'N JONG LERAAR SE PERSPEKTIEF | Ds Diederich Kleynhans en drie ander. | 46 |
| 15 | SAAM OP WEG: REFORMASIE VAN DIE ALGEMENE SINODE? | Dr Johann H Ernst | 51 |
| 16 | SAAM OP WEG: REFORMASIE DEUR MEDIASIE? | Ds Smuts J v Rensburg | 60 |
| 17 | SAAM OP WEG: REFORMASIE IN TEOLOGIESE OPLEIDING | Prof. HJ (Hoffie) Hofmyer | 65 |
| 18 | SAAM OP WEG: REFORMASIE IN LEER EN AKTUELE SAKE | Ds Piet Otto | 68 |
| 19 | SAAM OP WEG: REFORMASIE IN ONS KERKREG | Ds Helgard J v Rensburg | 72 |
| 20 | SAAM OP WEG: REFORMASIE IN ONS KATEGESE | Dr Henrietta Klaassing | 77 |
| 21 | SAAM OP WEG: REFORMASIE OP DIE KANSEL | Dr Anton Knoetze | 80 |
| 22 | SAAM OP WEG: REFORMASIE IN EN DEUR EVANGELISASIE | Dr Gerhard Mahne | 82 |
| 23 | SAAM OP WEG: REFORMASIE MET STEUN EN ADVIES VAN GERESPEKTEERDE AKADEMICI EN LOJALE EMERITI | Prof Johan J v Rensburg | 85 |
| 24 | GELOOFSVERKLARING VAN FGG | | 87 |
| 25 | BESKRYWINGSPUNTE | KN Dagbestuur | 87 |
| 26 | FINANSIES | Mnr Gerrie v Niekerk | 91 |
| 27 | AFSLUITING | | 91 |
| | BYLAES | | |
| | 26.1 Geloofsverklaring van die FGG | Ds Smuts J v Rensburg | 92 |
| | 25.2 Wat is n geloofsverklaring | Ds Smuts J v Rensburg | 95 |
| | 25.3 Vrye Engelse vertaling van FGG se Geloofsverklaring | Dr Henrietta Klaassing | 97 |

# SAAM OP WEG: OP ‘N KERKORDELIKE WYSE

## 1 KONSTITUERING

1.1 ‘n Verteenwoordiger van die Kairos Netwerk (KN) lig die vergadering in oor:

- die aantal afgevaardigdes per geloofsbriewe en benoemingsbriewe;
- die aantal stemgeregtigdes teenwoordig; en
- getal stemme benodig tydens die vergadering vir ‘n volstrekte meerderheid.

1.2 Die waarnemende voorsitter kontroleer dit en verklaar die vergadering as wettig gekonstitueer. Die vergadering besluit om ook die voorgestelde benoemings goed te keur.

1.3 Verwelkoming en praktiese reëlings:
Die waarnemende voorsitter verwelkom almal en verduidelik ‘n paar praktiese reëlings plus die verloop van die vergadering.

## 2 OPENING

### 2.1 AANBEVELING

2.1.1 Die stemgeregtigde predikant met die langste diens wat die oudste in jare is, open die vergadering deur voor te gaan met Skriflesing en gebed.

## 3 LIEF EN LEED

### 3.1 AANBEVELING

3.1.1 Die vergadering neem kennis van enige besondere lief en leed van ‘n lid/lede van die vergadering.

## 4 SITTINGSTYE

### 4.1 AANBEVELING

**Die vergadering keur die volgende sittingstye goed:**

**Donderdag, 4 Mei 2023**

07:30 – 08:30 Registrasie (persone wat nie vorige dag geregistreer het nie)
08:30 – 09:00 Dagwyding
09:00 – 09:30 Konstituering en opening
09:30 – 10:45 Sitting (eerste sessie)
10:45 – 11:15 Tee en verversings
11:15 – 13:00 Sitting (tweede sessie)
13:00 – 14:00 Middagete
14:00 – 15:50 Sitting (derde sessie)
15:50 – 16:00 Afsluiting

## 5 VASSTELLING VAN DIE SAKELYS EN REËLINGS

### 5.1 AANBEVELINGS

5.1.1 Die sakelys word vasgestel en goedgekeur.

5.1.2 Die Sinode keur dit goed dat ‘n lid slegs een spreekbeurt, (nie langer as 5 minute) oor dieselfde saak op die sakelys het (behalwe in die geval waar ‘n persoon ‘n verslag voorhou of hy/sy die voorsteller van ‘n mosie/amendement is). Die vergadering kan indien spesifieke omstandighede dit regverdig, hierdie beperking by wyse van ‘n ordemosie tydelik wysig.

## 6 STEUNSPANNE

### 6.1 **AANBEVELING**

6.1.1 Die Sinode wys die volgende aan as steunspanne van die vergadering:

- Stemopnemers
- Stemtellers
- Skakeling met die media
- Kerkregtelike advies
- Notule

*****************************************************************************************************

## 7 SAAM OP WEG: KOINONIA REGLEMENT VAN ORDE

### 7.1 VERSLAG

**INLEIDING**

Kerklike vergaderinge behandel sake vanuit kerklike perspektief, in die lig van die Woord van God en op kerklike wyse (artikel 22.1). Die Koinonia Sinode (asook alle ander vergaderinge van die kerk) is vergaderings waar Christus die kerk deur Sy Woord en Gees lei.

**1. OPENING EN KONSTITUERING**

1.1 Die afgevaardigdes kom byeen op die plek en tyd soos vooraf deur die Koinonia Sinode Diensgroep (KSDG) bepaal. Verkieslik open die stemgeregtigde predikant met die langste diens wat die oudste in jare is, die vergadering met Skriflesing en gebed. By ’n gewone- sowel as 'n buitengewone vergadering neem die voorsitter, ondervoorsitter en skriba van die KSDG die leiding.

1.2 Die uitgangspunt is dat enige Skrifgetroue NG gemeente by die KS kan inskakel. Dit beteken die getal deelnemende gemeentes kan aanvanklik wissel. Elke nuwe gemeente wat by die sinode wil inskakel, doen aansoek by die KSDG en die KS besluit daaroor. Die KS/KSDG besluit op aanbeveling van die taakspan vir kerkregtelike advies, hoe die vergadering saamgestel word. Die beginsel is dat elke gemeente geregtig is op dieselfde getal afvaardiging. Geloofsbriewe van afgevaardigdes moet die skriba voor/op die vasgestelde datum bereik. Gewysigde geloofsbriewe kan tot met die aanvang van die vergadering ingedien word.

1.3 Die vergadering word deur die voorsitter van die KS as wettig gekonstitueer verklaar aan die hand van die geloofsbriewe wat ingedien is. Die volstrekte meerderheid van die afgevaardigdes wat hul geloofsbriewe ingedien het, vorm die kworum.

1.4 Die KS Diensgroep se Dagbestuur (KSDG) wat tydens die vergadering die leiding neem, bestaan uit die voorsitter, ondervoorsitter en skriba met ondersteuning van die addidionele lede.

1.5 Die vergadering van die Koinonia Sinode is nie ’n geslote vergadering nie, tensy die vergadering self anders besluit.

1.6 Elke sittingsdag word op ’n gepaste wyse met Skriflesing en gebed geopen en met gebed afgesluit.

1.7 Lede van die vergadering moet vooraf verskoning maak indien hulle vir ’n deel van die vergadering afwesig gaan wees. (Die verskoning word op skrif ingedien by die notulekommissie). ’n Sekundus kan in die plek van die gemeente se primarius afgevaardigde verskyn. Geen lid mag sonder verlof die vergadering verlaat nie. Enige verandering in personeel moet vooraf by die notulekommissie gerapporteer word.

**2. BUITENGEWONE KOINONIA SINODE**

2.1 Die KSDG het ’n mandaat om 'n buitengewone vergadering van die Koinonia Sinode byeen te roep. Dit geskied met skriftelike kennisgewing van vier weke aan deelnemende gemeentes.

2.2 'n Buitengewone vergadering van die Koinonia Sinode konstitueer met dieselfde personeel as by verdaging van die vorige gewone vergadering. Dit staan deelnemende gemeentes egter vry om ‘n nuwe afvaardiging te benoem. In alle gevalle moet geloofsbriewe ingehandig word.

2.3 Die voorsitter van die KSDG open die vergadering en lei die vergadering.

2.4 Die buitengewone Koinonia Sinode kan net die spesifieke sake hanteer waarvoor die vergadering byeen geroep is.

**3. BEHANDELING VAN SAKE**

3.1 Die KSDG stel die agenda vir die vergadering saam en sorg dat die agenda, indien enigsins moontlik, vier weke voor die vergadering elektronies aan die afgevaardigdes beskikbaar gestel word. (Die KSDG kan ‘n tydelike projekspan aanwys om hierin tot hulp te wees). Harde kopieë van die agenda word verkieslik en sover moontlik ter vergadering beskikbaar gestel. Ná die vergadering word die goedgekeurde notule so gou moontlik elektronies aan al die lede van die vergadering gestuur.

3.2 Die skriba van die Sinode maak aantekeninge van sake wat op meer as een plek in die agenda voorkom en stel hierdie aantekeninge tot beskikking van die voorsitter.

3.3 By die behandeling van sake neem die voorsitter die orde in ag wat die geskikste voorkom. Die voorsitter dra die sake wat behandel moet word, duidelik voor, gee

die nodige inligting en kan, as die saak dit vereis, wenke aan die hand doen om die vergadering te help om tot ’n beslissing te kom.

3.4 Die voorsitter kan, met instemming van die vergadering, ’n ordereëling tref om in die stemming oor die amendemente af te wyk van die volgorde waarin die amendement ingedien is. Die voorsitter kan ook versoek dat die voorsteller van die mosie en die voorstellers van amendemente die geleentheid kry om die amendemente te konsolideer.

3.5 Die voorsitter neem ’n saak wat op meer as een plek in die agenda voorkom, op die mees sinvolle plek in behandeling en handel, indien enigsins moontlik, die saak daar af. Waar dieselfde saak elders voorkom en afgehandel is, word slegs die opskrif aangegee en deur middel van die betrokke bladsyverwysing aangedui waar dit reeds afgehandel is.

3.6 In gevalle wat op die orde van die vergadering betrekking het en waarvoor geen voorsiening in hierdie reglement gemaak word nie, handel die voorsitter volgens gebruik en eie oordeel. As enige lid teen hierdie handelswyse beswaar het, word dit aan die beslissing van die vergadering onderwerp.

3.7 Elke lid van ’n vergadering moet by deelname aan die bespreking die voorsitter aanspreek.

3.8 By die behandeling van sake is elke lid op een spreekbeurt per voorstel wat bespreek word geregtig, tensy die vergadering anders besluit. Niemand mag buite ’n toegekende spreekbeurt en/of sonder verlof van die voorsitter praat nie. As twee of meer lede gelyk opstaan, beslis die voorsitter wie die eerste aan die woord kom.

3.9 Geen lid van die vergadering is geregtig op meer as een spreekbeurt oor dieselfde voorstel nie, behalwe wanneer die persoon die aandag van die voorsitter wil vestig op ’n afwyking van die reglement van orde, óf met die verlof van die vergadering óf om as voorsteller of as indiener van 'n amendement, repliek te lewer.

3.10 Die voorsitter het die reg om, wanneer na eie oordeel die saak onder behandeling genoegsaam bespreek is, dit aan die vergadering te stel of daar nie tot stemming oorgegaan kan word nie.

3.11 Indien die vergadering goeie rede het om, tydens 'n verslag of debat, te vermoed dat 'n besluit of standpunt moontlik tot groot verdeeldheid in die kerk kan lei, moet die vergadering sover dit moontlik is, die saak of besluit eers terug verwys na al die deelnemende kerkrade sodat hulle geleentheid kry om daarop te reageer alvorens die finale besluit geneem word. Die KS streef daarna om sover moontlik konsensusbesluite te neem.

## 4. VOORSTEL EN AMENDEMENT(E)

4.1 Die Koinonia Sinode neem bindende besluite vir deelnemende gemeentes oor sake soos omskryf in die Reglement van die Koinonia Sinode. Hierdie binding is nie wetties-juridies van aard nie, maar wel moreel-eties kragtens ons onderlinge ooreenkoms om as sinode (*syn hodos*) saam op weg te wees na kerkreformasie. Hierdie pad vra onderlinge vertroue, integriteit en sekerheid dat ons mekaar kan vertrou in al ons onderlinge ooreenkomste.

4.2 ’n Substantiewe mosie of -voorstel kom by wyse van ’n skriftelike verslag van die KSDG of ‘n taakspan van die KS, ‘n wettige beskrywingspunt of gravamen voor die vergadering.

4.3 ’n Substantiewe mosie of -voorstel kan by wyse van ’n amendement gewysig word.

4.4 ’n Amendement kan slegs een keer deur ’n verdere amendement gewysig word.

4.5 Amendemente word by wyse van ’n gewone meerderheid goedgekeur. Indien die voorstel ’n twee-derde meerderheid vereis, word die twee-derde meerderheid by die finale stemming oor die gewysigde voorstel vereis.

4.6 Die voorstel en die amendement(e) moet skriftelik ingedien en deur die voorsteller en die sekondant geteken word.

4.7 Geen spreekbeurt mag aangevra word, of geen voorstel of amendement(e) mag dien, voordat die voorsitter die saak aan die orde stel nie.

4.8 ’n Voorstel of amendement wat reeds ter tafel is, mag nie sonder die verlof van die vergadering teruggetrek word nie.

4.9 Die indiener van ’n voorstel word beperk tot ’n spreekbeurt van agt minute, met vyf minute vir repliek. Ander sprekers in die debat word beperk tot vyf minute. Die vergadering mag in bepaalde gevalle van hierdie tydsbeperking afwyk.

4.10 Wanneer ’n amendement tot stemming gebring word, het die persoon/taakspan wat die oorspronklike voorstel ingedien het, reg op repliek alvorens daar oor die amendement gestem word.

4.11 Wanneer die vergadering ’n voorstel by wyse van ’n amendement gewysig het, is die gewysigde voorstel die voorstel voor die vergadering. Voordat die gewysigde voorstel tot stemming gebring word, het die voorsteller van die amendement die reg op repliek.

4.12 Wanneer enige voorstel, beskrywingspunt of amendement ernstige regsimplikasies en/of kerkordelike implikasies het, word die voorstel /aanbeveling /beskrywingspunt na die Regspan verwys vir kerkordelike advies voordat ’n finale besluit geneem word.

4.13 Indien sodanige advies en aanbevelings nie ter vergadering gelewer kan word nie, staan die stemming oor tot die volgende sitting van die sinode om die Regspan in staat te stel om die implikasies deeglik, indien nodig met regsadvies, te oorweeg met verslag aan die sinode.

**5. STEMMING**

Die sinode neem so ver moontlik konsensusbesluite by wyse van algemene instemming. ‘n Formele stemproses vind slegs plaas as die voorsitter reken dat dit nodig is terwille van groter deursigtigheid of as die vergadering so besluit op versoek van ‘n afgevaardigde.

5.1 Die opneem en/of tel van die stemme word deur ’n tydelike steunspan vir stemming, wat vooraf aangewys is, behartig.

5.2 Elke lid van die vergadering moet stem tensy die vergadering hom/haar toestemming gee om buite stemming te by. Vir ’n beslissing word ’n volstrekte meerderheid (helfte plus een) van stemme van die aanwesige stemgeregrigdes vereis, behalwe in die gevalle waar die Kerkorde ’n tweederdemeerderheid vereis (Artikel 44 en 70). Die voorsitter het ’n gewone, maar nie ’n beslissende stem nie. Persone wat die vergadering slegs met ‘n spreekstem bywoon, mag aan die bespreking deelneem, maar nie stem nie.

5.3 Die stemming oor persone geskied op geslote wyse en soos volg:

5.3.1 Eers word ’n nominasielys saamgestel. Elke stemgeregtigde lid mag persone nomineer, maar nie meer as die getal persone wat gekies moet word nie.

5.3.2 Uit die name op die nominasielys stem elke stemgeregtigde vir soveel name as die getal persone wat gekies moet word.

5.3.3 Die persoon op wie die meeste stemme verenig word, is verkies indien die getal stemme op die persoon uitgebring die volstrekte meerderheid van die aanwesige stemgeregtigdes uitmaak. ('n Volstrekte meerderheid is die helfte plus een van al die stemme wat uitgebring is.)

5.3.4 Indien ’n persoon nie ’n volstrekte meerderheid van stemme kry nie, vind daar ’n verdere stemming plaas uit die name wat die hoogste getal stemme gekry het en saam ’n volstrekte meerderheid vorm.

5.3.5 Indien daar ’n staking van stemme is wat nie deur verdere stemming opgelos kan word nie, geskied die beslissing deur die lot.

5.4 Die stemming oor sake verloop soos volg:

5.4.1 Oor alle sake, waaroor daar nie konsensus verkry kan word nie, word daar gestem óf met opsteek van hande, óf in die geval van kontensieuse sake op ’n geslote stemwyse, indien die vergadering so besluit. Indien die stemming oor ’n saak gelykop is, word die saak terugverwys.

5.4.2 In die geval van ’n voorstel met amendemente:

5.4.2.1 Amendemente word eerste tot stemming gebring in opgaande orde vanaf die laaste amendement wat ingedien is.

5.4.2.2 Indien die amendement(e) aanvaar is, word gestem vir die voorstel soos deur die aanvaarde amendement(e) gewysig.

5.4.2.3 Slegs indien al die amendemente verwerp word, stem die vergadering oor die oorspronklike voorstel.

5.4.3 Na elke stemming oor ’n amendement of ’n voorstel word die uitslag van die stemming aangekondig – nie die getal stemme vir of teen die voorstel of amendement uitgebring nie, maar of dit aanvaar of verwerp is.

5.4.4 Dit staan ’n lid vry om met of sonder opgaaf van redes te laat notuleer dat die persoon met ’n besluit wat geneem is, nie saamstem nie of dat die persoon nie teenwoordig was toe die besluit geneem is nie.

**6. MOSIE VAN ORDE**

6.1 ’n Mosie van orde is ’n voorstel wat betrekking het op:

6.1.1 die volgorde waarin sake ter tafel moet kom; of

6.1.2 die opskorting van die bespreking van ’n bepaalde saak; of

6.1.3 die verwysing van ’n bepaalde saak; of

6.1.4 die afstap van ’n bepaalde saak.

6.2 ’n Ordemosie kan op enige tydstip gedurende die voortgang van die bespreking ingedien word. Daar word dadelik sonder bespreking oor die ordemosie gestem. Dit word egter aan die oordeel van die voorsitter oorgelaat om die mosie terug te hou as die voorsitter van mening is dat dit aangewend word om ’n behoorlike bespreking van die onderwerp te voorkom.

**7. BESKRYWINGSPUNTE EN VERSLAE**

7.1 Beskrywingspunte mag by Koinonia Sinode ingedien word deur kerkrade of ringe van deelnemende NG gemeentes of deur Skrifgetroue belydende lidmate van die NG Kerk.

7.2 Beskrywingspunte is alleen ontvanklik as dit lê op die terrein van die Koinonia Sinode soos omskryf in die Reglement en minstens vier weke voor die vergadering deur die skriba ontvang is.

7.3 Beskrywingspunte van spoedeisende aard mag deur die vergadering in behandeling geneem word, indien die vergadering so besluit. Die Tydelike Regspan adviseer die vergadering in die verband.

7.5 Aanbevelings van taakspanne wat wysigings aan die Kerkorde en reglemente behels, word in die agenda gemerk: “Vir die aandag van die Tydelike Regspan”. Hierdie voorstelle word dan voor die sinodesitting deur die Tydelike Regspan nagegaan vir kerkregtelik bevredigende formulerings, sonder uitspraak oor die beginsel vervat in die voorstel. Tydens die behandeling van die betrokke voorstel in die projek- of algemene taakspan se verslag, lewer die Tydelike Regspan advies oor die kerkregtelike aspekte daaraan verbonde.

7.6 Aanbevelings in verslae van taakspanne en/of beskrywingspunte waar nuwe aanbevelings oor vorige besluite gemaak word, word gesien as kennisgewing van hersiening (revisie) met betrekking tot vorige besluite van die ~~S~~inode. Die taakspan en/of kerkvergadering wat nuwe voorstelle oor vorige besluite maak, lig die vergadering in oor die vorige besluite wat ter sake is.

**8. ONDERSTEUNINGSPAN.**

8.1 Ondersteuningspanne , soos deur die KSDG aangewys, mag voor die aanvang van die vergadering met hulle werksaamhede begin.

8.2 Die benoeming van ondersteuningspanne gedurende die sitting van die Sinode word, op aanbeveling van die KSDG, deur die vergadering met opsteek van hande gedoen.

**9 TAAKSPANNE**

9.1 Na afloop van die vergadering word opdragte uitgevoer en werksaamhede voortgesit deur die KSDG wat gebruik kan maak van ad-hoc taakspanne.

9.2 Vakatures wat tussen gewone vergaderinge van die sinode in die KSDG of taakspanne ontstaan, word deur die KSDG met inagneming van die Taakspan se eie aanbeveling aangevul.

**10. HERSIENING**

10.1 Besluite wat geneem is, mag alleen na voorafgaande kennisgewing en met die toestemming van die vergadering, in revisie geneem word.

10.2 Kennisgewing van revisie:

10.2.1 Revisie kan toegestaan word indien oortuigend aangevoer word dat:

10.2.1.1 daar in die bespreking van die saak waarom dit gaan, aan sekere aspekte daarvan nie voldoende aandag gegee is nie of glad nie aandag gegee is nie; en/of

10.2.1.2 daar later inligting na vore gekom het wat hersiening van die besluit noodsaaklik maak.

10.2.2 Die vergadering beslis met meerderheidstem of die revisie toegestaan word. Indien toegestaan, word die saak weer oopgestel vir bespreking en kan die vergadering tot 'n ander besluit kom of die vorige besluit kan gehandhaaf word.

10.3 Wanneer revisie toegestaan word, is die saak waaroor dit gaan oop vir bespreking en word voorstelle en amendemente opnuut ingedien.

10.4 Indien 'n nuwe voorstel goedgekeur word, vervang dit die vorige besluite.

**11. NOTULE**

11.1 Voorstelle moet deur die voorsteller en sekondant behoorlik onderteken wees en skriftelik ingedien word alvorens dit bespreek mag word en die vergadering daaroor mag stem.

11.2 Alle voorstelle en amendemente, ook die wat nie aanvaar word nie, word in die notule opgeneem.

11.3 Die notule van elke sittingsdag word deur 'n notulekommissie versorg en tydens die volgende sittingsdag deur die vergadering goedgekeur en deur die voortsitter en skriba onderteken.

11.4 Die notule van die laaste sittingsdag word deur die KSDG by sy eerste vergadering goedgekeur en onderteken.

11.5 Besluite van die sinode tree in werking wanneer die goedgekeurde notule elektronies vir gemeentes beskikbaar is, tensy die sinode anders besluit.

**12. SLUITING**

11.1 Die vergadering word op 'n wyse afgesluit waarop die KSDG besluit.

Verslag: Ds Helgard Janse van Rensburg

*******************************************************************************************

**7.2 AANBEVELING**

7.2.1 Die Sinode keur die Reglement van Orde met die voorgestelde aanpassings goed as geldende ordereëling vir die Koinonia Sinode.

## 8. SAAM OP WEG: REGLEMENT VIR DIE KOINONIA SINODE EN KSDG

### 8.1 VERSLAG

**1. NAAM**

Die Koinonia Sinode van behoudende Skrifgetroue NG gemeentes (KS).

**2. AARD EN FUNKSIE VAN DIE VERGADERING VAN DIE KOINONIA SINODE**

2.1 Die KS is ‘n eiesoortige kategoriale kerkverband van behoudende Skrifgetroue lidmate en gemeentes van die NG kerk wat alle besluite van die AS wat in stryd is met die Bybel verwerp en verbind is om saam te werk en te bid dat die NG Kerk op alle vlakke weer sal buig onder die gesag van die *sola et tota Scriptura*.

2.2 KS glo en bely die drie ekumeniese belydenisse plus die drie gereformeerde belydenisskrifte (Formuliere van Eenheid) omdat (*quia*) dit ooreenstem met die Bybel.

**3. KOINONIA SINODE EN ANDER KERKVERGADERINGE**

3.1 Die KS wil nie die taak van enige van die bestaande sinodes oorneem of gemeentes vehinder om intussen ook hul plek daar vol te staan nie.

3.2 Die KS fokus op reformasie van die NG Kerk op alle vlakke nl. lidmate, gemeentes en alle kerkvergaderinge.

3.3 Die KS erken dat elke gemeente *ecclesia completa* is wat meer gehoorsaam moet wees aan die onfeilbare Woord van God as aan die besluite van feilbare kerkvergaderings.

3.4 Aangesien die gemeentes van KS poog om kerkskeuring te voorkom, hou KS wel die opsie oop om moontlik as tussentydse maatreël onder spesifieke voorwaardes, via onderhandeling of mediasie, as elfde kategoriale sinode erken te word.

**4. SAMESTELLING EN FREKWENSIE VAN VERGADERINGS**

4.1 Elke deelnemende gemeente kan tussen een en vier afgevaardigdes na die KS stuur. Die getal kan van tyd tot tyd gewysig word mits elke gemeente steeds gelyke hoeveelheid mag stuur.

Na konstituering met die wettige afgevaardigdes uit die deelnemende gemeentes benoem KS op aanbeveling van die KSDG en/of KN die volgende :

- ’n Maksimum van ses Teologiese- en kerkregkundige adviseurs wat belydende lidmate van die NG Kerk is, word benoem vir die duur van die vergadering asook vir KSDG in die reses. Hierdie kundiges het volle spreekreg by die sinode maar nie stemreg nie.
- ‘n Maksimum van 6 bekwame en ervare Skrifgetroue lidmate uit NG gemeentes wat nie as gemeente formeel ingeskakel is by Koinonia Sinode nie, word ook op aanbeveling van KSDG of KN benoem. Hierdie lidmate het volle spreekreg by die sinode maar nie stemreg nie.
- Die KS en KSDG kan waar nodig enige Skrifgetroue lidmaat van die NG Kerk, al was hy/sy nie deel van die sinodale vergadering nie, op enige van sy taakspanne benoem met volle spreek- en stemreg.

4.2 Die KS vergader so dikwels as wat nodig mag wees, maar minstens een keer per

jaar waar die nuwe Koinonia Sinode Diensgroep (KSDG) verkies word.

4.3 Die KSDG bestaan uit ses lede, nl ‘n voorsitter, ondervoorsitter, skriba en drie addisionele lede. Hulle kan lede vir spesifieke take koőpteer.

4.4 Hoewel in-persoon vergaderings verkieslik is, kan vergaderings van beide die KS en die KSDG, indien omstandighede dit vereis, ook in die vorm van elektroniese-/video-vergaderings gehou word.

4.5 Die KSDG vergader so dikwels as nodig, maar minstens vier keer per jaar.

4.6 ‘n Buitengewone vergadering van die KS kan gehou word op besluit van die KSDG of op skriftelike versoek van minstens drie kerkrade.

**5. OPENING EN KONSTITUERING VAN DIE KOINONIA SINODE**

5.1 Elke vergadering van die KS word geopen met Skriflesing, ‘n kort boodskap, ‘n loflied en gebed. Verkieslik (maar nie verpligtend nie) word die opening waargeneem deur die stemgeregtigde leraar met die langste diens wat die oudste in jare is.

5.2 Slegs lidmate wat met geloofsbriewe geregistreer is, het stemreg.

5.3 Die KS fokus op reformasie van lidmate, gemeentes en die wyer kerkverband.

5.4 Met die oog op bogenoemde konstitueer die KS met die volgende stemgeregtigde lede:

5.4.1 Afgevaardigdes van deelnemende gemeentes wat met geldige geloofsbriewe registreer: een tot maksimum van vier (of soos van tyd tot tyd bepaal word) per gemeente (vergelyk punte 4.1 en 5.2).

5.4.2 Na konstituering benoem die sinode op aanbeveling van KSDG ook die volgende persone met spreekreg, maar nie stemreg nie:

- Kerkregtelike en Teologiese kundiges: een tot ‘n maksimum van ses wat benoem word deur die dienende KSDG; en
- Bekwame en kundige lidmate uit NG gemeentes: een tot maksimum van ses uit gemeentes wat nie ‘n formele afvaardiging stuur nie.

**6. FUNKSIONERING**

6.1 Die KS se visie is om reformasie van binne die bestaande kerklike strukture van die NG kerk te bevorder.

6.2 Die KS erken, waardeer en ondersteun die eredienste en ander dienswerk van die NG Kerk wat nog nie deur die dwaalleer van die liberale teologie besmet is nie.

6.3 Die KS begelei en inspireer sy medewerkers om orals waar die Here hulle geplaas het, elke dwaallering teen te gaan en uit te roei en om in die plek daarvan die lig van die suiwer Evangelie helder te laat skyn.

6.4 Die KS neem nie voorskriftelike besluite nie, maar versoek deelnemende kerkrade om in liefde en eensgesindheid die besluite te respekteer deur nie ligtelik daarvan af te wyk nie.

6.5 Die besluite van die KS of sy gevolmagtigdes is bindend, in soverre dit nie in stryd is met die Woord van God, die belydenis van die kerk en die Kerkorde nie (vergelyk die *Kerkorde*, Artikels 1, 2 en 23.1).

6.6 Elke KS-vergadering is ‘n ordelike, eerbiedige kerkvergadering wat, waar toepaslik, verloop volgens die riglyne in die Kerkorde se Reglement van Orde soos aangepas en goedgekeur vir die KS asook die algemeen aanvaarde vergaderingsprosedures en ander ooreengekome riglyne.

6.7 Die KSDG het die mandaat om die tussentydse leiding en bestuur te hanteer met gereelde verslag aan KS.

6.8 Die KSDG kan slegs indien die fondse beskikbaar is, op spaarsamige wyse taakspanne, studiegroepe en kundiges aanwys om spesifieke opdragte uit te voer.

6.9 Aangesien die KS sy eie feilbaarheid erken en bely dat Christus as enigste Hoof Sy kerk regeer deur Sy Woord en Gees, nooi die KS lidmate en gemeentes wat reken dat enige besluit van die KS in stryd is met die Bybel, om dit so gou moontlik dmv ‘n gemotiveerde gravamen onder die KS se aandag te bring.

6.10 ‘n Onopgeloste dispuut tussen deelnemers en die KSDG word verwys na die volgende gewone of buitengewone vergadering van die KS wat dit na goeddunke moet hanteer.

## 7. AGENDA VAN ‘N KOINONIA SINODE VERGADERING

7.1 Elke KS-vergadering se konsep agenda word vooraf saamgestel en uitgestuur deur die KSDG.

7.2 Direk na konstituering van elke KS vergadering, word die konsep agenda ná moontlike wysigings, voorgelê vir goedkeuring.

7.3 Die KS hanteer slegs kerklike sake op ‘n eerbiedige en kerklike wyse.

7.4 Lidmate en gemeentes kan tot vier weke voor die KS-vergadering behoorlik geformuleerde en gemotiveerde beskrywingspunte asook voorstelle vir die agenda aan die KSDG instuur.

7.5 Die Taakspan Regte doen ‘n voorlegging aan die vergadering oor die ontvanklikheid al dan nie van elke beskrywingspunt. Die volle KS-vergadering besluit daaroor.

## 8. DIE KOINONIA SINODE EN EKUMENIESE VERHOUDINGE

8.1 Die KS erken dat elke gemeente *ecclesia completa* is wat meer gehoorsaam aan die onfeilbare Woord van God moet wees as aan die besluite van feilbare kerkvergaderings.

8.2 Die KS en Familie van Gereformeerde Gemeentes (FGG): Aangesien die FGG voorbereidend was vir ontstaan van KS, word hierdie werk nou voortgesit via KSDG wat indien nodig ‘n ekumeniese taakspan daarvoor mag benoem. Hierdie taakspanne word verkieslik slegs op *ad-hoc* basis (dus projek-gerig) deur die KSDG aangewys, gelei en bestuur volgens elke streek se spesifieke behoefte.

Die KSDG doen aanbevelings aan die KS oor verskillende vlakke van ekumeniese verhoudinge en amptelike samewerking tussen die KS en ander gereformeerde kerke op nasionale en internasionale vlak.

8.3 Die KS en Kairos Netwerk (KN): Dit is verkieslik dat die reformasie proses deur kerkvergaderings waar gemeentes amptelik teenwoordig is, hanteer en bestuur word. In die lig daarvan beplan KN dat die KS as wettige amptelike kerkvergadering

geleidelik soveel moontlik van KN se huidige werk sal oorneem. (KN beplan egter om solank dit nodig mag wees, steeds die KS adviserend te ondersteun).

8.4 Die KS benoem/benut KN se Sentrale Werkgroep (SWG) intussen as amptelike adviseurs tydens die sinode en konsulteer sover moontlik gereeld met KN oor die pad vorentoe asook prinsipiële besluite.

Verslag: Ds. Theo Danzfuss

****************************************************************************************************

**8.2 AANBEVELING**

8.2.1 Die Sinode keur die Reglement vir die Koinonia Sinode goed.

## 9 VERKIESING die KOINONIA SINODE DIENSGROEP (KSDG)

### 9.1 NOMINASIES

Die nominasie en verkiesing geskied by wyse van geslote stembriefies. Dit vind deurlopend plaas tydens die verloop van die vergadering en word hanteer deur die stemopnemers en stemtellers. Sodra 'n persoon/persone met 'n volstrekte meerderheid verkies is, word die uitslae bekend gemaak en gaan die vergadering voort met die verkiesing van die volgende persoon/persone.

****************************************************************************************************

### 9.2 AANBEVELING

Die Sinode verkies by wyse van geslote stemming die volgende lede vir die KSDG:

9.2.1 Voorsitter
9.2.2 Ondervoorsitter
9.2.3 Skriba
9.2.4 Drie addisionele lede
9.2.5 Drie *secundi* lede

# <u>SAAM OP WEG  IN DIE NG KERK SE KAIROS UUR</u>

## 10 SAAM OP WEG NA REFORMASIE: VERSLAG VAN KAIROS NETWERK

### 10.1 VERSLAG

**Vroeg aan die <u>begin</u> van die Nuwe Testament**, vind ons die **Here Jesus se eerste preek** wat begin met ‘n dringende oproep tot geloof en bekering: *“Die <u>tyd (kairos)</u> het aangebreek en die koninkryk van God het naby gekom. Bekeer julle en glo die evangelie*.” (Markus 1:15). Hier dui die woord vir tyd (kairos) op ‘n baie beslissende en kritiese tyd in die wêreldgeskiedenis wat aangebreek het met die koms van Jesus Christus. Die ***kairos*** is naby.

**In die <u>middel</u> van die Nuwe Testament** gebruik Paulus dieselfde woord “kairos” om sy lesers op te roep om sonder versuim te reageer voor dit te laat is, want “*Kyk, nou is dit die <u>regte tyd</u>, nou is dit die dag van redding*.” (2 Kor 6:2). Die ***kairos-****uur* vereis dringende aandag en reaksie.

**Aan <u>die einde</u> van die heel laaste Boek van die Nuwe Testament** hoor ons **Jesus se laaste preek**. Waaroor praat Hy hier? *“Moenie die woorde van hierdie profetiese boek geheim hou nie, <u>want die eindtyd is naby</u>*.” Openb 22:10. Jesus sluit sy prediking af met dieselfde boodskap waarmee Hy begin het: ‘n dringende oproep tot bekering, want die **kairos-**uur het naby gekom het. Die ***kairos*** is die laaste geleentheid vir ‘n finale keuse, die uur van beslissing. In Openb 22:11 bevestig Jesus die erns van hierdie kairos-tyd so: “....*en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word.”*

Kairos Netwerk (KN) het ontstaan in reaksie op die Algemene Sinode (AS) se ontstellende toename in afvalligheid van die suiwer leer van die Woord en die gereformeerde belydenisskrifte. Dit het al hoe meer neerslag gevind in verskeie sinodale besluite die afgelope twee of drie dekades . Geleidelik het die publieke opinie en die tydsgees ‘n al groter rol in sinodale verslae en besluite begin speel ten koste van die gesag van die Skrif. Dié afvalligheid het ‘n laagtepunt bereik in 2015 en toe weer in 2019 toe die AS nie net seksuele verhoudinge tussen persone van dieselfde geslag as aanvaarbare gedrag aanvaar het nie, maar ook homoseksuele en lesbiese verbintenissse amptelik goedgekeur het. Leraars van die NG Kerk kan sulke verbintenisse nou amptelik bevestig. Die mees ontstellende was die Sinode se verdere besluit dat daar nou ‘n kerklike formulier opgestel moet word om die kerk se seën oor sulke verbintenisse uit te spreek. Vir talle lidmate en gemeentes was dit die laaste strooi wat die kameel se rug gebreek het. Die resulaat was dat baie Skrifgetroue leraars en gemeentes wat al dekades lank nie wou glo waarheen die AS regtig op pad is nie, wakker geskrik het en al hoe meer begin het om te sê: **tot hiertoe en nie verder nie.** Dit was die begin van die grootste onmin die afgelope aantal dekades in die NG Kerk.

Moreletapark NG Kerk het inisiatief geneem deur hul geboue beskikbaar te stel vir ‘n

landwye byeenkoms (later algemeen bekend as die Moreleta Beraad) wat sy stem laat hoor het teen die geestelike verval en saam begin bid het vir herlewing in die NG Kerk. Dié geleentheid op 25-26 Februarie 2020 was bygewoon deur ongeveer 450 persone van oor die hele land. Daar het dit baie duidelik geword dat die probleem in die kerk nie net 'n paar losstaande dwase besluite was nie, maar 'n groeiende teologiese liberalisme wat al hoe meer vastrapplek in die NG Kerk en die teologiese opleiding van sy predikante gekry het. Sedert die verslag oor Skrifgesag wat deur die AS 2000-2004 aanvaar is, word die Bybel al meer gesien as 'n tydgebonde boek, wat histories onbetroubaar en vol foute is. Geleidelik het kerkvergaderings in etiese sake al hoe meer begin luister na die openbare media en die moderne tydsgees in plaas van na die Heilige Gees in die Bybel. Dit het die kerk se profetiese stem stilgemaak. In morele en etiese kwessies soos bv. die huwelik en seksuele verhoudings, is die duidelike boodskap van die Bybel vervang met dubbelsinnige, teenstrydige en selfs onuitvoerbare besluite om meer ruimte te maak om valse leringe en praktyke van die tydsgees te akkommodeer. Onder invloed van die Skrifkritiek het die AS in 2011 en 2013 selfs besluit om in die NG Kerk die geloof aan die persoonlike aard van die duiwel en demone opsioneel te maak. As daar nie regtig 'n persoonlike wese soos Satan bestaan nie, was Jesus self ook onkundig en verkeerd om herhaaldelik van en met Satan te praat, hom te bestraf en te beweer dat Hy vir 40 dae deur Satan in die woestyn versoek was.

In ons Teologiese fakulteite het 'n soort evolusionisme wat direk in stryd is met die Bybel en ons belydenisskrifte, die norm geword. Leraars en teoloë wat openlik die uniekheid van Christus as enigste weg tot redding ontken, is steeds deel van die NG Kerk se sogenaamde "ruim huis". Teologiese fakulteite wat eens suiwer gereformeerde teologiese opleiding doseer het, het nou letterlik leeggeloop. Daar is tans slegs enkele NG studente oor. Die fakulteite spog nou openlik met hulle diversiteit van o.a. feministiese teologie, Afrika-teologie, gender teologie, universalistiese teologie, ens. Onlangs is van ons ou gereformeerde Teologiese fakulteite se name selfs verander na *Faculty of Theology and Religion* om in hul "ruim huis" ook ander godsdienste te akkomodeer. Verskeie leraars in algemeen-sinodale diens asook teologiese dosente verkondig die feministiese en/of die universalistiese teologie waar God aanbid word as ons "moeder in die hemel" of ook as die "heilige prisma".

Die Moreleta Beraad het lidmate en gemeentes baie duidelik en herhaaldelik versoek om nie vir kerkskeuring te kies nie, maar eerder die weg van berou, skuldbelydenis, bekering en gesamentlike soeke na radikale kerkreformasie van binne die NG kerk. Die voortsettingskomitee wat aangewys was om inisiatief te neem op die pad van reformasie, het Skrifgetroue lidmate gelei tot die ontstaan van die " Moreleta Kairos Netwerk". Hierdie naam is kort na die stigting verander na "Kairos Netwerk" (KN) aangesien die netwerk nie tot Moreletapark beperk was nie, maar baie vinnig oor die hele land en oor ons landsgrense heen gereik het. Ten spyte van vele valse beskuldigings van buite dat KN kerkskeuring soek, asook drukgroepe van binne om wel weg te skeur, het KN van die begin af duidelik standpunt ingeneem teen

kerkskeuring ten guste van kerkreformasie van binne die NG kerkverband.

Deur die Here se genade is daarin geslaag om ‘n groot aantal lidmate en gemeentes te oortuig om nie die NG Kerk te verlaat nie, maar om eerder saam te werk aan reformasie van binne. Gevolglik het daar ten spyte van moeilike omstandighede wat teweeg gebring is deur Covid-19, in ‘n relatiewe kort tydjie ongeveer 100 gemeentes dwarsoor die land gekies om binne die NG kerkverband te bly en hul getuienis te laat hoor deur amptelik te begin doleer (treur).

**KN se belydenis:** KN aanvaar die hele Bybel as die enigste heilige, onfeilbare Woord van God. Die leer wat Kairos Netwerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, staan uitgedruk in die Drie Formuliere van Eenheid: die Nederlandse Geloofsbelydenis die Heidelbergse Kategismus, en die Dordtse Leerreëls.

**KN se Doel:** KN beywer hom in die eerste plek vir radikale reformasie van die NG Kerk met al haar kerkverbande, maar dan ook reformasie van al die ander gereformeerde kerke. Hierdie reformasie moet sover moontlik van binne die kerke kom. KN se doel is nie om ‘n nuwe organisasie wat met en vanuit ‘n topstruktuur beheer word, te stig nie. KN wil eerder help om die behoudende Skrifgetroue lidmate en gemeentes van die NG kerk so te konsolideer en toe te rus dat die leiding op die pad van reformasie teruggegee word in die hande van die amptelike kerkvergaderinge van behoudende gemeentes.

**KN se Funksionering:** KN moedig die behoudende gemeentes aan om solank dit moontlik is, nie kerkskeuring te soek nie, maar reformasie. KN moedig dolerende gemeentes aan om steeds deel te bly van hul huidige ringe en sinodes om sodoende juis die kerklike strukture van binne te vernuwe. KN wil deur netwerke, werkgroepe, berade en konferensies gemeentes help om intussen ‘n familie van behoudende gemeentes tot stand te bring met die oog op die vorming van addisionele kerkverbande wat ‘n geestelike tuiste kan bied vir behoudende gemeentes. KN erken dat ons nog nie die finale antwoord het nie, maar tree vir tree in diepe afhanklikheid saam soek, en biddend wag op die leiding van die Heilige Gees. God se wil, die heil van die kerk en die eer van God staan vir KN voorop.

**KN se verhouding met die Algemene Sinode:** KN glo die Algemene Sinode in sy huidige formaat waar gemeentes geen regstreekse verteenwoordiging het nie, moet verdwyn.

**KN se verhouding met ander gereformeerde kerke:** Kairos Netwerk wil ook na ander Skrifgetroue kerkgenootskappe uitreik vir onderlinge steun en samewerking.

KN se oproep om reformasie te bevorder en om Skrifgetroue gemeentes te konsolideer het oor die hele land gespoel. ‘n Span toegewyde lidmate en leraars het onverpoosd agter die skerms gewerk om die bal aan die rol te hou. Lidmate is op hoogte gehou deur weeklikse nuusbriewe, vele briewe in die Kerkbode en openbare pers, asook ‘n KN-webtuiste. Die jaar 2021 was gekenmerk deur n reeks van 7 streekskonferensies wat op verskillende plekke in die land gehou was. KN het telkens leiding geneem in samewerking met die plaaslik gemeentes.

Op 21-22 Julie 2022 het KN geskiedenis gemaak met die reël van 'n groot byeenkoms in die Afriforum teater in Pretoria. Die byeenkoms het bekend gestaan as "***die Familiebyeenkoms van Skrifgetroue gereformeerde gemeentes***" (FGG). Dit is bygewoon deur 'n groot aantal NG-lidmate en -leraars asook lidmate en leraars uit verskeie ander gereformeerde kerke. Tydens die byeenkoms is skakelpersone vir elke streek aangewys om leiding te neem sodat behoudende gereformeerde kerke oor kerkgrense heen hande kan vat om saam te staan teen die insypeling van liberalisme in die kerke. KN se plan was van die begin af om geleidelik die leiding op die pad van reformasie oor te gee aan amptelike kerkvergaderinge van behoudende gemeentes. Die benoeming van FGG streekverteenwoordigers het ook gehelp om die veld gereed te maak vir die beplande amptelike Koinonia Sinode.

**Gesprekke met die Moderamen van die Algemene Sinode (ASM) 2020 tot 2023:** KN het sedert 2020 aanhoudend gepoog om sinvolle gesprekke met die ASM te voer op soek na oplossings vir die krisisse in die kerk. Slegs hulle beskik oor die mandaat om pro-aktiewe stappe te neem om kerkskeuring te voorkom, die on-Bybelse besluite te laat herroep, en saam te werk aan radikale reformasie.

Onnodig om te sê dat al KN se skriftelike voorleggings asook al die persoolike gesprekke met die ASM se Dagbestuur, op die einde heeltemal vrugteloos was. Die KN het tot baie onlangs nog skriftelik aan die ASM gevra of hulle bereid sou wees vir 'n proses van **mediasie** om 'n oplossing te probeer vind. Die ASM Dagbestuur het summier geweier, sonder om eers die brief aan die volle ASM vergadering voor te lê. KN het weer 'n opvolg brief geskrywe waarin ons aangedring het daarop dat die mediasie voorstel aan die hele ASM voorgelê word sodat die hele vergadering daaroor kan besluit.

**Koinonia Sinode (KS) op 3-4 Mei 2023 in Vanderbijlpark:** Die Here het die behoudende lidmate en gemeentes vanaf die Moreleta Beraad in 2020, gelei tot die totstandkoming van Kairos Netwerk, vandaar na sewe Streekkonferensies in 2021, die unieke Familiebyeenkoms (FGG) van 2022 tot by die nuutste hoogtepunt waara ons nou trek. Dit is inderdaad 'n belangrike historiese baken in die geskiedenis van die NG Kerk, naamlik die Koinonia Sinode (K'S). Dit bring ons nou by die langverwagte amptelike kerkvergadering van Skrifgetroue NG gemeentes met amptelike afvaardigings teenwoordig is. By dié sinode kan met die mandaat deur die gemeentes daartoe verleen, amptelike besluite geneem word om vir die behoudende gemeentes weer 'n regmatige en stem in die kerk te gee.

- Die naam en identiteit van Koinonia Sinode word bespreek in die volgende verslag oor die naam.
- Die doel en funksionering van Koinonia Sinode word bespreek in die verslag oor KS se Reglement.
- Die ordereëlings by KS word hanteer in die Reglement van Orde.

KN gee alle eer aan die Here vir sy seën en troue sorg die afgelope drie jaar ten spyte van venynige kritiek teen KN en vervolging van sy leiers. **Soli Deo Gloria.**

Verslag: Ds Theo Danzfuss

*************************************************************************************************

## 10.2 AANBEVELINGS

10.2.1 Die Sinode aanvaar met groot dank die inisiatief en leiding wat Kairos Netwerk die afgelope drie jaar geneem het in ons visie om kerkskeurings te vermy deur die NG Kerk van binne te reformeer.

10.2.2 Die Sinode spreek sy waardering uit vir Kairos Netwerk se positiewe benadering om die leiding in die proses van reformasie geleidelik oor te dra aan die amptelike kerkvergadering van Koinonia Sinode.

10.2.3 Die Sinode aanvaar verantwoordelikheid om as amptelike kerkvergadering hierdie proses van reformasie, sover dit binne sy vermoë is, voort te sit.

10.2.4 Die Sinode oorweeg dit tydens hantering van die Mediasie verslag ernstig om as amptelike kerkvergadering weer te poog om in mediasie met die ASM te gaan.

## 11 SAAM OP WEG NA REFORMASIE: WAAROM ‘KOINONIA SINODE’ (KS)?

### 11.1 VERSLAG

- Ten spyte daarvan dat Koinonia Sinode nie poog om bestaande sinodes te vervang of te dupliseer nie, hou die naam skynbaar vir sommige ‘n groot bedreiging in.
- Ten spyte daarvan dat die doel van Koinonia Sinode konsekwent gerig is op reformasie en teen kerkskeuring, word ons steeds van die teendeel beskuldig.
- Ten spyte van ons konsekwente standpunt dat die inbrekers moet loop, nie die inwoners nie, hoor ons gedurig uitsprake wat Koinonia Sinode melaats verklaar.

  Gemeentes, lidmate, kerkrade en leraars word gedreig dat leraars hul ampsbevoegdheid of pensioen- en mediese voordele, of selfs kerklidmaatskap gaan verbeur as hulle KS sou ondersteun. Dit vra vir nader verantwoording om misverstande uit die weg te ruim.

1. **<u>Wat bedoel ons met “Koinonia”</u>**?

   Die woord *koinonia* is baie bekend in alle christelike kerke. Dit kom van n Griekse woord wat dui op ware gemeenskap van gelowiges wat in Christus een is in liefde en in waarheid. Ongelukkig glo en bely alle gemeentes en lidmate in die NG Kerk nie meer dieselfde leerstellige waarheid nie. Daarom smag Skrifgetroue NG gemeentes wat nog dieselfde Bybelse leringe aanvaar na stewiger bande met gemeentes wat hul geesgenote is in die waarheid. Dit is presies wat Koinonia Sinode wil bevorder.

2. **<u>Wat bedoel ons met “Sinode”</u>**?

   Wie hou kopiereg op die woord sinode? Sekere sinodale agente maak asof die Algemene Sinode kopiereg het op die gebruik van die woord “sinode”. Volgens hulle mag slegs die Algemene Sinode besluit wie daardie naam mag gebruik en wie nie. Die Engelse *Collins COBUILD Advanced Learner’s Dictionary* sê: “*A synod is a special council of members of a Church, which meets regularly to discuss religious issues*”.

   Griekse herkoms: Net soos “koinonia” hou “sinode” ook verband met ‘n Griekse oorsprong. Die Griekse woord *syn-hodos* beteken om saam te loop, of op dieselfde pad te wees of saam op weg te wees. In die kerk dui dit dus op ‘n kerkvergadering waar ‘n groep gelowiges of gemeentes saam op weg is, en kies om op dieselfde pad

te loop. Dit is dus 'n baie goeie beskrywing vir ons vergadering van behoudende NG gemeentes wat saam op dieselfde pad wil loop.

Ons glo elke gemeente is "*ecclesia completa"*, dus volledige en selfstandige kerk. In elke plaaslike kerk is Christus die enigste Hoof. Niemand kan dus 'n gemeente belet om op kategoriale basis 'n samewerking met ander soortgelyke gemeentes te sluit nie.

Ons is nie getroud met die naam sinode nie. Indien iemand alleenreg daarop het of daardeur bedreig voel en dit met die nodige motivering duidelik aan ons kommunikeer, sou ons net so goed 'n ander naam kon oorweeg.

Regsadvies wat ingewin is bevestig dat niemand binne of buite die NG Kerk, alleenreg op die naam sinode (*syn-hodos*) het nie.

Koinonia Sinode (KS) hou geen bedreiging in vir bestaande sinodes nie en kan ook nie verwar word met bestaande sinodes nie. Ons kommunikeer gereeld na binne en na buite dat die KS nie bestaande sinodes wil vervang of dupliseer nie. KS is 'n eiesoortige kategoriale kerkvergadering wat gemeentes inspireer en toerus met die oog op reformasie van binne die NG Kerk. Hierdie reg is vas en onvervreembaar in die wet op vrye assosiasie.

- **Ook in die "Suid-Afrikaanse Handves van Godsdiensregte en Vryhede**" wat ingebind is by die NG Kerk se nuutste Kerkorde. (p 192). Sien ook die SA Grondwet.
- **Jeugsinodes.** Daar was 'n jare lange gebruik in die NG Kerk om jaarliks óor geografiese grense heen 'n "Jeugsinode" te reël. Dit het in alle opsigte verskil van alle ander sinodes, maar niemand het beswaar gemaak teen die naam "Jeugsinode" nie.
- **Die "Tussenorde**" wat in ons Kerkordeboek opgeneem is, moedig gemeentes aan om in verband te tree met alternatiewe sinodes van ander gereformeerde kerke selfs oor die sinodale grense heen. Dit skep 'n president wat die beginsel van ander soorte sinodes erken.
- **'n Oud moderator en kerkregkundige prof Nelus Niemandt bepleit ook kategoriale sinodes.** Die opsie van kategoriale sinodes oor bestaande sinodale grense heen rondom bepaalde geloofskwessies word bevestig in 'n artikel van prof Niemandt in die Kerkbode rondom hantering van Belhar Belydenis: "*'n Tweede opsie is die skep van 'n nuwe kategoriale sinode, wat, anders as die ander sinodes wat geografies saamgestel is, kan bestaan uit gemeentes wat Belhar onderskryf. Hulle bly binne die algemene sinode se verband, maar binne daardie kategoriale sinode, is Belhar dan deel van die bepalings van daardie sinode en die gemeentes ontwikkel 'n pad vorentoe."*

  ➔ Gemeentes het dus die vryheid en reg om ooreenkomste en/of kerkverbande met ander gemeentes te sluit met die oog op gemeenskaplike doelwitte.

**3. <u>Kenmerke van 'n gereformeerde sinode:</u>**

➔ **‘n Sinode is ‘n amptelike kerkvergadering** van ‘n aantal gemeentes wat kies om met die oog op bepaalde doelwitte, saam dieselfde pad te loop (*syn-hodos*). Hulle vergader op ‘n kerklike wyse om in ‘n heilige atmosfeer met ‘n oop gemoed te luister wat die Here se wil vir hul pad vorentoe is. **By so ‘n vergadering is daar dus geen plek vir**:

**...** vooraf gekonkel oor waar en hoe elkeen moet stem nie;
... drukgroepe wat besluite ten alle koste in hul eie guns wil deurdruk nie;
... godsdienstige, emosionele of sielkundige manipulasie tegnieke nie;
... wanordelike en onordelike vergaderingsprosedures nie;
... drukgroepe van buite met T-hempies en slagspreuke ens nie; en
... hande klap omdat jou standpunt geslaag het nie.

➔ **‘n Sinode is anders as ‘n parlement.** Die atmosfeer verskil radikaal. Hulle vra nie watter party wen nie, maar eerder: wat sê die Woord? Dit is nie die meeste stemme wat wen nie, maar die soek na die leiding van die Heilige Gees.

➔ **Teokraties, nie demokraties nie**. Dit is nie ‘n vergadering van lidmate nie, **maar van gemeentes** wat elkeen “*ecclesia completa”* is. Christus is die Hoof van elke gemeente en ook van elke sinode.

➔ **Geen oorheersing nie.** In die kerk is alle ampte gelyk en alle gemeentes gelyk. Dus mag ampte nie oor mekaar heers nie en groter gemeentes kry nie meer stemme as kleiner gemeentes nie. Kleiner gemeentes moet dieselfde getal kan afvaardig as groter gemeentes.

➔ **‘n Sinode met sy lede bestaan slegs vir die duur van die vergadering.** Hierteenoor bestaan ‘n kerkraad met sy lede voort ook tussen vergaderings deur. Nadat elke sinodale vergadering verby is, ontbind die sinode, die kerkraad ontbind nie na elke vergadering nie. Tussentydse taakspanne kan slegs aangewys word om noodsaaklike besluite deur te voer. Die volgende sinode is totaal ‘n nuwe vergadering met nuwe personeel. Daarom is daar bv. slegs ’n moderator solank die sinode in sitting is. ’n Kerkraad se voorsitter beklee daardie pos vir solank hy/sy daartoe verkies is. Elke kerkraadsvergadering behou die personeel van die vorige vergadering behalwe waar persone bedank of hul dienstyd verstreke is. Elke sinode se afgevaardigdes word nuut verkies.

➔ **‘n Sinode se agenda is beperk**: Slegs kerklike sake mag bespreek word en slegs op ‘n kerklike wyse. Die agenda word verder beperk deurdat dit nie sake hanteer wat op die terrein van mindere vergaderinge lê nie.

➔ **Nie hoër gesag nie, maar meerdere gesag.** ‘n Sinode is nie n hoër vergadering as ‘n kerkraad nie, maar wel ‘n meerdere vergadering.

➔ **Die sinode is nie kerk nie, maar ‘n kerkvergadering van kerke.** Elke plaaslike gemeente waar die Woord en sakramente bedien word onder toesig van die besondere ampte, is volledig kerk. ‘n Sinode is slegs ‘n vergadering van kerke. So kan ‘n sinode bv. nie die doop en nagmaal bedien nie.

**4.** **<u>Die unieke aard van ‘n sinode</u>**. (prof Willie Jonker)**.** *Die Kerkbode*, lxxxvii(12), 21 Maart 1961, 398/9. W. D. J.

*"Die onsigbare voorsitter van 'n sinode is die Heilige Gees (Hand. 15 : 28) wat deur middel van die Woord wat in die Heilige Skrif vervat is, spreek en leer en die gedagtes van die lede van die sinode verlig en lei."*
*Daarmee is meteens die wesens-verskil tussen 'n sinode en enige ander menslike vergadering aangeraak. 'n Sinode mag nooit gelykgestel word met die hoofbestuur van 'n vereniging wat per meerderheidsbesluit "die wil van die lede van die vereniging" tot uitdrukking moet laat kom nie. Allermins is 'n sinode vergelykbaar met 'n soort parlementêre byeenkoms waar op "demokratiese" vlak die wil van die volk deur middel van hulle afgevaardigdes tot gelding gebring moet word. Nee, want dit mag op 'n sinode juis nooit gaan om "die wil van die lede" nie, maar uitsluitend om één ding: die wil van God. Daarom moet 'n sinode steeds "oop" wees, oop na Bo. Hy moet onbelemmerd en eerlik soek na die leiding van die Heilige Gees wat teenwoordig is en beslis deur Gods Woord die sinodelede sal lei, as hulle daartoe gewillig is. Maar 'n sinode hou op om "sinode" te wees en word sommer 'n gewone, menslike vergadering, as nie die Woord van God nie, maar die wil van die lede daar die deurslag gee. (Waarmee nie gesê is dat die wil van die lede in bepaalde gevalle nie sodanig geheilig kan wees, dat dit saamval met wat gehoorsaamheid aan Gods Woord is nie. Dit moet die sinode egter biddend toets.)*
*'n Sinode is dus 'n samestroming van die ampte om onder die leiding van die Heilige Gees te soek na Gods wil vir Sy kerk, en 'n egte sinodale besluit moet nie lui: "Met meerderheidstem is besluit…" nie, maar moet sy gesag daaraan ontleen dat dit kan lui: "Die Heilige Gees en ons het besluit…" (Handelinge 15: 28). Die kenmerk van 'n goeie sinodale besluit is dat die sinode dit onbevrees aan die gemeentes aanbied met die uitnodiging om self ook maar in die lig van die Skrif die saak te oorweeg en – as dit nodig is – vanuit die Skrif die besluit te kritiseer. Die sinodelede moet dus met hulle beraadslaginge begin in die gewilligheid om nederig gehoor te gee aan wat die Gees vir die gemeentes wil sê.*
*Geen sinodelid moet, uit watter oorweging ook al, uitgaan van die standpunt dat sy saak moet seëvier nie. Oor wie? 'n Sinode moet veral versigtig wees om nie oor die Heilige Gees te seëvier nie. Met die woorde van Hollaz in gedagte, besef 'n mens met hoeveel biddende huiwering 'n sinodale saal betree moet word, kinderlik gewillig om God meer gehoorsaam te wees as alle mense tesame, om onsself te kruisig en die Heilige Gees te eer deur Hom toe te laat om Sy Saak te laat seëvier.* ***Dan is dit werklik "sinode".***

**5.** **<u>Konklusie</u>:** Die Koinonia Sinode is 'n kategoriale sinode is wat nie deur geografiese grense gedefinieer word nie, maar deur suiwer Skrifhantering en -interpretasie. Gemeentes en lidmate wat deel is van KS word uitdruklik aangemoedig om nie van bestaande meerdere vergaderings te onttrek nie, maar juis reformerend daar

teenwoordig te wees. Hulle kan dolerend of nie-dolerend wees en self besluit of en op watter wyse hulle wil doleer.

KS beywer hom nie vir kerkskeuring nie, maar vir kerkreformasie.

Die naam Koinonia Sinode is vir een of ander rede skynbaar ‘n groot bedreiging of verleentheid vir sommige in huidige sinodale poste.

Ons is nie noodwendig getroud met die naam nie. “***Koinonia Sinode***” is die naam wat vooraf gekies is vir die eerste amptelike vergadering van behoudende Skrifgetroue NG gemeentes. Dit staan hierdie vergadering vry om dit te heroorweeg, maar **daar is waarskynlik geen naam wat die wese en doel van hierdie kerkvergadering beter beskrywe as die naam “Koinonia Sinode” nie**.

Verslag: Ds Theo Danzfuss

****************************************************************************************************

## 11.2 AANBEVELINGS

11.2.1 Die vergadering besluit om op hierdie stadium by die naam Koinonia Sinode te bly.

11.2.2 Die vergadering respekteer die beginsels en kenmerke soos hierin beskrywe.

11.2.3 Die vergadering moedig gemeentes aan om hierdie verslag wyd te versprei om onnodige misverstande oor die Koinonia Sinode uit die weg te ruim.

# SAAM OP WEG: KERKREFORMASIE TERUG NA DIE BYBEL

## 12 SAAM OP WEG: REFORMASIE DEUR NG KERK-DOLEANSIE

### 12.1 VERSLAG

**Inleiding en doel van die verslag**

Besluite deur die Algemene Sinode (AS) 2019 het die Skrifgetroue geloofsgemeenskap van die NG Kerk wreed ontnugter en tot aksie laat oorgaan. Dit het gelei tot die Moreletapark Beraad (MPB), Februarie 2020, waar nege opsies oorweeg is. By die MPB is dit herhaaldelik gestel: *"Die doel van hierdie beraad is nie om die kerk verder te skeur nie, maar om saam te besin hoe om weer die ware eenheid van die kerk te herstel as eenheid in liefde en in waarheid".*

Een van die opsies wat aandag geniet het, was doleansie.

*Die doel van hierdie verslag is om aan te toon hoe die doleansieproses verloop het asook die bydrae wat dit wil lewer tot reformasie in die NG Kerk.*

Diè verslag fokus kortliks op die gebeure sedert die MPB tot by die konstituering van die Koinonia Sinode (KS). Dit gee 'n opsomming van feitelike inligting, asook dolerende- en behoudende gemeentes en individue se ervarings die afgelope 3 jaar.

**1. Waar kom doleansie vandaan?**

Dit het al dikwels in die kerkgeskiedenis gebeur dat die kerk van die Skrif wegdwaal. Die reformasie (Martin Luther) is gebore uit die roeping om die kerk terug te lei na die Here se Woord alleen. Maar selfs na die reformasie het die kerk telkens weer van die Woord weggedwaal. Dit het byvoorbeeld in die Nederlandse kerkgeskiedenis gebeur. Dit is waarom daar in 1886, onder leiding van Abraham Kuyper, 'n beweging in die kerk ontstaan het "om te treur" oor die toestand in die kerk. Hierdie beweging het as die "doleansie" bekend gestaan. Gemeentes wat gedoleer het (getreur het), het hande gevat om, as dolerende gemeentes, die kerk terug te roep na die Woord alleen[1].

**2. Besluit om te doleer**

Onder normale omstandighede word die weg van die indien van 'n gravamen, 'n beswaarskrif, 'n beskrywingspunt, of die verklaring van 'n leergeskil met die AS gevolg. Dit is gedoen, maar die gewensde resultate kon nie bereik word nie. Daarom is dit opgevolg met 'n ernstiger beroep op die AS deur doleansie. Die volgende inligting was met MPB-gangers gedeel.

[1] Abraham Kuyper: https://en.wikipedia.org/wiki/Abraham_Kuyper

| **Implikasie van sekere doleansie aksies** | **Kommentaar** |
|---|---|
| Treur oor toestand in die kerk. Dit kan baie vorme aanneem | Dit is ‘n tydelike maatreël om die sinode te oortuig om besluite te wysig of probleme aan te spreek |
| Bly in NG Kerk, maar onttrek deelname aan sekere vergaderings/aktiwiteite ens. veral die wat deur liberale leraars gelei word... | Resultaat: Dit kan lei tot kerkskeuring .. indien die kerk aanhoudend weier om te bekeer |
| Weerhou dankoffer bydraes vir sinodale werk. | Dit kan ander kerklike werk laat skade lei<br>Dit kan positiewe of negatiewe optrede wek. |
| Daar is geen kerkordelike riglyne vir doleansie nie. | Elke gemeente besluit self hoe om te treur oor die toestand van die kerk |
| Vorm van protes.. met oog op reformasie | Dit kan die kerk dwing tot optrede, maar soms nie uit innerlike oortuiging nie. |

Die doleansiebeweging het ‘n duidelike boodskap uitgedra: ‘Ons is hartseer oor liberale besluite van die AS. Ons wens en gebed is dat die AS tot inkeer sal kom. Ons vra dat die on-Skriftuurlike besluite hersien word’.

3. **Wat het daarna gebeur?**

Twee en twintig gemeentes het die ‘skrif aan die muur’ gesien en het reeds voor die MPB besluit om te doleer. ‘n Verdere 73 het sover bekend, daarna gevolg tot November 2022[2]. Ten minste vyftien gemeentes het in die periode ook verklarings en beswaarskrifte uitgereik met dieselfde strekking. Daar is nie formeel rekord gehou van groepe en individue wat doleer het nie.

Kairos Netwerk (KN) het onstaan uit die MPB en het daarna saam met diè wat die Beraad bygewoon het, begin om gemeentes en lidmate in te lig. Gereelde nuusberigte oor die vordering met doleansie en om behoudende gemeentes en lidmate te bemoedig, is uitgestuur. Talle vrae en struikelblokke het na vore gekom en KN het deurlopend gemeentes en lidmate op versoek bygestaan. ‘n Doleerhandleiding is ook beskikbaar gestel op KN se webwerf met riglyne en om herhalende vrae te beantwoord[3].

Ten spyte daarvan dat die AS 2019-besluit rakende selfdegeslagverhoudinge (sgv’e) daarvoor voorsiening maak dat kerkrade self daaroor kan besluit, is daar vanuit die AS-kantoor gekies om slegs eensydige pro-sgv’e kommunikasies na gemeentes deur te gee asook om ‘n negatiewe beeld van KN en die doleansie te probeer vestig.

[2] Lys van Dolerende Gemeentes en hulle Verklarings: https://kairosnetwerk.net/dolerendes/
[3] Doleerverwante inligting: https://kairosnetwerk.net/dolering/

Die Kerkbode het grootliks hierdie benadering met beriggewing ondersteun. In die lig van diè inligtingembargo vanuit amptelike NG kerk kanale, het die sosiale media ‘n belangrike bydrae begin maak om waarheidsinligting bekend te maak. Talle *WhatsApp*-groepe het landswyd en oor gemeente- en denominasiegrense ontstaan. COVID 19, sedert Maart 2020, het ook ‘n beduidende bydrae gelewer dat kommunikasie elektronies en deur middel van sosiale media plaasgevind het.

Aanvanklik was veral sommige leraars en kerkrade onseker oor die implikasies van doleansie vir die leraar en die gemeente. Dit het ook in sommige gevalle doleansie vertraag en/of selfs tot stilstand gebring.


Verskeie konferensies gedurende 2021-22 op streeks- en plaaslike vlak en besoeke aan kerkrade waar gesprekvoering met kundiges moontlik was, het verder ‘n groot bydrae gemaak om vrae oor doleansie te beantwoord en vrese te besweer.

Weerhouding van sinodale bydraes deur sommige dolerende gemeentes het gemengde reaksie tot gevolg gehad. ‘Dreigbriewe’ is ontvang van sinodale kantore waarin gewaarsku is dat gemeentes hulle deelnemende regte kan verloor, dat dit kan lei tot skeuring en selfs dat gemeentes die risiko loop om geboue te verloor. Daar was ook dreigemente en gevolglike vrese dat leraars legitimasie-, pensioen- en mediese voordele kan verloor. Dit is deur kundige kerkregtelikes wat deur KN geraadpleeg is, bevestig as onwaar en ongeldig.

Gemeentes wat nie noodsaaklike dienste wou benadeel deur die terughouding van hulle sinodale bydraes nie, het begin om van hulle bydraes direk aan verdienstelike instansies van hulle keuse oor te betaal.

Enkele dolerende gemeentes het besoeke van afgevaardigdes van ringe asook die moderamens ontvang as deel van ‘broederlike’ gesprekke. Dit was meestal nie positief beleef nie.

Besluite van kerkrade om nie te doleer nie, het soms daartoe gelei dat lidmate as individue of as groepe doleer. Die grootste groep lidmate wat as groep binne ‘n makro gemeente doleer het, was ‘n groep van 95. Gesinne en individue wat sterk




gevoel het oor die saak, het mettertyd hulle weg gevind na dolerende gemeentes of na ander Skrifgetroue denominasies. Veral ouer lidmate wat nie kans gesien het om

van gemeente te verander nie of wat geografies baie vèr was van ‘n gemeente waar hulle tuis voel, moes noodgedwonge op een of ander wyse vrede maak met die kerkraad se besluit.

**Opsommend**: Die AS se besluite en die doleansiebeweging wat daarop gevolg het, het te midde van baie struikelblokke ‘n ongekende nuwe dinamika in die NG Kerk losgemaak. Die vraag kan met reg gevra word, het doleansie ‘n bydrae gemaak tot reformasie in die NG Kerk?

## 5. Bydrae tot reformasie

Vir die meeste gemeentes se leraars, kerkrade en lidmate is doleansie ‘n vreemde proses om te deurloop. Dit is duidelik dat om te protesteer, nie deel is van die gene van die meeste NG lidmate nie. Oor die algemeen vertrou lidmate hulle leraar en verwag dat die Woord suiwer verkondig sal word. Baie lidmate het nie besef dat daar ‘n beduidende verskuiwing in die verstaan en gesag van die Skrif ontstaan het nie.

Die proses van doleansie het egter ‘n bewuswording gebring van die gevorderde afvalligheid en liberale denke wat posgevat het in die NG Kerk. Dit was en is steeds ‘n pynlike proses van selfondersoek, gesprekvoering en in baie gevalle stryd. Die vraag waarmee baie worstel is: “As die fondamente ondermyn word, wat kan die regverdige daaraan doen?” Ps. 11:3

‘n Uittreksel uit ‘n **Verklaring deur besorgde leraars en Kerkrade** in die Kerkbode van 7 November 2019, verwoord dit soos volg:

*“Ons beleef diep ontsteltenis oor wat nou in ons kerk gebeur. Die werk wat deur vroom voorgeslagte, soos Andrew Murray oor eeue opgebou is, word nou in ons leeftyd voor ons oë afgebreek. Die sout, waarmee ons invloed eens tot diep in Afrika en nog verder gestrek het, het nou laf geword en is vir niks meer werd as om op die pad gegooi te word, waar mense daarop kan trap nie. Ons wil nie deel wees van ‘n afvallige kerk nie, maar waar sal ons heengaan? Ek het gedink: ag, as ek maar vlerke soos 'n duif gehad het, sou ek wegvlieg en 'n woonplek soek” (Ps 55:6)*[4]

Nog nooit vantevore in die geskiedenis het enkele on-Skriftuurlike besluite soos die AS 2015- en 2019 besluite rakende sgv’e, die NGK se liberale geestelike leiers en teologiese opleidingsinstellings so ontmasker as ondermyners van die fondamente wat betref Skrifgetrouheid, die belydenisskrifte en kerkregtelike prosesse nie.

Nog nooit in die geskiedenis van die NGK het soveel gemeentes en lidmate eenstemmigheid bereik oor die onaanvaarbaarheid van besluite en die optrede van die AS nie.

Nog nooit vantevore is 'Stalingrad'-tegnieke van versuim, verhoed, verdraai, vergeet en vertraag so knaend deur liberale kerkleiers ingespan om die Woord van die waarheid wat die reguit pad aandui, te weerstaan nie.

[4] Verklaring deur besorgde leraars en Kerkrade: https://kerkbode.christians.co.za/2019/11/07/verklaring-deur-besorgde-leraars-van-die-ng-kerk-in-namibie-en-suid-afrika/

Die proses van doleansie bring ware en nuwe eenheid onder lidmate en gemeentes wat dieselfde Skrifbeskouing het met die besef dat volharding nodig is om op te staan vir die waarheid met die besef: 'Die gemeente is die draer en beskermer van die waarheid.' 1 Tim.3:15b

Die on-Skriftuurlike humanistiese redenasies wat sommige leraars volg om die besluit te verdedig, kan direk herlei word na hulle teologiese opleiding. Dit het mettertyd 'n al hoe groter fokus op kuratoriums geplaas wat, ten spyte van oorweldigende getuienis wat aan hulle voorsien is, bly ontken dat on-Skriftuurlike lering plaasvind. Skrifgetroue leraars en dolerende gemeentes het daarom begin uitreik na behoudende studente nadat verhale van viktimisering bekend geraak het. Dit het mettertyd duidelik geword dat ander alternatiewe tot die bestaande teologiese opleiding oorweeg moet word.

Getuienis geleenthede deur leraars van dolerende gemeentes op rings- en sinodale vlak het daartoe bygedra om oningeligtes in te lig oor die waarheid en die erns van die situasie.

Dit moet ook vermeld word dat die AS-besluite wat gemeentes gedwing het om of die kerk te skeur of te doleer verharding en verdeeldheid gebring het tussen die voor- en teenstanders van die AS 2019-besluit. Die effek van die Woord as tweesnydende swaard word sigbaar beleef.

Daar is verder ook 'n groot middelgrondgroep leraars en lidmate wat vanweë verskeie redes, dikwels agv hulle persoonlike situasie, nie betrokke wou raak by die AS-besluit en doleansie nie. Daar is bloot voortgegaan soos in die verlede sonder om die saak aan te spreek en/of dit is afgemaak as onbelangrik en 'n randsaak. Dit het ook aan die lig gekom dat 'n belangrike oorweging tot nie-betrokkenheid, die rol van gay-lidmate en/of hulle families is. 'n Ander oorweging op daardie stadium was die onsekerheid van die uitkoms van doleansie. Dolering kan nie vir 'n onbepaalde tyd en tye voortgaan nie. Dolering moet uiteindelik lei tot 'n daadwerklike terugkeer na die suiwer verstaan van die Woord en die gereformeerde belydenisskrifte in die NGK en al sy strukture. Bewus daarvan dat die Here self die Hoof van sy kerk is en dat Hy daaroor besluit en beskik, sal behoudendes biddend moet soek na sý wil vir die pad vorentoe.

Die NG Kerk se geskiedenis van doleansie is waarskynlik nog te kort om die bydrae tot reformasie te bepaal. Die blote feit dat so 'n proses plaasvind, het bande met ander denominasies wat dieselfde stryd beleef om Skrifgetrou te wees, nader aanmekaar gebring. Die Familiebyeenkoms van Gereformeerde Gemeentes (FGG), 22-23 Julie 2022, is 'n voorbeeld daarvan asook die Koinonia Sinode 3-4 Mei 2023.

*Dankbetuiging**:** Met dank aan 'Glo die Bybel' vir die volgehoue rekordhouding van dolerende gemeentes en verwante inligting.*

Verslag: Gerrie van Niekerk

*************************************************************************************************

## 12.2 AANBEVELINGS

12.2.1 Die Sinode neem kennis van die verslag: *Dolerende Gemeentes en Groepe in die NG Kerk*. Die Sinode respekteer elke gemeente se se unieke omstandighede en verwag nie van enige gemeente om te doleer of nie te doleer nie.

12.2.2 Die Sinode wil alle gemeentes wat biddend besluit het om hul stem van protes te laat hoor deur oor te gaan tot doleansie, verseker van die Sinode se begrip vir die moeilike besluite wat hulle moes neem en ook van die Sinode se lojale ondersteuning waar en wanneer hulle dit benodig.

12.2.3 Die Sinode spreek sy opregte dank en waardering uit teenoor alle Skrifgetroue dolerende en nie-dolerende NG gemeentes wat vas staan in die besluit om nie die kerk te skeur nie, maar hulle te beywer vir kerkreformasie van binne.

12.2.4 Die Sinode versoek die KSDG om toe te sien dat, desnoods met die hulp van Kairos Netwerk en die Familie van Gereformeerde Gemeentes, vir die afsienbare toekoms by wyse van 'n ondersoek en aanbevelings van 'n taakspan, hulp te verleen met die pastorale versorging van dolerende en ander behoudende lidmate.

# 13 SAAM OP WEG NA REFORMASIE. HOE HET ONS HIER GEKOM? ...DEUR DIE BRIL VAN N SKRIFGETROUE LIDMAAT

## 13.1 VERSLAG

*(Die bedoeling met hierdie skrywe is om nagevorste, geselekteerde inligting voor te lê. Die bedoeling is beslis nie om konflik in die NG Kerk aan te blaas nie, maar om die aanslag op ons gereformeerde tradisie te konfronteer, sodat die leser self na eie oortuiging kan besluit. Daar word geen aanspraak op volledigheid gemaak nie.)*

Wat is kortliks ons gereformeerde tradisie? Die Bybel dra gesag omdat God daardeur aan die woord kom. Die Nederlandse Geloofsbelydenis bely in artikel 5: “Ons aanvaar al hierdie (Bybelse) boeke, en hulle alleen, as heilig en kanoniek om ons geloof daarna te rig, daarop te grondves en daarmee te bevestig.” Artikel 7 herhaal: “Ons glo dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkome bevat.”

Die oor en weer beskuldigings van Bybelse “vasgelooptheid” binne die NG Kerk, (hierna die kerk) is nie 'n 2019-Algemene Sinode-ontdekking nie, maar smeul reeds vir meer as twee dekades. Reeds sedert die stigting van die “Nuwe Hervorming”-organisasie in 2002, het al hoe meer verkose leiers in die kerk, asook staatsaangestelde dosente en professore by teologiese fakulteite, daarby aanklank gevind. Dit is 'n liberale, postmoderne benadering tot die Bybelse teks, waar dit wat wetenskaplik bewys kan word, aanvaarbaar is en dat die Skrif nie meer dieselfde goddelike gesag vir die moderne mens dra nie. Uit hierdie kritiese teologie, het 'n “nuwe” godsdiens lynreg teenoor die suiwer evangelie binne die kerk te staan gekom. Vandaar die “vasgelooptheid.”

Daar bestaan meningsverskil oor die beginpunt hiervan, dog dr. Ben du Toit is sonder vrees vir teenspraak, een van die teoloë wat die suiwer gereformeerde evangelie van binne die kerk enduit die meeste skade berokken het. Reeds in 2000 publiseer hy die boek “God? Geloof in 'n postmoderne tyd,” waarin hy onder andere

die volgende stellings maak:

Die Bybel is nie die Woord van God nie, maar woorde oor God en deurdrenk met al die gebrekkige en foutiewe sienings wat die mense van die pre-moderne tyd gehad het. Jesus self het ook hierdie gebrekkige en foutiewe verstaan van sekere dinge gehad, omdat hy ook maar net in die pre-moderne tyd op aarde geleef het. Jesus se Godheid word nêrens pertinent gestel nie. Jesus se wonderwerke was nie noodwendig wonderwerke nie. Jesus se geboorte was nie noodwendig maagdelik nie en daar kan ook net ‘n “sogenaamde” wederkoms van Christus wees. Die Bose se oorsprong lê slegs in die mens self en hy (Satan) is nie ’n wese van een of ander aard nie.

Die ironie is dat, terwyl Du Toit by die gewone lidmaat vir hierdie evangeliese versnippering die brandstapel verdien het, hy egter in 2001 deur mede-akademici met die Andrew Murrayprys vir sy boek vereer is. (Hierdie toekenning het die angel uit opponerende teologiese debat, asook sy 2005-tugondersoek gehaal.)

Meer as dit. Hy is tot kroonprins verhef, sy siening van ‘n diverse ruimteskeppende kerk in ‘n sinodebesluit verewig, terwyl hy oor etlike jare heen in uiters strategiese poste in die kerk aangestel is, soos byvoorbeeld as voorsitter van die Algemene Sinodale kommissie vir Leer en Aktuele Sake. Gesien teen bogenoemde publikasie, sou sy invloed in die kerk se leierskringe onmeetbaar wees. Hieroor skryf professor Hoffie Hofmeyr in Maart 2021: “Vanuit die NG Sinode van die Suid- en Wes-Kaap, was Ben feitlik met die hand uitgesoek vir senior sinodale posisies. Vir byna twee dekades was hy in posisies waar oor Skrifgesag en Skrifinterpretasie strategies belangrike besluite in die NG Kerk geneem is.” Du Toit was ook die kerk se parlementêre verteenwoordiger, en hoof van kommunikasie…die stem van die kerk.

Volgens sy eie getuienis op die televisieprogram “Prontuit” in Augustus 2022, skryf hy gedurende hierdie tyd meer boeke, artikels en verslae as enige ander teoloog van sy tyd. Professor Amie van Wyk bevestig dit in sy artikel: “Onhaalbaar om Godvry te leef”: “As ’n mens al Ben se boeke lees, asook sy voorleggings aan kerklike sinodes en instansies, dan is die pad van groeiende ongeloof duidelik te bespeur. Maar in die ‘groot tent’-siening van die NG Kerk, het sy groeiende ongeloof egter nie juis saak gemaak nie, want almal moes kon inpas onder die al groter wordende tentseile.”

Onder die dekmantel van hierdie postmoderne diversiteit, het ander bydraes spoedig gevolg. In 2003 het professor Julian Müller sy oortuiging uitgespreek dat die opstandingsgeskiedenis in die vier Evangelies ‘n “sterk legendariese karakter” het en dat dit nie regtig van wesenlike belang is of Jesus “letterlik” of “metafories” uit die dood opgestaan het nie. Later in 2003, het hy die liggaamlike opstanding van Jesus openlik betwyfel. In aansluiting hierby, was professor Daniël Veldsman se verklaring vir die leë graf, dat Jesus se dissipels sy liggaam gesteel het. Hy ondersteun dus die Romeinse soldate se verskoning vir die verdwyning van die liggaam.

Ook in 2003, het professor Jurie le Roux tydens ‘n seminaar by Unisa, nog ‘n teoloog, professor Andries van Aarde, se boek “Fatherless in Galilee”, as ‘n hoogtepunt in die Suid-Afrikaanse Bybelwetenskap geprys. In hierdie werk word beweer dat Jesus nooit maagdelik verwek is nie en dat Hy oor ‘n vaderfiguur gefantaseer het, waarna God sy “vader” geword het. Uitgerekte debatte oor hierdie nuwe “godsdiens” het in die media voortgewoed. Dit het reeds in September 2003, tydens die Sinode van Noord-Transvaal (nou Noordelike Sinode) weerklank gevind, toe die Sinode geen “kategoriese uitspraak wou lewer oor die maagdelike geboorte of Jesus se liggaamlike opstanding nie.”

Dit eindig egter nie hier nie. In Augustus 2006 vra Ben du Toit in “Kerkbode” of ons almal maar dieselfde God aanbid, dog antwoord nie pertinent dat daar slegs een drie-enige God bestaan nie. Met die saad van onsekerheid oor die werklikheid van God gesaai, volg dit logies dat ook die bestaan van Satan hersien sou word, wat die Algemene Sinode (AS hierna) in 2011 inderdaad gedoen het: “Daar is ruimte vir lidmate wat aan die werklike en persoonlike aard van die duiwel en demone glo, en daar is ruimte vir lidmate wat die Bybelse spreke oor die bose en duiwels anders interpreteer.”

Hoe anders? Wat sê die Bybel? Dit is wel so dat Satan nie **in** die weergebore Christen kan bestaan nie. (Die verlore sondaar wat uit genade deur God **uitverkies** en tot geloof in sy Seun **getrek** is, word ‘n **nuwe** skepsel en deur die Heilige Gees **vervul**, waar Satan nie bestaansreg het nie.) Die Bybel is egter ewe duidelik oor Satan se **eksterne** aanslag op elke gelowige, byvoorbeeld in Efesiërs 6:11-13: “Trek die volle wapenrusting aan wat God gee” teen “die listige aanslae van die duiwel.” “Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees (demone) wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug.” Daarom ook dat Christus veel meer oor die hel (die Gehenna) as oor die hemel gepraat het. In 1 Petrus 5:8 word bevestig: “Julle vyand, die duiwel, loop rond soos ‘n brullende leeu op soek na iemand om te verslind.” Behalwe elke individu, is sy bedrieglikste aanslag teen die binnekring van die kerk gemik, wat na 2011 in “gekamoefleerde” felheid toegeneem het.

As die bestaan van Satan en sy meeloper-demone na keuse uitgeskryf kan word, word in werklikheid ‘n nuwe dogma gebore, naamlik dat Jahwe die God van volmaakte liefde is en nie as onsimpatieke regter sal oordeel, straf en na die hel verdoem nie. Richard Niebuhr beskryf hierdie nuwe soort vry en algemeen toeganklike valse godsdiens soos volg: “A God without wrath bringing men with sin into a kingdom without judgement through the ministrations of a Christ without a cross.”

Natuurlik was daar teoloë wat probeer walgooi het. In Februarie 2009, waarsku professor Adrio König in sy boek “Die evangelie is op die spel”, dat indien Christus se opstanding ontken word, valse godsdiens die noodwendige gevolg is. Die debat wat hierop in die media gevoer is, het heelwat kritiek op sy boek uitgelok, met die felste daarvan komende van die fakulteit teologie, aan die Universiteit van Pretoria. In 2013 is Du Toit weer by sy ring aangekla omdat hy sy legitimasie-eed verbreek

het deur te verklaar dat die duiwel nie bestaan nie, dog hy is vrygespreek, aangesien die AS-besluit van 2011, waarin hy ‘n deurslaggewende rol gespeel het, juis hiervoor voorsiening maak.

Toe dit veels te laat was, het Du Toit uiteindelik op 5 Julie 2018, die eerbare weg gevolg en vrywilliglik afstand van sy amp en bevoegdheid as predikant gedoen. Ook net betyds, aangesien nog twee van sy publikasies hierna sy duidelike verwerping van die evangelie van Christus bevestig het. In sy boek, “God: Is daar ‘n ander antwoord” (30 Oktober 2020), verklaar hy homself ‘n post-teïs en dat God bloot in mense se koppe geskep is, met ander woorde, die oermens het ontstaan vóór God uitgedink is. Sodoende verwerp hy dus ook die skeppingsgeskiedenis ten gunste van die evolusieleer. Teoloog, G.K. Chesterton, neutraliseer hierdie evolusiesiening met gemak en verdedig die geldigheid van Genesis 1-3 soos volg: “It is absurd for the Evolutionist to complain that it is unthinkable for an admittedly unthinkable God to make everything out of nothing, and then pretend that it is **more** thinkable that nothing should turn itself into everything…”

In ‘n opvolgartikel, “Die mens: Antwoord en ook skepper” (15 Nov 2020), bevestig Du Toit finaal sy ongeloof: “Vir my dui die begrip post-teïsties op ’n definitiewe afskeid van enige geloof in ’n transendente, metafisiese ‘wêreld’ of bestaan waarin bonatuurlike magte en kragte sou wees wat die botoon voer en hulle laat geld ten opsigte van die wel en weë van die mensdom en die heelal.” Die taal van die ateïs, dog tragies genoeg, ook die taal van ‘n erkende en invloedryke leier van die kerk.

Dr. Bernhard Ficker vra daarom tereg met kommer in “Kerkbode” van 22 Junie 2021, hoeveel Ben du Toit’s daar nog in die NG Kerk is. Ander het ook geval. In die onlangse verlede, het ‘n predikant sy geloof in die drie-enige God in die openbaar afgesweer. Hy het sy gemeentes om verskoning gevra dat hy hulle vir so lank “mislei” het, homself tot ateïs verklaar en bevestig: “Nou is ek oplaas verlos van God.”

Hoekom het Du Toit nie reeds in 2000, toe hy ‘n totaal nuwe godsdiens die kerk binnegedra en twyfel en verwarring gesaai het, saam met sy teologiese meelopers die kerk verlaat nie? (Professor Sakkie Spangenberg het dit gedoen.) Die omvang van hulle aandeel in die opoffering van die kerk se gereformeerde identiteit in ruil vir die “ruim huis teologiese diversiteit,” is onberekenbaar. Watter verweer sou hulle hê teen Paulus se sterk uitspraak in Galasiërs 1:8-9? “Maar al sou een van ons of **selfs ‘n engel uit die hemel**…aan julle ‘n evangelie verkondig wat in stryd is met die evangelie wat julle ontvang het – die vloek van God sal hom tref!”

Watter teologiese leierskap sal deur die toekoms opgelewer word? Te oordeel aan die kurrikulumtransformasie wat professor Jerry Pillay, dekaan van die fakulteit van teologie aan die Universiteit van Pretoria op 18 Augustus 2021 verklaar het, sal die “ruim huis” se tentseile veel verder moet strek: “We are consciously giving more attention to black theology, African Christian theology, liberation theology, feminist theology, womanist theology, urban theology, etc.” In sy toespraak het hy nie een keer na die drie-enige God verwys nie, dog die klem op sy department se strewe

laat val om alle godsdienste inklusief te akkommodeer, wat nie werklik ‘n nuwe standpunt was nie. Professor Daniël Veldsman het reeds in Augustus 2012, oor ’n eie Christelike universiteit gesê dat dit niks anders is as ’n “laertrek-mentaliteit” nie, as Christene hulle op dié manier wil afsonder.

By Stellenbosch is daar 10 dosente wat by die fakulteit teologie doseer. Hulle is almal lid van die dosenteraad van die kerk se kuratorium. Hulle is ook almal geordende leraars van die kerk en tans gekoppel aan gemeentes. Die uitsprake wat sommige van hierdie dosente maak, sal nie alleen hul studente ontstel nie, maar ook gewone lidmate wat in die media daaraan blootgestel word. As voorbeeld word die volgende genoem:

In sy artikel, “Problematising the Divinity of Jesus: Why Jesus Is Not θεός (God) in 2019, bevraagteken dr. Peter Nagel openlik die Godheid van Jesus. Op grond van verskeie klagtes hieroor, het die kuratorium hom uiteindelik verhoor, skuldig bevind en Nagel se ampsbevoegdheid vanaf September 2022, vir ’n jaar opgeskort en hy is verbied om van die kansel af te preek. Moderator, ds. Nelis Janse van Rensburg, het egter bevestig dat die Universiteit van Stellenbosch Nagel se werkgewer is en dat die kerk dus nie sy dienste as dosent kan beëindig nie.

Hierteen het die Kairos Netwerk (meer hieroor later) hewig beswaar gemaak: “As ’n dosent wat predikante moet oplei, openlik die Godheid van Jesus ontken, oortree hy nie maar net sy legitimasie-eed nie, hy verwerp die hart van die evangelie en die fondament van al die Christelike kerke van meer as tweeduisend jaar. Dit is tog sinneloos om vir ’n dosent te sê jy mag nie meer Sondae preek nie, want jy verkondig dwaalleer, maar jy kan steeds elke dag van die week klas gee vir die kerk se voornemende predikante. Daar is dosente met ernstige teologiese dwalinge wat steeds toegelaat word om ons toekomstige predikante op te lei.”

Hierdie lang pad van “ruim huis”-aanvaarding van enige en alle postmoderne afwykings van Skrifuitleg, wat in die huidige “vasgelooptheid” uitloop, is duidelik deur die leierskap van die kerk gebaan, waar oor twee dekades heen niemand, soos Nagel tans, tydens ‘n tugondersoek skuldig bevind is nie. Mettertyd het behoudende predikante dwaalleerstellings wel vanaf openbare hoogtes begin repudieer. Die stilswye van ander kerkleiers, om watter redes ookal, het vir sommige lidmate bloot die aanvaarding van “nuwe” denkrigtings en belydenis in die kerk geïmpliseer. In die verwarring, het ander se geloof verkoel en dié wat totaal ontnugter is, het die kerk verlaat.

Om watter redes ookal, die statistiek bevestig dat toenemende getalle lidmate hulself net nie meer gebonde aan die kerk beskou nie. Volgens syfers in die kerk se jaarboeke, was daar in 2000 altesame 919,790 belydende lidmate. In 2010 was daar 857,205 en begin 2019 was dié syfer 691,050. Dit beteken dat meer as 200,000 belydende lidmate in minder as 20 jaar, die kerk verlaat het. Die kerk het verder vanaf Februarie 2015 tot Maart 2019, 200 predikante in vaste poste by gemeentes verloor. Dit is ’n afname van 50 predikante per jaar, of nagenoeg een per week.

Al bogenoemde is onteenseglik die rede waarom behoudende, streng gereformeerde teoloë, in verweer die Kairos Netwerk gestig het waarby meer as 90 dolerende, belydenisgetroue gemeentes en ‘n aansienlike aantal lidmate van oor die hele land heen, reeds aangesluit het. Dit verteenwoordig die grootste historiese verset teen die leierskap van die NG Kerk ooit. Hieroor lewer niemand anders nie as dr. Ben du Toit, in ‘n onderhoud met Jean Oosthuizen op 8 Desember 2021, die volgende totaal verbysterende uitspraak: **“Ek het geweldig baie simpatie met die dolerende gemeentes. Eintlik is hulle reg. Hulle het nie bygehou by die liberale deel van die kerk waarvan ek deel was nie…maar hulle is die eerlikste.”**

Ander denominasies soos die Gereformeerde Kerk, die Afrikaanse Protestantse Kerk, die Geloofsbond van Hervormde Kerke en die Vrye Gereformeerde Kerk het reeds na die Kairos Netwerk uitgereik, terwyl beloftes van steun en samewerking ook reeds van die “Alliance of Reformed Churches in America” ontvang is.

Dit bring ons by die **gay kwessie** wat tot veel groter “vasgelooptheid” gelei het. Die 1986-AS van die kerk het besluit: “homoseksualiteit is in die lig van die Skrif ’n afwykende vorm van seksualiteit. Homoseksuele praktyke en ’n homoseksuele verhouding moet afgewys word as in stryd met die wil van God, soos in die Heilige Skrif geopenbaar”. In 1 Tessalonisense 4 vers 8 waarsku Paulus: “Wie hierdie voorskrifte verwerp, verwerp dus nie maar net ‘n mens nie, hy verwerp God...” terwyl hulle wat “dit goed vind as ander dit doen,” (Romeine 1:32) ewe skuldig voor God staan. Vir streng gereformeerde lidmate kan geen jota of tittel hiervan ooit verander nie en hulle staan steeds daarby.

Hierna het gay-ondersteuners van een Sinode na die ander, onsuksesvol met ‘n aanslag begin om alle Bybelse uitsprake teen homoseksualisme en selfdegeslagverbintenisse, as nie meer bindend nie te verklaar. Vir behoudende lidmate was dit niks anders nie as ‘n skaamtelose, gay poging om hul eie seksuele vergrype te probeer regverdig, wat noodwendig tot direkte botsing binne die kerk sou en steeds lei.

Toe kom professor Nelus Niemandt, algemene moderator van die kerk, se 2015-uitspraak: “Dit het tyd geword dat gay NG predikante nie meer gedwing word om selibaat te wees nie en dat gay paartjies se huwelik met die volle seën van die Kerk voltrek word.” Hy het verder bygevoeg: “My hoop is dat die lesbiese, gay, biseksuele en transseksuele (oriëntasie) binne die Kerk genormaliseer sal word”.

Uit hierdie waterskeiding-verklaring het dringende vrae ontstaan:

1. Volgens watter artikel van die Kerkorde het hy die reg gehad om sinodebesluite van bykans dertig jaar, eensydig in die openbaar te repudieer?
2. Volgens watter Skrifgedeeltes het hy dit namens al die lidmate van die kerk gedoen, dog sonder enige konsultasie met hulle óf met inagneming van die verdeeldheid wat sou volg?

3. Hoekom beoordeel hy selfdegeslagseks in sy uitspraak anders as owerspel, prostitusie en bloedskande, aangesien hierdie gedrag telkens saam met eersgenoemde afgekeur word?
4. Het hy sy vriend Ben du Toit se voorbeeld gevolg? As die kerk se parlementêre verteenwoordiger, het laasgenoemde in Oktober 2006, sonder sinodale toestemming, in ‘n skriftelike voorlegging aan die parlement, aanbeveel dat homoseksuele huwelike namens die kerk gewettig word.
5. Of het Niemandt vir homself dieselfde magte toegeëien as dié wat die Pous van die Rooms Katolieke Kerk geniet, deur dekrete uit te vaardig? Ironies genoeg gee die Pous die teenoorgestelde leiding aan sy kerk: “The Roman Catholic Church cannot bless same-sex marriages, no matter how stable or positive the couples’ relationships are…marriage should be limited to a union between a man and a woman…same-sex unions involve sexual activity outside of marriage…the Vatican does not and cannot bless sin.”
6. Het hy dit gedoen om die guns van ‘n minderheidsgroep in die kerk te wen, die groter wêreldmening te paai en ander te oortuig om sy voorbeeld te volg?

Niemandt se leiding is inderdaad dadelik op hoë akademiese vlak gevolg. Die Kuratorium van die Stellenbosch kweekskool het later in 2015 ‘n besprekingspunt by die AS ingedien dat die selibate eis vir gay predikante in die kerk geskrap word, wat hulle dus sou toelaat om onnatuurlik seksueel-aktief te lewe. In die beskrywingspunt is genoem dat hierdie standpunt eenparig deur die kerk se dosenteraad ondersteun word. Dit het egter later geblyk dat die beskrywingspunt geen *locus standi* gehad het nie en nie voor die hele dosenteraad gedien het nie. Gay seks is egter toenemend nie meer as sonde gesien nie en die 2015-AS, onder leiding van Niemandt, dog ook onder Ben du Toit se invloed, het dit bevestig. Dit was ‘n totale ommekeer van die 1986-AS besluit en dus kon predikante voortaan in homoseksuele huwelike staan en beroep word.

Soos te wagte, het verskeie predikante, kerkrade en lidmate ernstig teen die 2015-besluite appèl aangeteken. Gevolglik het die moderamen op grond van al hierdie appèlle besluit om ’n moratorium op die 2015-besluite te plaas. Dit is gedoen nadat die Algemene Taakspan Regte (ATR) regsadvies van verskeie regsgeleerdes, onder andere ook ‘n afgetrede regter, ingewin het. Die advies was dat indien ‘n sinodale besluit onder appèl is, daar ‘n outomatiese moratorium op die uitvoering daarvan is, totdat ‘n appèlliggaam daaroor uitspraak gegee het. Hierdie appèlliggaam is toe streng volgens voorskrifte van die kerkorde, uit tien onpartydige kenners van die gereformeerde kerkreg, van oor die hele land, saamgestel. As gevolg van die groot aantal appèlle wat ingestroom het, het die appèlproses ongeveer ‘n jaar geduur.

Intussen het 65 teoloë en predikante die moderamen in November 2015, in ’n skerp bewoorde brief daarvan beskuldig dat hulle die menswaardigheid van gay mense op ’n “skreiende wyse” aantas, deur die 2015-besluite te bevries. Toe geen bevredigende reaksie op hul brief ontvang is nie, het ‘n groep van 11 gay-aktiviste die kerk in Augustus 2016, twee weke kans gegee om die AS-besluit onmiddellik uit te

voer, óf deur die howe gedwing word om dit te doen. Dit is op grond van die regsadvies gedoen wat van een van die land se voorste regsgeleerdes, adv. Wim Trengove, ontvang is. Trengove het die teenoorgestelde mening as die ATR gehuldig. Met enersyds ‘n dreigende hofgeding voor hande, dog andersyds ‘n appèlproses wat afgehandel moes word, het die moderamen vir tyd gespeel en ’n buitengewone sinode vir November 2016 belê, waar die gay kwessie weer, vir die soveelste keer, deurtrap sou word.

Na hierdie aankondiging is al die appellante versoek om hul appèlle, met die oog op die komende sinode, terug te trek en na beswaarskrifte en gravamina te verander. Die meeste het dit gedoen, dog di. Theo Danzfuss en Helgard Janse van Rensburg en ‘n paar ander appellante, het om strategiese redes besluit om met hul gesamentlike appèl voort te gaan. Hulle sinvolle standpunt was dat slegs deur ‘n suksesvolle appèl, die 2015 AS se besluite direk ongeldig verklaar kon word. Twee weke voor die aanvang van die 2016-buitengewone sinode, is hulle appèl inderdaad aanvaar. Gevolglik is al die 2015-besluite oor selfdegeslag-verhoudinge, amptelik ongeldig verklaar. Dit sou dus vrugteloos wees om met die hou van die buitengewone sinode voort te gaan.

Dit het egter soos beplan plaasgevind. Die besprekings het op presies die teenoorgestelde besluite uitgeloop as waarvoor gays gehoop het. Daar is besluit dat enige seksuele verhouding tussen mense van dieselfde geslag, afgewys word. In sy wese is die kerk se 1986-besluite oor homoseksualisme, in 2016 deur ‘n meerderheid herbevestig. Al was dit ‘n groot terugkeer na die Skrif, was sommige van die besluite steeds vaag en dubbelsinnig geformuleer, om in die “ruim huis” soveel moontlik te akkommodeer.

Dog nie ruim genoeg nie. Die elf, later twaalf gay-aktiviste (onder pa en seun Gaum se leiding) het, nadat pogings om buite die hof te skik misluk het, die saak toe werklik na die Hooggeregshof van Suid-Afrika geneem. Hulle dagvaarding het op twee bene gestaan. Die eerste been het gegaan oor die regsgeldigheid van die appèlsaak waarin die kerk se appèlliggaam al die besluite van 2015 ongeldig verklaar het. Die tweede been het gegaan oor die regsgeldigheid van die besluite van die buitengewone Sinode van 2016.

Indien die kerk ‘n suksesvolle uitspraak op die eerste been kon verkry, sou die tweede irrelevant wees, aangesien die 2015-besluite dan steeds ongeldig sou wees. Omgekeerd sou die 2015-besluite steeds geld en was die moontlikheid groot dat die hof dit sou handhaaf. Hierin het die ATR en nie die moderatuur nie, die volle verantwoordelikheid gehad. Aangesien die ATR uit al die sinodes se actuari bestaan wat oor die hele land versprei is, is ‘n ad-hoc taakspan van vier persone aangestel om saam met die regspan, die antwoordende eedsverklarings namens die kerk voor te berei.

Hierdie ad-hoc taakspan het onverpoosd gewerk om inligting aan hul prokureurs en advokate te voorsien, om die kerk se verdediging in regstaal te formuleer en na goedkeuring, by die hof in te dien. In die eerste konsepantwoord het die

regsgeleerdes die reg tot appèl teen besluite van die AS, ooreenkomstig bepalings van die kerkorde, sterk uiteengesit, waarmee ‘n verbete regsgeding in die hof gevoer kon word.

Toe, uit die bloute en sonder die volle ad-hoc taakspan se goedkeuring, is van elders besluit om nie meer die reg tot appèl teen die 2015-besluite, in die hof te verdedig nie. Die rede hiervoor is onduidelik en ietwat verdag. Toe een van die taakspanlede teen hierdie nuwe besluit beswaar aanteken, het hy ‘n skriftelike kennisgewing vanaf een van die kerk se prokureurs ontvang. Daarvolgens sou die moderatuur saam met dieselfde regspan, die res van die saak hanteer. Sodoende is hy in werklikheid deur sy eie prokureur afgedank. Omdat hulle saak so sterk was, het verskeie besware van selfs binne die ATR en van kerkregkundiges gevolg. Is hierdie skokkende besluit onder druk van buite geneem en indien wel, wat was die motief? Dit was die primêre rede waarom die kerk die hofsaak verloor het.

Op 8 Maart 2019 het die Hooggeregshof met verwysing na die eerste gedeelte van die dagvaarding, soos te wagte, ten gunste van die gays uitspraak gegee. Hul regspan het teenstrydighede in die kerkordebepalings en die appèlreglement aangetoon, wat daarop dui dat geen duidelike reg tot appèl teen besluite van die AS moontlik is nie. Deur hierdie aspek nie dinamies te verdedig nie, het die kerk in werklikheid byvoorbaat gekapituleer. Wie se belang is daardeur gedien?

Die besluite van die buitengewone sinode van 2016 is ook tersyde gestel, omdat dit nie volgens korrekte kerklike prosedure geneem is nie. Die uitspraak het duidelik aangetoon dat die kerk se saak onvolledig en selfs halfhartig aangebied is, wat onder andere ook ‘n rede is waarom geen appèl daarop aangeteken is  nie.

Die regters het vyf keer in die uitspraak die stelling gemaak: “The Church presented no argument or facts … the Church has set out no facts … put up no facts… without any facts… In the opposition no facts were set out.” Die uitspraak was dus ‘n verdiende pakslae en mét koste! Die totale regskoste in die saak, wat vir meer as twee jaar geduur het, het na bewering ongeveer R 5-miljoen beloop, dog die presiese bedrag is steeds ‘n geheim.  Van groter belang is die feit dat die hof doelbewus geen teologiese uitspraak oor die verskillende Skrifverklarings oorweeg of gegee het nie. Watter grondwet geld in die kerk en daarom ook in alle ander kerke? Die land se grondwet, óf God se Grondwet, óf Allah se grondwet vir die Moslem? Die hof het nie God se Grondwet (Sola Scriptura) oorweeg nie, dog in werklikheid uitspraak daarteen gegee. Vir gays was hul nuutgevonde bondgenootskap met ‘n sekulére instelling en die grondwet, van groter belang.

So wie het die saak werklik gewen? Die apostel Paulus gee hieroor in 1 Korintiërs 6:1-7 ‘’n helder antwoord: “Gaan iemand van julle wat ‘n saak teen ‘n ander gelowige het, werklik so ver dat hy sy reg by heidense regters soek (burgerlike aanstellings in vandag se terme) en nie by gelowiges nie…? Ek sê dit om julle skaam te maak… Eintlik is julle saak al klaar verlore…”

Met gay regte van buite in die kerk gevestig, bly die kernvraag steeds hoe teoloë in dieselfde kerk, met dieselfde Handboek en Belydenisskrifte tot hulle beskikking, so

radikaal oor die interpretasie van die riglyne oor homoseksualisme daarin vervat, kan verskil?

In Romeine 1 en spesifiek vers 18-32, gaan dit oor God se toorn wat ontvlam oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die ganse mensdom, wat die waarheid in dwaasheid probeer onderdruk. Daar is nie een wat goed doen nie, selfs nie een nie. (Romeine 3:12). Daarom gee God almal aan sedelike onreinheid, skandelike homoseksuele drifte en aan verdraaide opvattings **oor,** wat nie na afwykings van seksuele oriëntasie verwys nie, maar na perverse seksuele gedrag. Hulle eer God nie en onteer hulle liggame onder mekaar. Hieroor kom dr. Chris van Wyk tot die gevolgtrekking: ”God keer mense dus nie meer van die gevolge van hulle perverse keuse vir die skepping eerder as die Skepper nie, nie in terme van hulle seksualiteit nie, en ook nie in terme van hulle algemene gedrag nie.” Dié wat deur God se genade bekering ontvang en na die liefde van Christus getrek is, streef daarna om volgens die voorskrif van Romeine 12:1-2 te lewe en gee hulleself as lewende en heilige offers aan Hom en word daarom nie aan die sondige wêreld gelyk nie.

Dit is opvallend hoe gebeure in byvoorbeeld die VSA en Suid-Afrika, Romeine 1 se betroubaarheid en kontemporêre werklikheid bevestig. Op 17 Junie 1963, in die saak “Abington Township School District versus Schempp”, het die Amerikaanse Hooggeregshof uitspraak gelewer wat die voordrag van gebed, asook die lees van die Bybel in alle staatskole, verbied het. In SA het Skolewet nommer 108 van 1996, die aanbied van Godsdiensopvoeding as vak, uit die skoolkurrikulum geskryf. Godsdiensbeoefening tydens byeenkomste, is met alle ander godsdienste gelykgestel, wat die aanbieding en die tyd daaraan afgestaan betref. So is God in beide gevalle wetlik die rug gekeer.

En God het hulle **oorgegee**. In die VSA het Hy hulle eerstens oorgegee aan die “sedelike onreinheid” van die hippiebeweging met ongekende seksuele losbandigheid. Dit het mettertyd na SA oorgespoel, met die gevolg dat saambly en vrye seks teen 2011 sulke afmetings aangeneem het, dat dit voor die Algemene Sinode van die kerk gedien het. Daar is erken dat saamwoonverhoudings (wat die seksuele insluit), ‘n werklikheid in die samelewing is, dog toe neem die sinode dié uiters verwarrende besluit: “hierdie verhoudings kan nie sonder meer afgewys word nie”, (punt 1.4) dog in punt 1.6 word bevestig dat die huwelik ’n gawe van God is “en dat seksuele gemeenskap buite so ’n vaste, formele ooreenkoms nie aan Christelike riglyne voldoen nie.”

Tweedens is die VSA aan die “skandelike drifte” van die LGBTQI+ beweging oorgegee, wat die land vandag vir alle praktiese doeleindes gekaap het. Op 26 Junie 2015, het die Hooggeregshof in die saak “Obergefell versus Hodges” uitspraak gegee wat selfdegeslag-huwelike in die VSA gewettig het. Dieselfde proses het op eie wyse in SA afgespeel, soos nou hier behandel word, met die verskil dat die kerk, eerder as die staat, dit dryf.

Derdens gee God in sy toorn ’n volk wat Hom op die agterbaan skuif, as straf aan “verdraaide opvattings” oor (letterlik aan ‘n brein wat nie funksioneer nie), wanneer

hulle dit wat sleg is goed noem en goed sleg, wat van duisternis lig maak en van lig duisternis, wat bitter soet noem en soet bitter (Jesaja 5:20) en wanneer selfs **moord** dit nie meer is nie. So het die Amerikaanse Hooggeregshof op 22 Januarie 1973 in twee aborsiesake, “Doe versus Wade” en “Doe versus Bolton”, uitspraak gegee wat aborsie gewettig het en die gevolge is astronomies.

In sy kommentaar op Romeine 1 verwys dr. John MacArthur, ‘n Amerikaanse teoloog, na die Joodse slagting deur die Nazi’s en tref dan die volgende vergelyking: “Hitler allowed people to kill, they killed. The Supreme Court allows people to kill, they’ll kill. How can there be so much support for Black Lives Matter when there are a thousand little Black lives being aborted every day. That is a holocaust.”

Oor aborsie het die AS in 1994 besluit: “In die lig van die Skrifgegewens en die stand van wetenskaplike gegewens, dat aborsie ontoelaatbaar is. In die hoogs uitsonderlike gevalle van volkome onafwendbaarheid, bly dit nog steeds ’n saak wat nie volgens God se geopenbaarde wil is nie en daarom slegs met diepe worsteling, skuldbelydenis, pyn en onder felle protes aanvaar kan word.”

Die Suid-Afrikaanse regering het egter op 1 Februarie 1997 die “Choice on Termination of Pregnancy Act” aanvaar, waarvolgens alle vroue, asook minderjarige meisies, aborsies tot op 13 weke swangerskap mag ondergaan, sonder dat hulle enige rede daarvoor hoef te verstrek. Daarna en tot op 20 weke, moet aan sekere bepalings voldoen word.

Omdat geglo is dat hierdie wet die grondwetlike reg op lewe skend, het die “Christian Lawyers Association” die Minister van Gesondheid voor die Transvaalafdeling van die Hooggeregshof gedaag. Die aansoek is egter op grond daarvan verwerp, dat die grondwetlike reg op lewe slegs op lewende persone en nie op ‘n ongeborene nie, van toepassing is. Dit het dus die on-Skriftuurlike beginsel hier gevestig, dat lewe eers by geboorte begin**.**

Die kerk het dit gedwee aanvaar, dog tydens die 2019-AS, is die Algemene Taakspan Leer en Aktuele Sake versoek om weer oor die etiese kwessies rondom aborsie navorsing te doen, sekerlik in die lig van nuwe “ruim huis”-denke daaroor. ‘n Voorsmaak hiervan is op 13 September 2021 verkry, toe dr. Nadia Marais, ook ‘n teologiedosent aan die Universiteit van Stellenbosch, op RSG haar steun vir aborsie gegee en gesê het dat dit nie die kerk (dus God) se plek is om aan ’n vrou voor te skryf wat sy met haar liggaam mag maak nie.

In aanloop tot die 2019-sinode, het dit duidelik geword dat daar verskeie teoloë is wat die Bybel se morele voorskrifte, as nie meer geldig ag nie. In sy brief aan “Rapport” (26/05/2019) verklaar dr. Jurie van den Heever, ‘n bekende paleontoloog van Stellenbosch, dat menslike seksualiteit oor ‘n breë spektrum manifesteer, “iets waarvan Jesus… onbewus was” en dat daar volgens Van den Heever “meer as net twee geslagte bestaan”. Die drie-enige God se “onkunde” oor sy eie skepping, het daarom volgens hierdie teoloog ook tot gevolg “dat korrekte inligting aangaande die diversiteit van menslike seksualiteit nie in die Bybel aanwesig is nie” en om God se geïnspireerde Woord dus as maatstaf hiervoor te gebruik, “is om jou huis op sand te

bou." 'n Week later bevestig dr. Chris Jones, hoof van die eenheid vir morele leierskap aan die Universiteit van Stellenbosch, in sy artikel in dieselfde koerant, dat God bewustelik nie twee nie, maar vyf geslagte geskape het, iets waaroor die kerk oor die jare heen die mens nog altyd "mislei" het.

Hierdie twee akademici bevestig dus ook dat die Bybel nie in die postmoderne wêreld gebruik kan word om homoseksuele aktiwiteite en selfdegeslagverbintenisse Skriftuurlik te veroordeel nie en om te poog om dit wel te doen, sal slegs misleidend en onhoudbaar (op sand gebou) wees. Hulle advies is dat NG teoloë moet ophou om die Bybel as maatstaf vir moderne morele waardes te gebruik. Dit beteken dat God se streng morele voorskrifte inderdaad vir die individu se grondwetlike regte en persoonlike vryhede, selfs binne die kerk, moet plek maak.

Meer as dit. Die Sinode van Wes-Kaapland het in Mei 2019, tot die gevolgtrekking gekom: "Daar is geen teologiese gronde dat slegs die huwelik heilig en Godgegewe is nie." 'n Amerikaanse teoloog stel 'n opponerende siening: "No matter what our society may legislate, the law of God is clear—that a marriage is not a godly marriage if it is a same sex union… We cannot bend the principles of God's Word to suit vocal minority groups."

Toe kom die 2019-sinode. Die eerste stap was om die 2015- en 2016-besluite te herroep en te erken "dat verskille in die kerk ten opsigte van Skrifhantering en Skrifuitleg tot **'vasgelooptheid'** gelei het," Dit is onteenseglik bevestig toe die AS enersyds bevestig het dat die verbintenis tussen een man en een vrou as 'n huwelik beskou word en dat selfdegeslagverbintenisse nie as 'n alternatief vir die huwelik aanvaar kan word nie. Dog andersyds en in absolute konflik hiermee, is die 2015-besluite, in versigtig keurige taal, nagenoeg herskryf, waarvolgens gays (en daarom ook alle mense wat in LGBTQI+ verhoudinge lewe), voortaan, met geen selibate verpligting nie, wel in die kerk kon trou: "Die Algemene Sinode dra dit aan die Taakspan vir Leer en Aktuele Sake op om ’n **formulier** te ontwikkel vir die bevestiging van burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag."

'n Formulier is 'n plegtige eedsverklaring wat slegs **binne die kerk, voor God en voor ’n gemeente** geskied, soos onder andere die bestaande huweliks- en doopformulier en die formulier tydens belydenisaflegging. ’n Formulier vir selfdegeslagverbintenisse, sal dus dieselfde status hê en die seën van die kerk geniet.

Die "kerk se seën" beteken met "God se seën" en 'n huweliksformulier word tog getrou uit sy Woord geneem. Maar die standpunt is reeds gestel dat God se Woord nie hiervoor gebruik kan word nie. Indien hierdie "formulier" nogtans aanvaar sou word, dog duidelik nie die suiwer gereformeerde teologiese toets slaag nie, sal ander kerkverbande die NG Kerk bloot die rug keer. Dit het reeds in Mei 2022 gebeur, toe die "Christian Reformed Churches of Australia" alle bande met die NG Kerk verbreek het, nié oor Apartheid nie, maar as gevolg van die kerk se standpunt oor homoseksualiteit.

Dit is opvallend hoe gays in hierdie tyd met toenemende media-prominensie by die

koor van kritiek teen die kerk se “uitgediende” Bybelse wanvoorstelling van hul seksuele uitlewing, aangesluit het. Die landwye Afrikaanse Sondagkoerant se eensydige pro-gay artikels, het op gereelde basis verskyn. Hierin het gay joernaliste voorkeurbehandeling geniet, waarvan Herman Lategan se artikel in “Rapport” van 27 Desember 2020, met die opskrif: “NG Kerk kry trofee vir padda van die jaar”, ‘n stawende bewys is. In hierdie artikel veroordeel hy die kerk as ‘n kliek van “ou wit mans” wat die “Bybel as ’n stok gebruik om gay mense mee te slaan…en te breinspoel”. Die geringe reaksie hierop getuig eerder hoe ver die media se breinspoeling van die kerk gevorder het.

Indien daar enige twyfel hieroor was, bevestig dr. Frits Gaum, die voormalige voorsitter van die NG Kerk-kuratorium, in “Rapport” van 3 Januarie 2021, dat daar min huidige teoloë van die **drie** teologiese fakulteite is “wat nie standpunt ingeneem het ten gunste van selfdegeslagverbintenisse nie.”

In Mei 2022 het die taakspan die formulier-opdrag skielik summier gestaak. As rede is nie die onuitvoerbaarheid daarvan aangebied nie, maar dat daar ‘n verskil tussen ‘n “prinsipiële” en ‘n “proses” sinodale besluit is. Ds. Nelis Janse van Rensburg, die huidige moderator, het gevolglik verklaar dat bogenoemde 2019-besluit, nie ‘n “prinsipiële besluit” van die kerk was nie en daarom “kan die ASM nie voortgaan...en ‘n formulier skryf nie.” Dr. Gustav Claassen, algemene sekretaris van die kerk, neem dit een stap verder en verduidelik: “Daar gaan dus nie ‘n konsepformulier opgestel word nie en dit sal die prerogatief van ‘n kerkraad wees...hoe die formulier ingerig sal word.”

Die vrae wat hieruit spruit is van wesenlike belang:

1. Op grond waarvan is dit na drie jaar nie ‘n “prinsipiële” besluit van die sinode nie en het die ASM die regsbevoegdheid om, om watter rede ookal, die aard van ‘n sinodebesluit eensydig te wysig?
2. Behoort afgevaardigdes na enige sinode nie altyd vooraf oor die verskil tussen hierdie soort besluite en dus ook die implikasie daarvan, volledig ingelig te word nie?
3. Glo die moderatuur werklik dat as geleerde teoloë na drie jaar geen formulier kon produseer nie, daar selfs een kerkraad in die land is wat met God se seën daarin sal slaag en terselfdertyd geen gemeentelike verdeeldheid saai nie?
4. Beteken dit dat gays wat steeds ‘n kerklike verbintenis nastreef, hul eie kerkverband sal moet stig waar dit op grond van watter formulier ookal, moontlik sal wees en sal dit die hele debat hieroor in die NG kerk vir tyd en vir ewigheid afsluit?
5. Of... is die kerklike slagorde juis hiermee finaal opgestel, met enersyds behoudende streng gereformeerdes binne (en buite) die Kairos Netwerk verenig en andersyds in die opponerende linie, die “verslae” en “verbysterde” gays (dr. Frits Gaum se woorde nadat die “formulier” by die kerkdeur uitgevee is), dog gerugsteun deur hulle liberaal-teologiese grofgeskud?

Terwyl hieroor aansienlike mediadebat gevoer is, het die ring van Louis Trichardt ‘n regsmening oor die geldigheid van die 2019-sinodebesluit verkry, wat kortliks die

volgende behels: Dat die sinodebesluit inderdaad onuitvoerbaar is en dat die regsbeginsel van die onuitvoerbaarheid van instellings se besluite (non possibullium est) inhou dat dit ’n **totale verweer** is. Die besluit van die AS was van die oomblik wat dit geneem is, **ongeldig**… Die kerk kan nie vir ’n onuitvoerbare besluit morele redes aanvoer om dit geldig te maak nie. Dus in een gemeente kan persone **nie** in ’n selfdegeslagverbintenis burgerlik ingeseën word en in ’n ander gemeente daarvoor onder tug geplaas word nie en in **beide** gevalle word volgens die besluit van die AS gehandel.

Die ring van Louis Trichardt het hierdie volledige regsmening in Oktober 2022, as besprekingspunt tydens die sitting van die Noordelike Sinode voorgelê, dog moontlik emosioneel vuisvoos vir die onderwerp, is dit verwerp. Een van die redes was dat daar voortgegaan moet word om na mekaar te luister, wat egter nie ‘n ongeldige besluit geldig kan maak nie. Die strategie is duidelik dat die gesprek sal voortduur, totdat die kerkleierskap se standpunte óf deur almal aanvaar is, óf totdat dolerende lidmate asook gemeentes, die kerk verlaat of (ooreenkomstig artikel 37 van die kerkorde) hul eie sinode, steeds binne kerkverband, opgerig het. Artikel 37 bepaal: “Dit staan die samestellende kerke [sinodes] vry om met behoud van alle regte, voorregte, besittings, naam, ensovoorts, uit die Algemene Sinodale verband te tree wanneer hulle so ’n stap voor God in die lig van sy Woord kan regverdig.”

Op hulle inisiatief het die Kairos Netwerk verskeie direkte gesprekke met die moderatuur op 19 November 2020, 22-23 Februarie 2021 en 28 Junie 2022 gevoer. Dit het op geen oplossing uitgeloop nie. Gevolglik het die Kairos Netwerk die Familie van Gereformeerde Gemeentes (FGG) op 22 Julie 2022 in Pretoria gestig en in November is die volgende besluit:

“Die Algemene Sinode wat jare lank as oorkoepelende kerkverband vir die NG Kerke gedien het, het ongelukkig die afgelope paar jaar op die glybaan van geestelike afvalligheid beland wat maak dat sy tans nie meer kwalifiseer om te dien as oorkoepelende verband vir die verskeie NG Kerke nie. Die nuwe Koinonia Sinode is ‘n vergadering vir amptelike samewerking tussen Skrifgetroue NG gemeentes oor sake van gemeenskaplike belang soos teologiese opleiding, leerstellige kwessies, belydenis, gemeenskaplike projekte, ensovoorts. Die doelstellings is om die gemeentes en lidmate wat nog Skrifgetrou wil bly, in amptelike kerkvergaderings te konsolideer. Dit is nie die bedoeling om die bestaande kerkverband te vervang nie en beslis nie om weg te skeur van die NG Kerk af nie.”

Minstens vier streeksvergaderings sal voor einde Maart 2023 konstitueer, terwyl die stigtingsvergadering van die Koinonia Sinode vir 3 en 4 Mei 2023 beplan word. (Sien www.fggsa.co.za).

En so het die NG Kerk inderdaad die **kruispad** bereik. Die aanduiding na links wys na die liberale ruimhuis waar dwaalleerstellings en die postmoderne leefwyse geakkommodeer word en na regs na ‘n beweging saam op pad na streng gereformeerde reformasie. Die “Quo Vadis”-vraag watter rigting ingeslaan moet word, geld sonder twyfel vir elke predikant, (en daarom ook elke kerkraad en gemeente

onder sy of haar leiding) elke ring en elke streeksinode, waar almal in die grootste erns na God se leiding hierin sal moet soek.

Hierin het Namibië reeds die voortou geneem. Tydens die Namibiese sinode-sitting in Maart 2022, is besluit dat "die Algemene Sinode nie die NG-kerk met kerklike leierskap dien nie". Daarom sal die pad van kerklike tug en dissipline vir 'n tydperk van ses maande met die NG-kerk se Algemene Sinode gestap word, soos dit deur Jesus in Matteus 18:15-17 uitgestippel word. "Indien dit nie op 'n vaste voorneme uitloop om bepaalde besluite te herroep nie, sal die Sinode van Namibië haar band met die Algemene Sinode in gevolge Artikel 37 van die Kerkorde losmaak." Die moderamen het egter op 22 Nov 2022 besluit om die teikendatum van ses maande, tot met die AS-sitting in Oktober 2023 te verleng.

Op 23 November 2022, skryf professor Hoffie Hofmeyr op Facebook: "Die NGK het in 'n groot mate sy eeue-oue Gereformeerde karakter met beperkte Skrif- en belydenis-getrouheid verloor. Vir hom is die primêre skynbaar dat Skrifinterpretasie deur die konteks van die mode- en tydsgees bepaal word. Kerklike orde is grootliks besig om in die sand te verdwyn en leierskap beweeg op baie wankelrige grond." (Vry aangehaal)

Dit is werklik insiggewend dat professor Willie Jonker die kerk reeds in 1956 oor die gevare van die "ruim huis"-benadering en vrye Skrifverklaring, asook die gebrek aan kerklike tug wanneer dit nodig is, gewaarsku het:
"`n Kerk sonder tug kan nooit gesond wees nie, maar moet siek wees en gevolglik minder aan sy doel beantwoord as wat Christus se bedoeling daarmee is, en stuur uiteindelik af op verwording en ontaarding. Die kerk het `n roeping om die pand wat aan hom toevertrou is, die suiwer leer met nougesetheid te bewaar anders loop hy gevaar om alles te verloor. `n Kerk wat leervryheid duld speel met die heilige evangelie wat sy lewe is en stuur daarop af om bestaansreg te verloor. `n Kerk wat geen tug toepas nie omdat hy bang is om mense van hom te vervreem, speel met die evangelie, laat mense onder die indruk dat alles maar reg is met hulle, selfs al sien hy dat dit nie so is nie, en is daarin nie alleen ontsettend ongenadig en liefdeloos teenoor hulle nie, maar ook meer bevrees vir hul woede of afskeiding van die Kerk, as vir God, wat tog duidelik in Sy Woord sê dat Hy die kwade haat en dat dit ontvlug moet word." (Willie Jonker, Gedagtes oor die Kerklike tug. Deel 1. "Die Kerkbode", 10 Oktober 1956.
Wat sal ons nou van al hierdie dinge sê…?

Verslag: Dr. Etienne Liversage
(Lidmaat van die NG Moedergemeente, Ladysmith, KZN)

****************************************************************************************************

## 13.2 AANBEVELINGS.

13.2.1 Die Sinode neem met groot dank kennis van hierdie insiggewende analise wat dr Liversage as onderwyskundige en lojale lidmaat van die NG Kerk, uit eie oorweging saamgestel het om aan

te dui watter faktore ‘n rol speel in ‘n proses waarin die NG Kerk besig is om sy eersgeboortereg te verruil vir ‘n pot lensiesop.

13.2.2 Die Sinode moedig deelnemende kerkrade aan om hierdie navorsing uit die pen van ‘n gewone Skrifgetroue lidmaat, ook aan elke lidmaat beskikbaar te stel as illustrasie van die groot rol wat gewone Skrifgetroue lidmate kan vervul op ons pad van kerkreformasie.

13.2.3 Die Sinode nooi dr. Liversage uit om steeds soortgelyke resultate van sy navorsing in kort en maklik leesbare formaat na die KSDG te stuur vir plasing in ons gereelde omsendbriewe aan gemeentes.

13.2.4 Die Sinode gee tyd vir ‘n kort tafelgesprek oor hoe hierdie artikel van dr. Liversage en soortgelyke skrywes van ander Skrifgetroue lidmate, maklik beskikbaar gestel kan word vir al die lidmate van die NG Kerk.

## 14 SAAM OP WEG NA REFORMASIE: ’N JONG LERAAR SE PERSPEKTIEF

### 14.1 VERSLAG

**As die duisternis teen ‘ons’ getuig, toon ons genoegsame bewyse van Sý ‘Lig’?**

In sy onlangse virale YouTube-video, betiteld: *“’n Boodskap aan Christen kerke”*, gee die befaamde Kanadese kliniese sielkundige, dr. Jordan B. Peterson, vanuit sý selfverklaarde “wêreldse gesigspunt”, “advies” aan “Christen kerke” – eintlik gemik op “die Kerk” as die globale liggaam van Christus – waarin hy, onder andere, die volgende stelling maak: *“You’re churches for God’s sake. Stop fighting for social justice. Quit saving the bloody planet. Attend to some souls. That’s what you’re supposed to do. That’s your holy duty. Do it. Now! Before it’s too late. The hour is nye.”*

Sonder om die soeklig té direk te skyn op Peterson se klaarblyklik verwronge *ekklesiologie* en só van spoor gedryf te word deur al die vrae en gesprekke wat moontlik dááruit gaan voortvloei, is die verwysing na hierdie boodskap van Peterson, as “inleidende gedagte”, juis vir die tema van hiérdie “gesprek”, relevant. Verál vanuit “’n jong leraar se perspektief” wat gemaklik in die primêre teikengroep van hierdie video-boodskap sou kon tuiskom, as dit nie vir die genade van God was nie!

Hierdie boodskap is immers nie alleen aan “Christen kerke” gerig nie, maar veral gemik op die “jong mans” daarbinne, en hierdie demografiese sektor van die kerk, wat volgens Peterson, tans die meeste vervreemding van hul “posisie en rol” in die kerk én in die samelewing beleef. “Reik uit na hulle!” pleit hy, “Nooi hulle terug met direkte en duidelike opdragte! Daag hulle uit om die tuig weer op te neem, ook vir die volgende generasie.”

Sy boodskap is , daarbenewens alreeds deur bykans 2 miljoen van Peterson se amper 7 miljoen inskakelaars en volgelinge, wêreldwyd, gekyk. ’n Boodskap waarin “die kerk” se “werk”, of dan nou “die rol wat die kerk moet vervul” binne die groter samelewing – “in die wêreld se oë” - soos Peterson se eie opinie dit ook baie pertinent weerspieël, immers: “om haarself besig te hou met ‘die geestelike’

of “die versorging van siele”, soos hy dit noem… dus, veel meer en veel wyer as nét die “pragmatiese probleme” van die hiér en die nóú!”

“Dit is *óns* heilige verpligting, voordat dit te laat is!”, meen Peterson. Té laat vir die wêreld?, kan ons dalk vra… met ander woorde, vir die kerk om die rol te vertolk en die taak te verrig waartoe sy geroep en gestuur is? (Matt 28:19-20) Of, té laat “vir die Kerk”? met ander woorde, beleef die “die Kerk” haar laaste, verbete, dalk alreeds onwillekeurige, stuiptrekkinge? En, kán die Bruid van Christus nog ‘*gered’* word? Is *dít* ons taak? Of is ons ook, nog steeds ‘agterstevoor met alles’? soos die die Here se klag, by monde van sy profeet, téén Sy volk opklink. (Jer 29:16)

## Implisiete Hiperbaton

Peterson, as buitestaander en waarnemer van hierdie sosiologiese verskynsel, wat besig is om plaas te vind *in* “Christen kerke”, waarvan die NG Kerk seerseker óók kan getuig, skryf die verval *van* en veral ook “*ín* die Kerk” toe, aan “’n misplaasde fokus” van die “arbeiders in die wingerd” of anders gestel: “skoenmakers, wat die vorm en grootte van hul lees oorskry.”

In gesprek met ander, meer ervare en beter toegeruste, “ledemate” van dié spesifieke onderverdeling, binne die rééds krimpende geheel van bestaande jong-leraars en NG Kerk bedienaars, is, onder andere: 1) die tekort aan Eksegetiese PREDIKING; 2) Skrifgetroue / Trinitariese AANBIDDING; 3) DISSIPELSKAP-gefokuste leierskapsmodelle; 4) Gesins-gefokuste samesyn en KATEGESE en 5) Herderlike- en Aktuele- toepassing van die Christelike / Kerklike TUG - “in liefde tot behoud van die sondaar”, as kern-faktore identifiseer, wat hunker daarna om “gereformeer” te word:

### 1. Eksegetiese PREDIKING

Joel R. Beeke verwys in sy boek “Reformed experiential preaching” na effektiewe, eksegetiese prediking as: “preaching that applies the truth of God to the hearts of His people to show how things ought out to go, do go, and ultimately will go, in the Christian’s experience, with respect to God and his neighbors – including his family members, his fellow church members and people in the world around him”.

Hierdie tipe prediking, verduidelik Beeke, “is in die eerste plek: Bybels; dis Dogmaties; dis “experiential” - met ander woorde: “It reaches the mind *and* the heart, and touches the hands and the feet… opens them for service, and guides them along The Way.”; en laastens; moet gereformeerde prediking “prakties” wees en tot “aktiewe deelname” aan die Evangelie lei.

### 2. Skrifgetroue / Trinitariese AANBIDDING

“Corporate worship, ultimately, includes all of the basic elements of the Christian life and should never be reduced to ‘the singing of hymns’ and ‘the fellowship and gathering of the saints’, once or twice a week.” meen Dr. W. Robert Godfrey, in sy lesing “Reforming Worship”.

Die gereformeerde leer en tradisie het wél baie te sê oor “aanbidding wat vir God aanvaarbaar en aanneemlik is”, maar net só, sal sommiges uit die “nuwe” /

"verligte" tradisie dalk geskok wees om te leer dat die Bybel ook heelwat te sê het, en baie sterk standpunt inneem téén "onheilige, onordelike en antroposentriese aanbiddings-praktyke". Natuurlik, nie alleen in die formele sin van die woord, soos hierbo ook na verwys word nie, maar ten diepste as dit kom by "'n Lewe - "*Coram Deo*" - voor / in die aangesig van God".

**3. DISSIPELSKAP-gefokuste leierskapsmodelle**

Die Kerk van die Here Jesus Christus het maar een "Hoof en Meester", wat herhaaldelik deur die getuienis van die Skrif, die Belydenisskrifte en geskiedenis van Kerk – oor die eeue heen – beaam en bevestig word! "Hy staan die hoogmoediges teen, maar aan die nederiges gee Hy genade.", leer Jakobus, in aansluiting by Jesus se eie oproep tot "selfopofferende liefde" en "diensbaarheid". Hiervan is Sy eie voorbeeld as "Lydende- en vernederde Dienskneg van die Here", asook die getuienis van die Apostels en martelaars, die aanmoediging vir die Kerk, om blymoedig te bly volhard in navolging van Hom wat Sy lewe in "diensbaarheid" neergelê het vir Sy Kerk.

"True disciples of Christ may stumble, they may lose resolve from time to time, but their face is set in one direction: to finish the course of following Him.", verduidelik dr. R.C. Sproul van Ligonier Ministries ons aangaande die essensie van ware dissipelskap, terwyl die mantra van hierdie leierskapsmodel, eenvoudig weerklink: "Discipling, disciple making disciples". "Dit is hoe kerklike leierskap moet lyk!", wys Jesus die Kerk!

**4. Gesins-gefokuste samesyn en KATEGESE**

Die "beeld" en terminologie van "'n Huishouding" word deur God Self gekies om die verhoudingsmatigheid van die "ooreenkoms" wat Hy met die mens aangaan, mee te beskryf. Binne hierdie "verbond" word ook weerspieël: die wedersydse liefde en resprek wat in hierdie verhouding-gesentreerde-ooreenkoms heers, of altans "moet" heers, soos in "die Huis"… so ook in die kerk - as die "uitgebreide huishouding van God". "Dis waar "Christelike samesyn" immers begin!" Of soos Beeke dit ook stel in die inleiding van sy reeks: "Family Worship": "As goes the home, so goes the church, so goes the nation."

Verder is die primêre verantwoordelikheid, vir die onderrig van kinders sedert Bybelse tye, die ouers s'n. Dit is vandag nóg steeds so. Nie die Kerk, skool of staat nie, maar die verbondsouers het die taak om die volgende generasie van die Here te leer. Die Kerk staan egter nie sonder enige verantwoordelikhede teenoor haar dooplidmate nie[5]. Hoe is die toeganklikheid en kwaliteit van gestandaardiseerde gereformeerde Sondagskool en toerusting-materiaal nie agterweë gelaat nie?! Jesus Self noem ons: "Broers en susters", en "mede-erfgename", van Hom die Eersgeborene, maar gaan die volgende generasie Hom "ken"?

**5. Herderlike- en Aktuele- toepassing van die Christelike / Kerklike TUG**

[5] Kerkorde van die Vrystaat, Art 50

Wanneer Christus, doelbewus en nadruklik, die beeld van "die Goeie Herder", kies en Selfopenbarend gebruik, tesame met die vertaling wat die Septuagint bied, van die Tetragrammaton (YHWH) - ἐγώ εἰμι – in Johannes se Evangelie, kry ons gelyktydig ook 'n visuele uitbeelding van die Christelike / Kerklike tug, wat altyd "in liefde tot behoud van die sondaar" - bedien, aangewend en toegepas moet word. Of soos die Nederlandse Geloofsbelydenis ons help: "Ons aanvaar derhalwe slegs (reëls en wette) wat kan dien om eendrag en eenheid te bewaar en te bevorder en om alles in gehoorsaamheid aan God te onderhou. Daarvoor is die ban nodig en alles wat daarmee saamhang, (maar) toegepas ooreenkomstig die Woord van God." (NGB Art. 32)

## SEMPER REFORMANDA

Die roepstem van talle jong leraars in aansluiting by die Reformasie-credo klink weer: "Hoor ons!", Kerk waarvoor ons lief is - kom saam op hierdie weg na Refromasie, met ons!"

Helaas, selde word 'n meer basiese beginsel egter semanties verkrag as die postmoderne ontheiliging van die Hervorming-slagspreuk: *'ecclesia reformata, semper reformanda – ad fontes'*, deur "die organisasie" wat hulself "met trots" en (in die kleure van 'n reënboog) in die publiek, assulks "adverteer". Om seker te wees, is dit ongelukkig alreeds sedert die laat 19de eeu wat hierdie tipe "groei en vooruitgang" onlosmaakbaar aan "radikale progressiewe denke" gelyk gestel word, en boonop, het die inslag van moderne wetenskaplike ideologiese metodologië - weg van dít wat "oud, bekend en seker" is, in die rigting van "die nuwe, onbekende en onsekere" – juis gelei tot waar "ons" nóú is.

"Ons" verstaan van "realiteit en waarheid" is voorwaar: "*liqueo*", met ander woorde, só veranderlik, vloeibaar, toevallig en ewekansig, as die patroon van 'n vingerafdruk. 'n Absolute subjektiewe relativisme en 'n "benadering van suspisie", wat *"neophilia"* laat verstik aan die stof van "kritiese denke" en "ongesonde twyfelagtigheid". Dít, het immers die doek geword waarop 'n ewig-veranderende "koers" en "tempo" aangetoon word, vir álmal om te volg, want: álmal is genooi en álmal is welkom om "sáám te reis" – "waarheen" weet "óns" egter nie. "Die gety" sal dit bepaal – "skippie ek en skippie jy…"

Maar dít is ongelukkig ook nie al nie! Hierdie "raamwerk van onsekerheid", is ook nou "die lens" waardeur óns "soekend moet bly" na "wie óns eintlik, régtig is." Nie "wie ons wás nie", of "vanwaar ons kom nie", en verseker nie "waar ons hoopvol verwag om te wees nie", maar, wie ons in hiérdie oomblik van, hormonaal-gemanupileerde, emotief- fluktuerende en empiries-beproefde *outonomiteit*, wíl wees, óf andersins, dan nou "nié wil wees nie".

Hierdie belaglike gerammel en geraas, van "kerklui", "geleerde teoloë" en "goeie kerkmense" - wat hulself die titel van VDM, teen die kosprys van R500 'n jaar toe-eien - dreun neer op gemeentes tydens "samekomste" wat "eredienste" genoem word, alhoewel nóg die Woord nóg die Heilige Gees - wat die Skrif geïnspireer het en "lewend maak" in die harte en die handelinge van God se uitverkorenes - nóg

die Liggaam en die Bloed, of ’n ouderling wat herderlik daaroor waak, teenwoordig is. “Maar”, word daarop aangedring, “ons het wel ’n glasie bruin asyn en ’n blokkie Lindt-Sjokolade, ’n inspirerende storie uit die Huisgenoot, en ’n lekker “*band”… ‘*Ons’ is die Kerk!”

Dis hier, in “ons” half-verlate, eeu-oue, sandsteen geboue, waar die getuienis van die Skrif, bewustelik, as propagandamiddel vir Vrysinnigheid, Liberalisme, en grendellose bekragtiging van losbandigheid, gebruik word soos óók *in* en *deur* die vergaderings van “ons leiers” – alhoewel dié steeds hardop bely dat: “Jesus Christus as die enigste Hoof van die ware kerk erken moet word…”[6] en self deur Sy Woord en Gees steeds “Sý Kerk regeer.”[7]

**“So sê Hy wat die sewe Geeste van God en die sewe sterre het: … Word wakker!”[8]**

Dit is tog duidelik: Ten diepste lê daar aan die hart van “die probleem” in die kerk, en gevolglik ook uiteindelik in die samelewing, die probleem van “miskende identiteit”. Wie ons is, en wie s’n ons is, as Sý Kerk, Sý skepsels en Sý dienaars. Die antwoord op hierdie fundamentele vraagstuk is tog dié bepalende faktor vir die leer en die lewe van Sý Kerk. Terwyl die kreet: *‘ecclesia reformata, semper reformanda – ad fontes’*, nog gehoor kan word.

As “gemeentes” / “volledige kerk”, elkeen en almal, in ons eie reg, waar hierdie kentekens van die ware kerk nog sigbaar is, is ons “σὺν ὁδός” – “sáám op weg / sáám op *hierdie pad*, na reformasie - in die ware sin van die woord! Dus: nie “onseker” en “hopeloos” nie, maar “vertroos en bemoedig in alle omstandighede”, deur Hom wat “die Begin en die voleinding van alle dinge” is (Kol. 1:13-20).

Wanneer ek, dus, as jong-leraar, pleit vir “’n terugkeer ná die bronne toe”, pleit ek - en tenminste ook die 5 ander jong-leraars en kerkraadslede wat sáám aan hierdie “verslag” gewerk het - vir ‘n terugkeer na die Skrif as volkome, gesaghebbende en gesagdraende “ geopenbaarde Waarheid” van die Drie-Enige God. Terug na ons eens-geliefde gereformeerde belydenisse, en terug na “die Bron”, en “die Oorsprong” – Jesus Christus, ons Hoof en Heiland, “in Wie alle skatte van wysheid en kennis verborge is.”

Soos in die woorde waarmee ons begin het: “Keer terug! Nou! Voor dit te laat is…

Verslag: Ds Diederich (DJ) Kleynhans
Ds JMG Roux
Ds JG van der Watt
Br. FA Steyn (Ouderling)

*******************************************************************************************

## 14.2 AANBEVELINGS

14.2.1 Die Sinode neem met groot dank kennis dat daar nog jong dinamiese leraars in die NG Kerk is wat getrou is aan die Bybel en lief is vir ons gereformeerde belydenisse.

[6] Nederlandse Geloofsbelydenis: Artikel 29
[7] Nederlandse Geloofsbelydenis: Artikel 30
[8] Openbaring 3:1-2

14.2.2 Die Sinode moedig ons Skrifgetroue jong leraars aan om hulle te beywer vir goeie akademiese kwalifikasies in die gereformeerde Teologie sodat hulle kan help om ons Teologiese opleiding weer Skrifgetrou te maak.

14.2.3 Die Sinode versoek gemeentes om gereeld voorbidding te doen vir al ons Skrifgetroue jong leraars en Teologiese studente.

14.2.4 Die Sinode dra dit op aan die Taakspan wat verantwoordelik is vir begeleiding van teologiese studente om ook gereelde kontak te hou met die behoudende jong leraars wat reeds in die bediening staan en om hulle te betrek by die VTO-kursusse wat KS aanbied en/of aanbeveel.

## 15 SAAM OP WEG: REFORMASIE VAN DIE ALGEMENE SINODE?

### 15.1 VERSLAG

**1.VASGELOOPTHEID**

Die besluit van Algemene Sinode 2019 lees: "Die Algemene Sinode neem kennis dat verskille in die kerk ten opsigte van Skrifhantering en Skrifuitleg tot *vasgelooptheid* gelei het, en dat voortgaande besinning oor verantwoordelike Skrifuitleg steeds nodig is."

Verskil in Skrifhantering en Skrifuitleg is dus die aanleiding tot die vasgelooptheid en besinning oor verantwoordelike Skrifuitleg is die gevolg daarvan.

*Vasgeloop* beteken om in beweging gestuit te word, om in die moeilikheid te kom, in 'n posisie te kom waar geen uitkoms moontlik is nie, in botsing te kom teen iets of iemand. In Engels: "to run aground, find one's way blocked, get stuck, come to the end of one's tether, be concerned, get into trouble, come of second-best, get the worst of it, find out one's mistake, collide with, bump against, come up against; a state in which one is not able to deal with a problem, difficult situation, etc., any longer; feeling desperate because you are in a difficult situation and you do not know how to deal with it; completely worn out, exasperated, or exhausted; having no more patience, endurance, or energy left."

Verskil in Skrifhantering en Skrifuitleg het figuurlik gesproke die NG Kerk tot stilstand gedwing, haar in 'n doodloopstraat laat beland, in die moeilikheid gebring, in botsing laat kom. Kort nadat die Algemene Sinode hierdie besluit geneem het, skryf Ursula Joubert in *Kerkbode* van 23 Oktober 2019: "Die NGK noem dit 'n vasgelooptheid omdat mense oortuig is dat die Bybel hulle standpunt steun." In die verslag wat daaroor voor die Kaapse Sinode gedien het, word hierdie verskil in Skrifhantering en Skrifuitleg op 'n ongekompliseerde en ongenuanseerde wyse gereduseer tot twee strydende partye wat teenoor mekaar stelling ingeneem het, maar nie nou die verskille onder mekaar op grond van die Skrif hoef aan te spreek nie, maar eerder hanteer word op grond van 'n "goeie proses van teologies-etiese onderskeiding" wat in die NG Kerk bevorder moet word.

“Die pogings om mekaar te oortuig lei net tot verharding in gesindhede waar opponente hulself dieper ingrawe, elk met sy eie standpunt. Daarmee word diegene wat bly sê dat die betrokke Bybeltekste nie positief praat oor selfdegeslagverhoudinge nie, soms beskuldig van fundamentalisme of biblisisme (mense wat die Bybel “letterlik” opneem sonder om die konteks waarin dit geskryf is in ag te neem), of dat hulle nie hermeneutiek (hoe om die Bybel korrek van toepassing te maak op ons moderne konteks) begryp nie, en hulle kry gereeld ’n lesing daaroor dat die Bybel nie “’n tydlose absolute waarheid is wat uit die lug geval het nie”.

Daarteenoor word diegene wat probeer aantoon dat die betrokke Bybeltekste nie van toepassing gemaak kan word op moderne selfdegeslagverhoudinge nie, weer soms daarvan beskuldig dat hulle die eksegese van die tekste forseer om by hul (voorafingeneemde) standpunt te pas, dat hulle by byna al die tekste die meer voor-die-handliggende verstaan van die teks ignoreer om elke keer voorkeur te gee aan die meer onwaarskynlike verstaan van die teks, en dat hulle met hierdie tipe eksegese ’n deur oopmaak waar die Bybel sy outoriteit en normatiewe karakter verloor. En intussen word **gay Christene gyselaar gehou in ’n hermeneutiese stryd oor die gebruik van die Bybel**. Hierdie skrywe is betekenisvol omdat dit ’n vasgelooptheid in die gesprek in die kerk baie goed beskryf en ’n ander basis vir die gesprek voorstel, naamlik die basis wat hierbo teologies-eties uiteengesit is.”

Die uiteengesette teologies-etiese basis verplaas die hermeneutiek van Bybellees met die etiek van Bybellees en stel sodoende die sogenaamde gay Christene vry van die gebruik van die Bybel teen hulle wel en weë – hulle doen en late (Romeine 7:23). G F Snyman in sy artikel *Om die Bybel anders te lees . ‘n Etiek van Bybellees* stel dit soos volg:

“’n Etiek van Bybellees help lesers om nie net die Bybelteks in ag te neem nie, maar ook diegene wat deur Bybelinterpretasie geraak word. Die vraag is nie net hoe betekenis gekonstrueer word nie, maar ook wie se belange gedien word, watter waardes aangemoedig word en watter sosio-politieke praktyke gelegitimeer word. Dit beteken dat die subjektiewe element aktief in die lees van die Bybel verdiskonteer word deur ’n mens se verantwoordelikhede ten opsigte van die teks, die leser en diegene wat die merke van ’n mens se lees gaan dra, te balanseer. Die etiese moment word belangrik, want hierin ontmoet die Bybelleser die ander mens in sy of haar blootgesteldheid. Maar dit vra ook ’n sensitiewe hantering van die Bybelteks ten einde geregtigheid teenoor die teks in sy historiese konteks te laat geskied. Op so ’n wyse word die Bybel minder van ’n wapen wat teen mense (soos vroue en gays) gebruik kan word en meer van ’n instrument om lesers te bemagtig.”

Daar word dus ‘n ompad geskraap vir diegene wat ten gunste van selfdegeslagverbintenisse is en die weg verder word nou self gebaan. Laat

dié wat slegs aan die Bybel hou (*sola scriptura*) maar agter bly. Deur die nodige bearbeiding sal hulle dalk vorentoe bykom. Intussen word daar, so word gesê, voortgegaan om "verbeeldingryk én gelowige" met etiese probleme omgegaan om uit die vasgeloopheid te kom. So kry Handelinge 17 vers 29 en Romeine 1 vers 25 opnuut betekenis en word die skepsel in plaas van die Skepper deur die skeppinge van menslike vaardigheid en verbeelding gedien en vereer.

## 2 VOORLEGGINGS AAN DIE ALGEMENE SINODE OF SY GEVOLMAGTIGDES

Die advies van die Algemene Taakspan Regte (ATR) betreffende die *Koinonia Sinode* lees: "Die ATR bevestig weereens dat lidmate, ampsdraers en gemeentes wat beswaard voel oor bepaalde besluite van die Algemene Sinode gebruik behoort te maak van die kerklike middele wat die kerkorde bied – kerklike middele soos revisie, hantering van kerklike geskille, prosedurele besware, beskrywingspunte en gravamina."

Hierby kan gevoeg word aanbring van kerkregtelike ongerymdhede, pastorale gesprek, voorlegging aan 'n taakspan van die Algemene Sinode met die oog op verslag met aanbevelings aan die eersvolgende vergadering van die Algemene Sinode en oorweging van uittrede uit algemene sinodale verband ingevolge Artikel 37 van die *Kerkorde*.

Daar word vervolgens sover moontlik kronologies gehandel met die aanwending van die kerklike midddele (remedies) tot beskikking van beswaardes :

### 2.1 Aanbring van kerkregtelike ongerymdhede:

**2.1.1** Voor die aanvang van Algemene Sinode 2019 is 'n aantal kerkregtelike ongerymdhede teenoor die ATR vermeld wat onder aandag van die Algemene Sinode gebring moes word.

**2.1.2** Hierdie ongerymdhede het plaasgevind by die opstel, goedkeuring en indiening van die "beskrywingspunt" oor selfdegeslagverbintenisse onder die naam van die Sinode van Wes-Kaapland wat op bladsy 528 en 529 in die Agenda vir Algemene Sinode 2019 verskyn.

**2.1.3** Hierdie ongerymdhede behels onder meer die volgende:

2.1.3.1 Die Moderatuur/Moderamen van die Sinode van Wes-Kaapland beskik nie oor die nodige handelingsbevoegdheid om na afloop van die eie sinodesitting besluite van die Sinode te herformuleer en as beskrywingspunt by die Algemene Sinode in te dien nie.

2.1.3.2 Die Moderatuur het die Moderamen van die Sinode van Wes-Kaapland mislei oor die rede waarom die sinodebesluite herformuleer is om as "beskrywingspunt" op die tafel van die Algemene Sinode te kom.

2.1.3.3 Die Moderatuur van die Sinode van Wes-Kaapland het geen bevoegdheid of opdrag gehad om die besluite van die Sinode te herformuleer en vir bekragtiging aan die Moderamen met slegs 'n stem daarvoor of 'n stem daarteen voor te lê nie.

2.1.3.4 Die Moderamen van die Sinode van Wes-Kaapland het Reglement 2.12.5 van die Sinode van Wes-Kaapland oortree by die hou van die buitengewone elektroniese vergadering, naamlik dat 'n buitengewone vergadering slegs spoedeisende besluite oor nie-kontroversiële sake kan neem en nie bedoel is vir sake van revisie nie.

2.1.4 Benewens die feit dat die ATR nie die nodige aandag bestee het aan die saak nie en geen behoorlike ondersoek daaroor gedoen het nie, het die Aktuarius van die Algemene Sinode, wat vooraf 'n afspraak met die Moderator van Wes-Kaapland oor die indien van die "beskrywingspunt" gehad het, die ATR onregmatig beïnvloed in hantering van ongerymdhede en is daar valslik aan die Algemene Sinode gerapporteer dat daar bloot "navraag" oor die beskrywingspunt gedoen is en dat dit ontvanklik is. Die gevolg was dat die afgevaardigdes tydens en ook na afloop van Algemene Sinode heimlik onder die indruk verkeer het dat dit inderdaad 'n beskrywingspunt van die Sinode van Wes-Kaapland was, terwyl die Moderator van Wes-Kaapland, nog voordat die dagbestuur van die Moderamen van Wes-Kaapland daarop besluit het, in korrespondensie met die Aktuarius van die Algemene Sinode, sy voorneme op skrif bekend gemaak het om die "beskrywingspunt" te laat dien wanneer die talle beswaarskrifte teen die 2015-besluite oor selfdegeslagverbintenisse aan die orde kom, sodat die vergadering steeds ten gunste van selfdegeslagverbintenisse kan besluit sou die 2015-besluite, soos verwag, nietig verklaar word.

**2.2 Beskrywingspunte:**

2.2.1 Voor Algemene Sinode 2015 het 'n beskrywingspunt van die Diensraad van die Oostelike Sinode gedien wat gevra het dat volstaan word met die 2007-besluite oor homoseksualiteit en die 2011-besluite (gewysig in 2013) oor die huwelik.

2.2.2 Die uittredende Moderamen het aanbeveel dat die 2013-opdrag dat studie oor die status van selfdegeslagverhoudings in die lig van die Skrif en die Gereformeerde tradisie herhaal moet word en dat daar ter vergadering oor die raamwerk daarvoor besluit moet word.

2.2.3 Die Tydelike Taakspan Leer- en Aktuele Sake het gevolglik aanbeveel dat die Algemene Sinode besluit om, in die lig van die verdere proses rakende die nadenke oor die status van selfdegeslagverhoudings, die beskrywingspunt nie goed te keur nie.

2.2.4 Die "beskrywingspunt van die Sinode van Wes-Kaapland", wat nóg van die 2007- en 2011-besluite oor homoseksualiteit en die huwelik nóg van die 2013 opdrag vir studie kennis van revisie gegee het, kon nie op wettige wyse voor die vergadering dien die oomblik toe die 2015-besluite ter syde gestel is nie. Toe was die beskrywingspunt van die Diensraad van die Oostelike Sinode én die aanbeveling oor die herhaling van die studie-opdrag die enigste regsgeldige voorstelle voor die vergadering.

Terwyl die 2015-besluite nog die wettige besluite was (soos ook deur die hof bepaal), kon daar nie by verstek en op rug van die beswaarskrifte kennis van revisie van reeds vooraf gewysigde besluite gegee word nie. Daarby het die voorsitter in reg en feit fouteer deur nie die beskrywingspunt van die Sinodale Diensraad van Oostelike Sinode saam met die aanbevelings van die uittredende Moderamen en saam met die Tydelike Taakspan Leer- en Aktuele Sake se aanbeveling aan die orde te stel nie. Reeds by Algemene Sinode 2015 het die Tydelike Taakspan teenoor die voorsitter beslis dat dit die korrekte orde is.

2.2.5 ‘n Beskrywingspunt wat op regmatige wyse op die tafel van die Algemene Sinode gekom het en hanteer moet word, word nie hanteer nie, terwyl ‘n beskrywingspunt wat op onregmatige wyse op die tafel van die Algemene Sinode gekom het, hanteer is en selfs die besluit van die vergadering geword het.

**2.3 Hersiening (Revisie):**

2.3.1 Slegs lede van ‘n kerkvergadering kan tydens die betrokke vergadering of in die agenda vir die eersvolgende vergadering kennis van revisie (hersiening) van ‘n besluit gee.

2.3.2 Die ATR se advies daartoe is ondeurdag en van nul en gener waarde vir lidmate, ampsdraers en gemeentes/kerkrade wat beswaard voel oor bepaalde besluite van die Algemene Sinode nie.

**2.4 Gravamen (Beswaarskrif):**

2.4.1 Indien daar by die nietigverklaring van die 2015-besluite volstaan is met die 2007- en 2011 besluite oor die huwelik en die 2013-besluit oor studie, kon die vergadering óf besluit het om slegs van die teologiese (substansiële) besware kennis te neem óf dit aan die taakspan vir studie oorhandig het vir oorweging en aanbeveling.

2.4.2 Toe die vergadering egter oorgegaan het om nuwe of gewysigde besluite oor selfdegeslagverbintenisse te neem - dit waarteen die substansiële aspekte soos vervat in die gravamina juis gerig is – was die vergadering verplig om eers die teologiese besware te hanteer en oor elk daarvan ‘n bevinding te maak.

2.4.3 Dit beteken dat nie ‘n enkele gravamen (beswaarskrif) wat voor die buitengewone vergadering van 2016 en voor die gewone vergadering van 2019 gedien het, verval het nie en steeds hanteer moet word. Hierdie gravamina (beswaarskrifte) bevat ernstige besware op grond van die Bybel en die belydenis en hierdie besware moet oorweeg en beslis word.

Benewens bogenoemde was daar ook nà 2015 appèlle teen die besluite rakende selfdegeslagverhoudinge. Die appèlle het uit twee dele bestaan, nl eerstens besware ogv kerkregtelike prosedure, en tweedens besware ogv die Skrif en belydenisse. Die appèlliggaam het ogv eersgenoemde die AS2015-besluite ongeldig verklaar, maar die besware ogv die Skrif en

belydenisse na die volle AS verwys omdat hulle hulleself nie bevoeg geag het om die teologiese beoordeling te doen nie. Nie een van dié teologiese besware uit die appèlle het ooit voor die AS gedien nie. Terwyl ‘n teologiese siening onder appèl is, kan ‘n sinode nie die appèl ignoreer en wéér soortgelyke besluite neem nie.

**2.5 Pastorale Gesprek en Voorleggings:**

2.5.1 Direk na afloop van die Moreleta-beraad het die voorsettingskomitee gesprek met die Moderamen van die Algemene Sinode aangevra om op pastorale wyse besware onder aandag van die Algemene Sinode te bring. Terwyl die versoek was om met die Moderamen self gesprek te voer, het slegs die dagbestuur van die Moderamen en enkele ander verteenwoordigers tot die gesprekke toegetree.

2.5.2 Op versoek van die dagbestuur van die Moderamen is 3 (drie) geskrewe dokumente oorhandig met besware oor liberale teologie, gebrekkige teologiese opleiding en kerkregtelike verval. Die dagbestuur het hierdie dokumente vir hulleself gehou, eensydig en tendensieus aan die Moderamen oor die gesprekke verslag gedoen en selfs later in ‘n verklaring aangevoer dat hulle eers mettertyd uitgevind het dat die besware oor meer as net selfdegeslagverbintenisse gaan.

2.5.3 Tydens die tweede gesprek het die dagbestuur ‘n uitnodiging gerig dat daar met die Algemene Taakspan Regte en die Algemene Kuratorium saamgewerk word in ‘n poging om besware uit die weg te ruim en om tot oplossings te kom. Terwyl daar van die kant van die beswaardes samewerking aangebied is, het die verdere uitnodigings uitgebly en is daar selfs in ‘n verklaring deur die dagbestuur én in ‘n verslag van die Algemene Kuratorium aan die Moderamen valslik en kwaadwillig aangevoer dat die beswaardes nie wou meewerk nie. ‘n Versoek dat die ware feite aan die Moderamen geopenbaar word, is geïgnoreer.

2.5.4 Nadat daarop aangedring is dat die ATR die uitnodiging gestand doen, is ‘n ontmoeting met die ATR-dagbestuur afgedwing. Op hierdie dagbestuur se versoek is op kort kennisgewing en met groot moeite ‘n dokument voorberei vir voorlegging en oorweging deur die ATR tydens sy komende jaarvergadering. Daar is selfs vooraf die moontlikheid genoem dat die ATR oor die voorlegging ontmoet kan word. Besware en voorstelle van die beswaardes is egter weereens in die wind geslaan en nou is ‘n ander haas uit die hoed gepluk, naamlik dat daar alleen oorweging geskenk kan word aan voorstelle as dit per beskrywingspunte *via* kerkrade en sinodes aan die eersvolgende Algemene Sinode voorgelê word.

**2.6 Artikel 37 uittrede:**

2.6.1 ‘n Aantal sinodes het reeds prosesse aan die gang gesit om uittrede uit algemene sinodale verband ingevolge Artikel 37 te oorweeg.

2.6.2 Verdeeldheid in die sinodale gebied, ontoepaslike, verwronge en gefabriseerde advies van die ATR oor die toepassing van Artikel 37 en die

onregmatige inmenging van die kant van die Algemene Sinode het dit onmoontlik gemaak vir ‘n sinode om op eerlike en onbevange wyse te doen wat die Artikel self sê, naamlik dat dit nie sake soos naam, lidmaatskap, bevoegdheid, bates en getalle is op grond waarvan daar tot so ‘n besluit gekom moet word nie, maar die regverdiging daarvan voor God in die lig van sy Woord.

2.6.3 Ongelukkig word lidmate, ampsdraers en die kerkvergaderings van ‘n kerkraad, ring en sinode ‘n rat voor die oë gedraai oor die vryheid waaroor beskik word om self oor selfdegeslagverbintenisse te beslis en ‘n eie besluit daaroor te handhaaf. Eers is gepaai dat die besluit van die Algemene Sinode net ‘n prosesbesluit is, sonder om oortuigend aan te voer wat daarmee bedoel word. Nou het die dagbestuur van die Moderamen met ‘n prinsipiële interpretasie gekom, wat lees:

“Die AS-2019 se besluit het dit wel duidelik gestel dat kerkvergaderinge in hulle pastorale bediening aan lidmate en die verkiesing van gelowiges tot die besondere ampte in kerklike bediening, asook met die oog op legitimasie van voornemende bedienaars van die Evangelie die volgende oorwegings moet laat geld ... toegang tot die sakramente; integriteit van verhoudings; en die geskiktheid vir die spesifieke bediening ongeag ... seksuele oriëntasie en -identiteit.”

Dit beteken dat die reg tot die neem van eie besluite, solank die 2019-besluite staan en van toepassing bly, net as ‘n wortel voor die neus voorgehou is en ‘n hersenskim is, wat in geen burgerlike hof meer gehandhaaf sal word nie, in elk geval nie terwyl daar verdeeldheid in die NG Kerk daaroor is en die kerk hom nie eensgesind op die reg tot godsdiensvryheid en die gevolglike reg tot billike diskriminasie op grond van geloofsoortuiging sal kan beroep nie.

**2.7 Prosedurele Beswaar:**

2.7.1 Die reg tot prosedurele beswaar is by Algemene Sinode 2019 beswaardes op ‘n uiters omstrede wyse ontneem.

2.7.2 Alhoewel Artikel 23.4 aan lidmate en ampsdraers die reg verleen om ‘n prosedurele beswaar aan die Algemene Sinode te rig, bepaal Artikel 23.5 dat dit in ooreenstemming met die reglement moet wees wat die Algemene Sinode daarvoor goedgekeur het. Dus is die *Kerkorde* en aanvullende reglement nou sodanig gewysig dat ‘n proseduriële beswaar nie meer by die vergadering van die Algemene Sinode kan dien nie. Sodoende is ‘n juridies-onhoudbare dubbelslagtigheid geskep wat tot gevolg het dat in ‘n appèl oor dieselfde saak voor dieselfde liggaam, soos dit al vir jare die gebruik was, nie meer saam oor proseduriële én substantiewe besware beslis kan word nie. Gegewe die uitspraak in die Gaum-saak is dit te betwyfel of sodanige appèlliggaam losstaande van die vergadering van die Algemene Sinode regtens kan bestaan en enigsins kan handel.

2.7.3 Die toepaslike aanvullende reglement vereis dat lidmate of kerkvergaderinge wat op grond van prosedurele ongerymdhede volgens die *Kerkorde* ernstig beswaard is oor besluite van die Algemene Sinode, binne 21 kalenderdae nadat die notule van die vergadering beskikbaar is, skriftelike beswaar by die Algemene Sinode moet indien. Die dag waarop die *Notule* beskikbaar was, word deur die Algemene Sekretaris en die Aktuarius van die Algemene Sinode amptelik aangegee as 16 April 2020.

2.7.4 Tot en met Algemene Sinode 2019 het besluite in werking getree by die elektroniese publikasie van die *Handelinge* van die Algemene Sinode, maar is sedertdien reglementêr verander om in werking te tree na publikasie van die *Notule*. Die Algemene Sinode se *Reglement van Orde* bepaal egter steeds dat wysiging van kerkordelike bepalings eers in werking tree met die elektroniese publikasie van die *Kerkorde.* Die dag waarop die *Kerkorde* elektronies gepubliseer is, word deur die Aktuarius amptelik aangegee as 12 Mei 2020. Dus het die 21 (een-en-twintig) dae tydperk om kennis van appèl teen die 2019-besluite oor selfdegeslagverbintenisse reeds verstryk, nog voordat die gewysigde bepalinge van krag geword het.

2.7.5 Verder is Artikel 23 van die *Kerkorde* en die aanvullende bepalings gewysig om aan die voorskrifte van die *Kerkorde* en die *Reglement van Orde* te voldoen, naamlik dat daarvan vooraf kennis van revisie in die gepubliseerde *Agenda* gegee moet word of dat dit slegs in ‘n laatstuk van die permanente taakspan kan dien as die vergadering goedkeuring verleen dat die laatstuk wel kan dien. Die vermelde wysigings is sonder vooraf kennis van revisie en in ‘n verslag van die Tydelike Taakspan Regte voor die vergadering gebring, wat opsigself hierdie wysigings ongeldig en nietig maak.

2.7.6 Die Nederlandse kerkregkenner, Kornelis Harmannij, waarsku in sy boek *Geen onafhankelijke rechtspraak* (2003) dat daar in die kerk nie op appèlprosedures vertrou moet word nie, omdat die beste prosedure steeds met menslike slimmigheid omseil kan word. Prosedure en reëls het slegs nut wanneer dit gedra word deur die sterk besef dat ons in die kerk van die Here afhanklik is. Dit is die kerk se taak om toe te sien dat reg geskied en te voorkom dat kerklike regspraak nie tot onregverdigheid lei nie. 'Appèlregelingen zijn er niet om ons vertrouwen op de Here te vervangen; ze zijn er alleen om consequent vanuit dat vertrouwen te werken.”

**2.8 Geskilbeslegting (Mediasie):**

2.8.1 Die probleem met die aanwending van meeste van bogenoemde kerklike middele (remedies) tot beskikking van beswaardes, is dat diegene teen wie se optredes beswaar aangeteken word, terselfdertyd ook diegene is wat oor die besware beslis en/of met teenoptrede kom. Besware word

maklik onder die mat gevee of bloot geïgnoreer om sodoende te voorkom dat hulle tot aanspreeklikheid en verantwoording geroep word.

2.8.2 Die enigste manier om te verhinder dat diegene teen wie beswaar ingebring word nie ook regter in hulle eie saak speel nie (die reël van natuurlike geregtigheid: *nemo iudex in sua causa*), is om van 'n middel (remedie) gebruik re maak waar die beswaarde en die persoon of instansie teen wie beswaar aangeteken word, op gelyke voet verkeer en die saak aan die oordeel, beslissing en/of bemiddeling van onpartydige persone oorgelaat word.

2.8.3 Die versoek wat namens beswaardes skriftelik aan die Algemene Sinodale Moderamen gerig is om tot sodanige geskilbeslegting (mediasie) toe te tree, is nie net deur die dagbestuur van die Moderamen van die hand gewys nie, maar ook van die Moderamen aan wie dit gerig is, weerhou. Daar is geantwoord op die reaksie van die dagbestuur op die versoek, maar ook hierdie antwoord is nie voorsien aan diegene aan wie die versoek gerig is nie.

**3. IS DAAR NOG ENIGE OOP KANALE NA DIE ALGEMENE SINODE?**

3.1 Uit bogenoemde blyk dit dat beswaardes, wat betref voorleggings aan die Algemene Sinode of sy gevolgmagtigdes, die einde van die weg bereik het. Die talle en uitgebreide pogings om besware op die voorgeskrewe kerkordelike wyse uit die weg te probeer ruim, word of in die kiem gesmoor, of op die rak weggebêre, of vindingryk gesystap of net langs die pad verloor.

3.2 Die huidige "kerklike leierskap" is geensins van voorneme om besware behoorlik aan te hoor en om aktief mee te werk om besware uit die weg te probeer ruim nie. Telkens loop beswaardes hulle vas teen eiesinninge, selfvoldane, partydige, oningewyde, bedrieglike en selfs liefdelose en kwaadwillige "kerkleiers" vas wat nie skroom om posisie en mag te misbruik om te kry en te behou wat hulle vir hulleself verwerf het nie. Deursigtigheid, eerlikheid, aanspreekbaarheid en geloofwaardigheid het langs die pad in die slag gebly. Dit is nie vergesog om van kaping en kaderontplooiing in die NG Kerk te praat om hierdie selfbelang ten alle koste te probeer beskerm en verder te bevorder nie. In die proses word talle goedgelowige lidmate, ampsdraers en kerkvergaderinge óf om die bos gelei, óf aan die neus rondgelei tot groot skade van die NG Kerk self en die getuienis en funksionering van die NG Kerk in 'n reeds verwarde en verdwaasde wêreld. Is daar nog heil in so 'n kerk te vind? Kan die Algemene Sinode nog van ondergang en uitwissing gered word (Efes 2:5)?

Verslag: Dr Johann H Ernst

****************************************************************************************************

## 15.2 AANBEVELINGS

Gegewe die feit dat mediasie (beslegting van kerklike geskille) die enigste oorblywende en aanvaarbare uitweg is wat beswaardes se vasgelooptheid ten opsigte van die Algemene Sinode betref, besluit die Koinonia Sinode die volgende:

15.2.1 Die KSDG kry opdrag om die verskillende mediasie opsies te ondersoek, regsadvies in te win, en dan amptelik oor die metode van mediasie te onderhandel en met die proses te begin.

15.2.2 Kerkrade van dolerende en behoudende gemeentes van die NG Kerkverband tree by wyse van formele kerkraadsbesluite as gesamentlike partye toe tot 'n kerklike geskil wat teen die Algemene Sinode van die NG Kerk aanhangig gemaak word.

15.2.3 Beswaarde lidmate van gemeentes van die NG Kerkverband is welkom om hulle as party tot die geskil te voeg.

15.2.4 Kerkrade en lidmate wat tot die geskil toetree, gee op geskrewe wyse aan sekere aangewese persone die volmag om namens hulle tydens die geskilbeslegting op te tree en alternatiewe oplossings te vind wat vir al die betrokkenes aanvaarbaar is.

15.2.5 Die gevolmagtigde persone ontvang ook volmag om die begeleiers deur die Algemene Sinode aangewys, goed of af te keur.

15.2.6 Die aangewese persone rapporteer aan die volmaggewers oor die verloop en afloop van die geskilbeslegting.

15.2.7 Die geskilbeslegting moet sover moontlik afgehandel wees voor die eersvolgende sitting van die Algemene Sinode, sodat die uitkoms deur die Algemene Sinode bekragtig kan word en direk daarna in werking gestel kan word.

15.2.8 Indien die Algemene Sinodale Moderamen as gevolmagtigde van die Algemene Sinode nie voor 30 Junie 2023 instem tot geskilbeslegtiging nie, word volmag gegee aan die aangewese persone om namens die toetredende party die burgerlike hof te nader om die Algemene Sinode te verplig om sonder versuim aan die mediasie proses deel te neem.

# 16 SAAM OP WEG: REFORMASIE DEUR MEDIASIE?

## 16.1 VERSLAG

**Inleiding**

Reformasie – terug na die Here en sy Woord – is veronderstel om ‘n deurlopende proses te wees in handelinge en besluite van kerklike vergaderings. Vanweë die gebroke werklikheid waarin ons leef, ontstaan daar egter kairos momente waarin daar met ywer op reformasie gefokus moet word. In die lig van dwalinge deur die verwatering van die Woord en ons gereformeerde belydenisse, beleef ons tans so ‘n kairos moment in die NG Kerk, en is die Koinonia Sinode juis byeen as ‘n vergadering van behoudende gemeentes wat saam op weg is in hulle ywer vir reformasie.

Terwyl ware reformasie alleen deur die Heilige Gees bewerk kan word, dra die kerk, en ook hierdie sinode wat saamgestel is uit afgevaardigde en benoemde lidmate van die kerk, die verantwoordelikheid om biddend en onder leiding van die Heilige Gees alle beskikbare geleenthede en middele te oorweeg om die proses van reformasie te bevorder.

In die oorweging van middele om reformasie te bewerk, moet die beginsel van "ons hanteer kerklike sake op 'n kerklike wyse" te alle tye gehandhaaf word. Ons as kerk van ons Here Jesus is immers geroep om alle sake te hanteer in gehoorsaamheid aan die Woord, tot eer van sy Naam en tot heil van sy kerk. Juis daarom dat ons alle sake op 'n kerklik gepaste wyse moet en wil hanteer.

**1. Die Kerkorde – 'n kerkordelike weg tot reformasie, of 'n doodloopstraat?**

Die NG Kerk beskik oor kerkordelike reëlings wat daar is om die kerk te begelei om kerklike sake op 'n kerklike wyse te hanteer. Hierdie kerkordelike reëlings is gebaseer op die Woord en beginsels wat amptelik deur die kerk aanvaar is as 'n ordelike wyse om sake te hanteer. Kerkordelike reëlings maak voorsiening vir die verantwoordelikhede en verloop van alle vergaderinge in die kerk en die hantering van sake wat op die tafel van vergaderinge van die kerk geplaas word. Die Kerkorde maak ook voorsiening vir die gepaste hantering van klagtes, besorgdhede, besware en voorleggings van lidmate, kerkrade en ander vergaderings, wanneer daar van die Woord, die gereformeerde leer en van die kerkordelike reëlings self afgewyk word.

Die vraag is egter: Hoe gemaak as lidmate en kerkrade daarvan oortuig is dat die kerk van die Woord, die gereformeerde leer en kerkodelike reëlings afdwaal, maar dat die klagtes en besorgdhede nie gehoor word of juis nie op kerkordelike wyse hanteer word nie?

Dít is juis die probleem van talle lidmate en kerkrade. Daar is nie net 'n gevoel van moedeloosheid omdat "ons nie gehoor word nie", maar daar is inderdaad die hartsoortuiging dat besware, klagtes, bekommernisse en voorleggings (bv beswaarskrifte, gravamina, ens) nie kerkordelik korrek hanteer word nie.

Daar heers tans by baie lidmate en kerkrade bekommernis en besware oor die Algemene Sinode (AS) se onskriftuurlike besluite (bv oor Satan, saamwoon en selfdegeslagverhoudings), teologiese opleiding, die hantering van klagtes van Skrif- en leerdwaling in die kerk, ens. Verder heers daar 'n diepe bekommernis en beswaardheid oor die AS se minagting van kerkordelike reëlings (bv tydens vergaderings, die hantering of die nié-hantering van gravamina en die hantering van appèlle). Genoemde bekommernisse kulmineer in hartseer en frustrasie omdat kerkordelike pogings en oproepe om die bekommernisse aan te spreek, in 'n doodloopstraat beland het. Daar heers met baie goeie rede by sommige die ervaring en oortuiging dat die AS gekaap is.

Gegrond op die ervaring en oortuiging van beswaardes, het Kairos Netwerk (KN) oor die afgelope paar jaar as instrument en spreekbuis na vore getree ten einde bekommernisse te verwoord en onder die aandag van die AS se leierskap te bring. Ook hierdie pogings is geminag en het telkens in 'n doodloopstraat beland.

**2. Tyd om biddend alle opsies te oorweeg as instrument om te reformeer**

**2.1** **<u>Opsie 1</u>: Persoonlike gesprekke:** Ons glo nog altyd dat persoonlike gesprekvoering die eerste Bybelse weg is om verskille en konflik in die kerk

effektief aan te spreek. Daarom het KN namens ‘n groot aantal dolerende en ander behoudende gemeentes, verskeie persoonlike gesprekke met die uitgebreide Dagbestuur van die ASM asook lede van die ATR gevoer. Hierdie gesprekke is opgevolg met verskeie skriftelike voorleggings aan die ASM en ATR. Hoewel die ASM Dagbestuur aanvanklik mooi beloftes gemaak het om KN te betrek in die soeke na oplossings, het hulle spoedig hul eie beloftes gerepudieer en alle kommunikasie met KN afgesny. Hierdie teleurstellende reaksie van die ASM druis natuurlik in teen die AS se eie besluite oor “luister na mekaar” (*Seisoen van Luister*).

**2.2 Opsie 2: Buitengewone vergadering van die Algemene Sinode**

Daar is eintlik net een vergadering wat die verkeerde en omstrede besluite van die AS kan regstel of herroep, en dit is die AS self. KN het by herhaling versoeke tot die ASM gerig om, in die lig van die groot verskeurdheid wat die AS se besluite in die NGK veroorsaak het, so gou moontlik ‘n buitengewone sinode byeen te roep om die krisis in die kerk aan te spreek. Ook hierdie versoek is botweg geweier.

**2.3 Opsie 3: Kerkorde se Aanvullende besluit: Beslegting van kerklike geskille**

Die doel van tug en vermaning is om kerklike dissipline te handhaaf ten einde te dien tot eer van God, die heil van die kerk en die behoud van die sondaar. Die Kerkorde sit die plek, doel en hantering van tug duidelik in artikels 59-66 asook reglement 22 uiteen. Daartoe aanvullend is besluit 27 wat *Riglyne vir die Beslegting van Kerklike Geskille* uiteensit, ook in die Kerkorde opgeneem. Besluit 27.1 sê duidelik waaroor dit handel: *Ampsdraers en lidmate poog allereers om onderlinge konflik op ’n persoonlike en pastorale wyse op te los.*

Dit is duidelik dat die riglyne vir beslegting van kerklike geskille, ‘n onderdeel vorm van en van toepassing is in gevalle van tug. In die praktyk gebeur dit egter dikwels dat tugklagtes ten diepste verband hou met persoonlike konflik. In sulke gevalle wil die riglyne vir beslegting van kerklike geskille ‘n weg aanwys waarop die konflik op ‘n persoonlike en pastorale wyse opgelos kan word.

Die krisis situasie waarin die kerk hom bevind as gevolg van die AS se dwalinge en onbybelse besluite, en behoudendes se opstand daarteen, is egter iets anders as ‘n tugondersoek. Kerklike geskilbeslegting soos uiteen gesit in die Kerkorde, is dus in hierdie geval beslis nie van toepassing nie.

Goudland Sinode het ‘n amptelike leergeskil met die AS verklaar. (Ander sinodes soos die Vrystaat en Namibië het dit by implikasie ook gedoen.) Ten spyte daarvan dat kerklike geskilbeslegting nie die regte kerkordelike prosedure is vir sulke soort geskille nie, het die ASM die ATR se foutiewe advies gevolg deur ‘n oplossing langs hierdie weg te probeer vind. Dit was egter ‘n totale mislukking en het lidmate en leraars van Goudland verwar oor hul kerkordelike regte.

**2.4 Opsie 4: Kerkorde Artikel 44.4 en 44.5: Hantering van leergeskille tussen sinodes en mindere vergaderings**

Amptelike leerggeskille soos dié wat Goudland Sinode met die AS verklaar het, is ‘n geskil tussen amptelike kerkvergaderinge en moet kerkordelik hanteer word volgens Kerkorde **Artikel 44.4 en 44.5.** Hierdie artikels bepaal:

*44.4 Sake in verband met leertug, leergeskille of geskille tussen sinodes en mindere vergaderinge kan by wyse van appèl voor die Algemene Sinode dien. In gevalle van leertug en leergeskille word ’n tweederdemeerderheidsbesluit vir die bekragtiging van die uitspraak van die Algemene Sinode vereis (vergelyk Artikel 65.2 van die Kerkorde).*

*44.5 Indien ’n tweederdemeerderheid nie verkry word nie, mag enige van die partye ’n verdere beroep op die afsonderlike sinodes doen. Die gesamentlike volstrekte meerderheid van stemme van die afsonderlike sinodes is dan beslissend.*

Ten spyte daarvan dat die ATR en die ASM verskeie kere daarop gewys is dat dit die kerkordelike weg is hoe Goudland en verskeie ander kerkvergaderinge se kerklike geskil met die Algemene Sinode hanteer moet word, weier die ATR en ASM (waarskynlik om verstaanbare redes) om hierdie kerkordelike voorgeskrewe proses te volg.

**2.5 <u>Opsie 5</u>: Litigasie (hof toe)**

In die gees van die tyd kan die vraag gevra word of die moontlikheid van litigasie (hof toe) nie dalk ‘n weg is om behoudendes se besware en bekommernisse aan te spreek nie? In gehoorsaamheid aan die Here soos in die Woord vir ons geleer (1 Kor 6:6,7, Mat 5:25-26, Luk 12:57-59), is dit egter ‘n keuse wat die kerk sover moontlik wil en moet vermy. Gelowiges moet eerder poog om ‘n skikking buite die hof te vind. (Dit is ongelukkig wel so dat gelowiges gedagvaar kan word om in die hof te verskyn. Dan is daar nie ‘n ander keuse as om jouself in die hof te gaan verdedig nie.) Om die hof te vermy gaan dus nie net oor die hoë finansiële koste daaraan verbonde nie, maar oor die getuienis dat die pad wat die Woord vir ons aanwys, die regte pad is.

**2.6 <u>Opsie 6</u>: Kerklike mediasie**

Die gedagte van kerklike mediasie word nie as ‘n opsie in die Kerkorde (van die AS) genoem nie. Die Sinode Wes-Kaapland het egter ‘n aparte reglement vir mediasie (reglement 50) wat beskryf word as “...*‘n vrywillige proses om geskille deur wedersydse ooreenkoms te besleg. Dit is ‘n onafhanklike en vertroulike proses waar die onderskeie partye met hulp van ‘n onpartydige fasiliterende (geakkrediteerde) mediator na ‘n oplossing vir die konflik soek. Dit geskied sonder benadeling van regte, waar slegs die getekende ooreenkoms bekendgemaak word. Die partye kom onder leiding van die mediator self tot ‘n ooreenkoms wat in belang van beide partye is.”* Die proses waarna die genoemde reglement verwys, is ‘n kerklike proses.

KS sou dit as ‘n opsie kon oorweeg om in so ‘n kerklike mediasieproses met die AS betrokke te raak onder leiding van ‘n onpartydige fasiliterende en geakrediteerde mediator. Die probleem is egter dat die Kerkorde (van die AS) nie vir hierdie opsie voorsiening maak nie. Daar kan dus van AS se kant

geredeneer kan word dat dit nie ‘n weg is om te volg nie. Daarmee saam is die vraag watter bindingskrag so ‘n kerklike mediasieproses sou hê, al word daar tot ‘n getekende ooreenkoms gekom? Wat as een van die partye se gewete nie langtermyn deur die ondertekening gebind is nie?

**2.7 Opsie 7: Mediasie met juridiese gesag**

Die doel en proses van mediasie met juridiese gesag, stem (naastenby) ooreen met die beskrywing van kerklike mediasie soos beskryf in die aanhaling hierbo (reglement 50 Sinode Wes-Kaapland). Met die oog op moontlike mediasie moet die betrokke partye vooraf hulself vrywillig tot die proses verbind. Partye moet ook voor die proses begin die saak/sake identifiseer wat hulle op die mediasie tafel wil plaas. Die uitkoms van so ‘n mediasie proses word egter deur ‘n hof as bevel verklaar. Mediasie dra dus juridiese gesag, maar verskil van ‘n hofsaak daarin dat ‘n meer Bybelse weg gevolg word om tot ‘n ooreenkoms te kom, én dit geskied met die voordeel dat duur hofprosedures vermy word.

KN het ‘n poging aangewend om die pad van mediasie te loop. ‘n Skrywe met ‘n versoek of die ASM bereid sou wees om mediasie te oorweeg, is aan die Algemene Sinode Moderamen (ASM) gerig. Dit word met teleurstelling vermeld dat die Algemene Sekretaris van die AS vir KN skriftelik in kennis gestel het dat die dagbestuur van ASM die versoek tot mediasie van die hand wys. Daar moet gelet word op die feit dat die versoek van KN aan die ASM gerig is, maar dat die versoek nie voor die ASM gedien het nie. Die dagbestuur het self besluit om die versoek af te wys.

**3. Samevatting**

Die Koinonia Sinode sal in hierdie kairos moment moet besluit op geen óf een van bogenoemde instrumente om die proses van reformasie te versterk.

Verslag: Ds MS (Smuts) Janse van Rensburg

************************************************************************************************************

## 16.2 AANBEVELINGS

16.2.1 Die Sinode neem kennis van die verslag.

16.2.2 Die Sinode betreur die situasie waarin die NGK deur Skrif- en leerdwaling beland het. Daarmee saam betreur die Sinode die onkerkordelike wyse waarop die AS die stem, geweeklaag en getuienis van behoudende lidmate en kerkveraderings hanteer en selfs ignoreer.

16.2.3 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor Kairos Netwerk vir die volhardende en verskeie pogings wat aangewend is om die besware, bekommernisse en hartseer van lidmate, kerkrade en ringe onder die aandag van die Algemene Sinode te bring en om daaroor in gesprek te tree.

16.2.4 Die Sinode betreur die wyse waarop pogings van Kairos Netwerk om in gesprek met die Algemene Sinode te tree, telkens afwysend begroet is.

16.2.5 Die Sinode gee opdrag aan die KSDG om in samewerking met KN-regspan die moontlikheid van mediasie met juridiese gesag verder te ondersoek. Ondersoek moet gedoen word na die

benodigde mandaat vir mediasie, die *locus standi* van die KS of sy gevolmagtigde as party, sake wat die KS op die tafel wil plaas vir mediasie, die ononderhandelbare sake van die kant van die KS, die pad vorentoe nà mediasie, ens.

16.2.6 Die Sinode versoek die KSDG om met inagneming van alle ter saaklike inligting én regsadvies, te besluit of mediasie ‘n daadwerklik bydrae kan lewer tot radikale kerkreformasie van binne, terwyl daar geen toegewings gemaak word om on-Bybelse leringe te aanvaar nie.

16.2.7 Die Sinode gee aan die KSDG volmag om, ná die inwin van toepaslike inligting en regsadvies, ‘n besluit te neem oor mediasie al dan nie. Indien daar op mediasie besluit word, gee die Sinode aan KSGD volmag om voort te gaan met ‘n mediasie proses tussen die KS en die AS.

16.2.8 Dit is die Sinode se gebed dat die pogings wat aangewend word om die kerk te reformeer, goeie vrug sal dra tot heil van die kerk en tot eer van die Here.

## 17 SAAM OP WEG: REFORMASIE IN TEOLOGIESE OPLEIDING

### 17.1 VERSLAG

Ons doen graag soos volg verslag aan die Koinonia-Sinode(KS) oor die stand van sake met betrekking tot Teologiese Opleiding.

**1. AGTERGROND**

Die agteruitgang van Teologiese Opleiding in die NGK en wel veral by sy drie fakulteite in Stellenbosch, Pretoria en Bloemfontein, hou vir geruime tyd reeds ernstige kommer in. Sonder om te veralgemeen, is die onderstaande probleme in ‘n mindere of meerdere mate teenwoordig by die meerderheid van dosente by hierdie instellinge. Hierdie probleemsituasies lê grootliks vas aan die voorkeure vir sekere hermeneutiese benaderings en Skrifinterpretasie, die beperkte aandag aan die gereformeerde belydenis in sy verskillende fasette, en leemtes in die sogenaamde kerkeie opleiding.

Daar sou wel uitgebreid aandag gegee kan word aan die bogenoemde en aan voorbeelde wat in veral die afgelope twee dekades op verskillende wyses na vore gekom het, maar ruimte daarvoor ontbreek. Voorbeelde daarvan is egter ongelukkig legio. Dit moet bygevoeg word dat hierdie probleemareas duidelik blyk uit amptelike dokumente van die betrokke teologiese fakulteite, uit kerklike taakspan-verslae, uit persoonlike getuienisse, ensomeer. Vervolgens is die kerklike toesig oor Skrif- en belydenisgetroue teologiese opleiding wat die verantwoordelikheid van die verskillende kuratoria is, ongelukkig ook soms op onsekere voet. Ook hiervan is daar ‘n hele aantal voorbeelde. Dat die huidige en toekomstige teologiese opleiding van studente vir bediening in die NGK dus onseker en selfs problematies lyk, kan nie betwyfel word nie. As gevolg van die bogenoemde werklikhede het Kairos Netwerk(KN) toenemend meer aandag aan hierdie uitdaginge begin gee en daarom die volgende verslag met sy analises en voortvloeiende aanbevelings.

**2. VERSLAG**

## 2.1 KLASSIEKE TEOLOGIESE OPLEIDING

Hierdie opleiding het in gedagte ‘n duidelike Bybelse taalstudie-fokus (Grieks en Hebreeus) tesame met verskillende ander toepaslike wetenskappe. Daar is aan die einde van 2021 besluit om in ‘n informele verstandverhouding met die NWU - in die toekoms Gereformeerde Teologiese Akademie (GTA) - en afhanklik van bepaalde sake met die Afrikaanse Protestantse Akademie (APA) te tree met die oog op ‘n klassieke gereformeerde opleiding. Hierdie instansies besef dat die situasie en hierdie reëling nog vloeibaar is. Intussen moet die KS (of sy genomineerde) ook eers “locus standi” kry om ooreenkomste te kan sluit en verder te onderhandel met Teologiese Opleidingsinstansies. ‘n Amptelike Begeleidingskommissie van KS/KN sal ook eie Skrifgetroue gereformeerde kurrikulum-vereistes moet bepaal vir akkreditasie in samewerking met die “diensverskaffers” soos bv GTA. Intussen moet netwerkskakeling met ander opleidingsinstansies soos Mukhanyo, George Whitefieldkollege, Akademia, SATS en NETS ook oorweeg word.

## 2.2 VERITAS-OPLEIDING VAN VERAL DIENSLERAARS

Die Veritas-opleiding in teologie, aangebied deur Veritas College International (VCI), bied ’n unieke moontlikheid tot een van die grootste krisisse in die NGK nl. Bybelgetroue teologiese opleiding en veral ook diensleraar-opleiding. Vroeg in 2022 is daar tot ‘n informele ooreenkoms insake samewerking met die VCI gekom. Behalwe vir Diensleraar-opleiding kan ook fasiliteerders opgelei word wat gewone lidmate kan toerus met die Bybelse waarhede. So kan ook hulle meewerk om gemeentes se leer suiwer te help hou en ander lidmate daarmee te begelei. Intussen sal daar bepaal moet word hoe en wie ons diensleraars wat Veritas sal oplei gaan akkrediteer, sodat hulle uiteindelik gelegitimeer en bevestig kan word in gemeentes, en wel onder toesig of leiding van 'n teologies opgeleide predikant. Indien die NGK en sy leierskap wel tot dramatiese inkeer en radikale reformasie sou kom, is daar steeds die moontlikhede tot instroming in die bestaande en nuwe NG-opleidingspaaie.

## 2.3 VTO-OPLEIDING

Kairos Netwerk het ook ‘n duidelike eietyds gereformeerde visie op gebalanseerde voortgesette teologiese opleiding ontwikkel. Die eerste VTO-geleentheid op Donderdag 22 September 2022 het besonder goed afgeloop met ongeveer 30 mense wat fisies teenwoordig was en ongeveer 40 persone wat by verskillende tye digitaal ingeskakel het. Agterna is daar ook videos van die geleentheid versprei. Die program vir die dag het soos volg daaruit gesien: Die breë tema vir die dag was ‘n vars en eietydse fokus in die 21e eeu op gesonde Skrif-en Belydenisgetroue gereformeerdheid en wel in Koninkryksverband. Sulke geleenthede skep groot kruis-bestuiwing tussen mede-Skrifgetroue deelnemers en dit kan ook kapasiteit vergroot. Die drie insette van baie hoogstaande gehalte was die volgende: “Terug na die belydenis: hoe om ‘n belydenis- en belydende kerk in 2022 te wees”; “Terug na die Skrif: Bybelse teologie as alternatief op Skrifkritiek”; en ten slotte “God se

wil vir die kerk se pad vorentoe".

**2.4 "GAP"-JAAR**

Ongeag van presies hoe en waar toekomstige Skrifgetroue NG-leraars opgelei gaan word, beplan Kairos Netwerk vanaf 2024 'n "Gap"-jaar ná matriek veral vir voornemende studente in die Teologie asook vir diegene wat jeugwerker, leiersrolle, ens binne die kerk wil vervul. Die "Gap"-jaar sal help om jongmense weerbaar te maak teen aanslae van die tydsgees wat Skrifwaarhede wil relativeer. Die "Gap"-jaar word ook vir belangstellendes uit ander kerke aangebied met die oog op beter Skrifverstaan, Skrifgetroue diens en die verstaan van die gereformeerde leer. Seminare oor leierskap, tydsbestuur en kritiese denke sal ook tussendeur aangebied. Seminare sal ook aanlyn aangebied word. Uiteraard trou aan die gedagte van 'n "Gap"-jaar vind daar intussen gereelde sosiale- en avontuur-aktiwiteite en uitstappies plaas. Met betrekking tot praktiese vorming, word studente vir die maand Oktober dan in 'n deelnemende Skrifgetroue gemeente geplaas. So 'n gemeente aanvaar dan geestelike mentorskap oor die student, ook hopelik vir die res van sy/haar universitêre opleiding. Ook moontlike Teologiese studente kan hierdeur verder voorberei en dalk ook gekeur word.

**2.5 VESTIGING VAN 'N EIE BEGELEIDINGSKOMMISSIE**

Die Kairos Netwerk(KN) het intussen ook die visie vir 'n Begeleidingskommissie vir voornemende woordbedienaars en hul dosente ontwikkel. 'n Eerste suksesvolle vergadering van hierdie Begeleidingskommissie het in Januarie 2023 plaasgevind.

**2.6 ALGEMEEN**

Die Kairos Netwerk(KN) dink intussen ook pro-aktief oor verskillende ander aksies rondom teologiese opleiding en begeleiding. Die moontlikheid van 'n mentorprogram vir huidige teologiese studente aan die bestaande teologiese fakulteite, asook 'n basis-opleidingsentrum vir geroepenes ook uit verskillende ander Skrifgetroue denominasies word tans oorweeg.

Verslag: Prof JW (Hoffie) Hofmeyr

****************************************************************************************************

**17.2 AANBEVELINGS**

17.2.1 Die Sinode neem met leedwese kennis van die invloede vanuit die liberalisme en relativisme wat lei tot die agteruitgang van gebalanseerde gereformeerde teologiese opleiding aan die huidige drie Teologiese Fakulteite waar die NGK se studente teologiese opleiding ontvang.

17.2.2 Die Sinode aanvaar die huidige nuwe informele reëling met betrekking tot 'n klassieke teologiese opleiding, en is tevrede dat dit natuurlik verder kan ontwikkel.

17.2.3 Die Sinode let intussen noukeurig op die implikasies van moontlike Teologiese verskille met sommige van hierdie opleidinginstansies instansies soos bv die GTA en die APA, en onderhandel slegs met duidelike voorbehoude tov hantering van moontlike Teologiese

verskille.

17.2.4 Die Sinode sal hom, as ‘n Skrifgetroue Sinode wat nie gebind is deur enige taal- en kulturele grense nie, deurgaans veral deur prinsipiële en teologiese oorwegings laat lei.

17.2.5 Die Sinode neem met dank kennis van moontlikhede by Veritas, veral vir die opleiding van Diensleraars. Aangesien die Sinode tans nog nie ’n formele ooreenkoms met VCI gesluit het tov die opleiding van diensleraars nie, moet die Sinode die huidige vertrouens-verstandhouding tussen hierdie partye waardeer en eerbiedig.

17.2.6 Die Sinode steun die beplanning van hieropvolgende VTO-geleenthede.

17.2.7 Die Sinode spreek hom positief uit oor die “Gap”-jaar en wens die organiseerders alle voorspoed toe met die beplanning daarvan by die Adullam-kerklike opleidingsentrum naby Secunda.

17.2.8 Die Sinode neem met waardering kennis van die ontwikkeling van gedagtes oor ‘n Begeleidingskommissie vir Teologiese Opleiding en die Sinode moet nou uitsluitsel gee oor die voortsetting en implementering van hierdie visie.

17.2.9 Die Sinode spreek hom in beginsel positief uit oor verskillende verdere aksies wat rondom teologiese opleiding bedink en oorweeg word.

## 18 SAAM OP WEG: REFORMASIE IN LEER EN AKTUELE SAKE

### 18.1 VERSLAG

Die tot stand kom van die Kairos beweging na die 2019 Algemene Sinode (AS) se besluit oor selfdegeslagverhoudinge (sgv), word opportunisties voorgehou as die hoofrede vir Kairos se bestaan. Die voorstelling is vals. Dit gaan oor baie meer. Ten diepste gaan dit oor die plek en gesag van die Skrif in die werk en lewe van ons kerk, die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK). Die ware probleem is die aftakeling van die normatiewe gesag van die Skrif in die kerk.

In die kerk se wegbeweeg van die reformatoriese verstaan van die Bybel as die Woord van God, speel die Algemene Taakspan Leer en Aktuele Sake (ATLAS) ’n beslissende rol. Aangevuur en geïnformeer vanuit veral die Sinode van Wes-Kaapland en ander liberaal gesindes in die AS en sy strukture, funksioneer dit reeds oor baie jare as die voertuig wat die vrysinnige liberaliste gebruik om die kerk te transformeer. Hier vind ons die ware rede vir kerkskeuring. ’n Baie spesifieke invalshoek wat ons help om te verstaan hoedat die kerk in hierdie situasie beland het, is om die ontwikkeling en groei van die gees van dwaallering binne die kerk kortliks na te speur.

Die NGK, met al sy gebreke, was tot die middel 1980’s steeds ongekwalifiseerd verbind aan twee direk verwante sake: dat die Skrif nie anders kan en mag verstaan word nie as die onfeilbare Woord van God wat geldig bly vir alle mense te alle tye en op alle plekke; en dat die Drie Formuliere van Eenheid die wyse waarop ons die Skrif verstaan en gebruik, uitspel. In 1986 verskyn die eerste duidelike krake rondom die kerk se Skrifverstaan en Skrifgebruik wanneer n verslag voor die sinode dien wat die deur versigtig begin oopstoot en wat uiteindelik ’n ander verstaan en gebruik van die Bybel moontlik maak. Die “wrede wolwe” lê immers voortdurend op loer om die

geledere van die gelowiges binne te dring waarna die kudde nie gespaar sal word nie (Hand 20: 28-31). Dit is dan ook nie toevallig nie dat dit juis gebeur in ŉ tyd van sosiale - en politieke onsekerheid toe die oë gerig was op die aanbreek van die "Nuwe Suid-Afrika". Die nasie, sowel as die kerk, was voorberei op die oorgang na ŉ nuwe bedeling. Ten spyte van die NGK se Bybelse onderskrywing van apartheid, het die kerk voortgaande bely dat die Bybel die geïnspireerde Woord van God is en dat die kerk een is in ooreenstemming met die Drie Formuliere van Eenheid. Dit het intussen dramaties verander.

Die 1986 verslag word opgevolg deur ŉ gewysigde 2002 verslag wat in 2004 gefinaliseer word en steeds dien as die amptelike standpunt van die NGK se Skrifverstaan en Skrifgebruik. Nou is die Bybel egter nie meer net die Woord van God nie, maar eerder mense se woorde oor God. As sulks kan die Bybel nie meer as onfeilbaar beskou word nie, want die skrywers is immers almal feilbare, voor wetenskaplike mense. Hulle weet en verstaan nie alles nie en maak foute. Hulle bestaanswêreld is ook vêr verwyderd van ons wêreld en daarom moet hulle uitsprake herinterpreteer, en die Bybel met agterdog benader word.

Wat van belang by die deurlees van die verslae oor Skrifgesag is dat die "ou" verstaan van die Skrif nie verwerp word nie, maar gekwalifiseer word met die woorde: "Dit beteken nie dat ..." en dan volg die alternatiewe moontlikhede vir ŉ ander verstaan van die Skrif. So word daar ŉ dualistiese verstaan en gebruik van die Bybel in die kerk moontlik gemaak. Dit word ŉ breuklyn wat die kerk onherroeplik in twee kampe verdeel. Dit skep ŉ onhoudbare situasie wat roep na radikale kerkreformasie met ŉ intensiteit soortgelyk aan die van die oorspronklike reformatore. Want waar die Woord faal, daar val die kerk.

Nêrens word dit duideliker gesien as in die feit dat vanaf die vroeë jare 2000, alle dosente, leraars en lidmate wat van leerdwaling aangekla was, vrygespreek is met beroep op die AS se 2002/2004 besluite rondom Skrifgesag. Dit is dan ook geen wonder nie dat die toepassing van opsig en tug, prakties in die NGK tot ŉ stilstand gekom het nie. Ons kan immers nou met kerklike instemming van mekaar verskil oor die verstaan, gebruik en betekenis van die Bybel. Dit gaan nie meer oor wie reg of verkeerd is nie. Daarom kan ons in liefde van mekaar verskil. Solank ons mekaar steeds "vashou" sodat ons in voortdurende gesprek met mekaar kan bly sonder om te verwag dat daar tot ŉ deurslaggewende finale uitkoms gekom hoef te word. Hierna volg die een na die ander omstrede AS besluite wat mekaar ritmies en selfs met ŉ sekere logika opvolg.

Noudat dit moontlik is om die Bybelse uitsprake as histories onbetroubaar en wetenskaplik onhoudbaar voor te stel, kan daar ook van die duiwel as die teenstander van God en mens ontslae geraak word. Hy is maar net die produk van primitiewe mense se denke wat probeer om ŉ verklaring te vind vir sekere "bonatuurlike" gebeure. Ons weet tog dat slange nie kan praat nie en dat daar geen "bewyse" is vir die bestaan van ŉ bose persoonlike wese soos die duiwel wat die oorsprong van alle kwaad is nie. Die "bose" moet in die mens self gesoek word. En in die "bose" sosiaal-maatskaplike strukture wat die mense tot stand gebring het. Dit vra

dat die strukture en die mens hervorm moet word ten einde die aardse probleme effektief aan te spreek en op te los. Die AS keur dit goed.

Gegewe die voorgaande kan ook die Bybelse siening van die mens as ʼn gevalle sondaar herinterpreteer word. Daar is immers nie meer ʼn duiwel of slang wat die mens kan verlei nie. Dit plaas twee sake op die tafel van die AS. Die een aktueel en die ander een leerstellig van aard. Enersyds word die mens nou as ʼn primêr seksuele wese beskou wat as sulks na die beeld van God geskape is. Die eerste saak kom op die tafel onder die tema "Saamwoon". Waar die kerk vroeër verstaan het dat God in die Bybel alle gemeenskap buite die huwelik as onsedelikheid veroordeel, word dit nou herinterpreteer om aanvaarbaar te wees aangesien saambly "nie sonder meer afgewys" kan word nie. Veral wanneer dit sou voldoen aan die willekeurig gekose maatstawwe van liefde en trou. Eintlik behoort saamblyers nog net die papierwerk in plek te kry deur amptelik te trou. Dan is alles in orde. Met die goedkeuring van die voorstel vergoeilik die AS saamwoon en dit lei tot ʼn voorspelbare vlaag van seksuele losbandigheid onder ons jeug. Waar saamwoon vroeër die uitsondering was, kom dit nou algemeen voor. Die kerk het dit immers gesanksioneer.

En in die skaduwee van die vleuels van die vertrek van sinodale gesprekke staan daar nog 'n saak in afwagting om sy beurt op die vloer te kry. Die vloer is immers nou voorberei: die mens is ʼn seksuele wese. Dit is die saak van selfdegeslagverhoudinge (sgv). Onder die vaandel dat alle mense as seksuele wesens na die beeld van God geskape is, beskik die beoefenaars van selfdegeslagverhoudinge ook oor die reg om hulle seksualiteit te kan uitleef net soos heteroseksuele mense. In 2015 keur die AS dan ook selfdegeslagverhoudinge goed solank dit ʼn verhoudinge van liefde en trou is (sic). Hulle mag ook in die ampte van die kerk dien aangesien daar nie op grond van hulle seksualiteit teen hulle gediskrimineer mag word nie. Dit word gevolg deur ʼn stroom uitroepe van teologiese verontwaardiging in die kerk wat die AS dwing om in 2016 ʼn buitengewone AS te hou waar die besluit herroep word en die status quo herstel word. Hiermee is betrokkenes en voorstaanders van die saak nie tevrede nie. Die saak beland in die hof. Die hof besluit op tegniese gronde dat die 2016-besluite nie gehandhaaf kan word nie. By die 2019 AS kom die saak op omstrede wyse weer op die tafel en word SGV weer goedgekeur. Die keer is die Sinode braaf genoeg om duidelik uit te spel dat die goedkeuring van sulke verhoudinge die hele alfabet van seksuele voorkeure of gender diversiteit, m.a.w. LGBTQIA+, hierby insluit. Diesulkes kan dan ook in al die ampte dien. In die "oorwinnaars" se euforie word daar selfs besluit om ʼn Bybels gefundeerde "gay formulier" te ontwikkel vir gebruik by die inseëning van sulke verhoudinge. Toe dit, soos verwag kan word, Skriftuurlik onmoontlik blyk te wees, blaas ATLAS druipstert die aftog en kondig aan dat kerkrade maar self moet besluit hoe hulle dit wil hanteer. Hierdie tipe verstaan van "die beeld van God" maak dit ook moontlik dat God voortaan as "Hy" of "Sy" aangespreek kan word, nes jy wil.

Uiteindelik word die SGV-besluit die saak wat die rug van die kameel breek. Die Skrif praat immers helder en duidelik hieroor. Behalwe vir al die afwysende

Skrifverwysings self, staan een ander saak soos ʼn paal bo water: Die mens is deur God as man en vrou geskape en God het aan hierdie twee die opdrag en vermoë gegee om kinders te kan en mag hê. Die huwelik tussen ʼn man en vrou wys dan ook simbolies vooruit na die wederkoms van Christus wat as die hoof van die kerk sy bruid kom haal. Daarom word daar nie in die nuwe skepping in die huwelik uitgegee nie.

Feit is dat die deur van leerdwaling nou so wyd opgeswaai het dat enige vindingryke herinterpretasie van die Bybel moontlik is en geduld behoort te word. So kan ʼn dosent in teologie deur sy navorsing bevind dat Jesus nie God is nie en dit drie jaar neem voor die saak enigsins aangespreek word. En wel met die verstaan dat daar n kreatiewe verhouding bestaan tussen wetenskap en teologie. Hy doen maar net sy werk as teoloog. Die persoon kan dus steeds voortgaan om ons teologiese studente op te lei.

Ten slotte. Sou die AS nie tot bekering kom en begin om radikaal te reformeer nie; watter voorspelbare dwaalleringe kan ons verwag om in die nabye toekoms op die tafel van die AS te verskyn?

- **Aborsie**. Die goedkeuring dat ongebore babas vermoor kan word onder die dekmantel van "reproduktiewe gesondheid".
- **Witheid.** Die aanvaarding van die beginsel dat rassediskriminasie endemies in die samelewing is, ook in die kerk, en veral wit mans rassiste is omdat hulle wit is!
- **Droomscenario 2030**. Dat die kerk geroep is om die nood van die mensdom aan te spreek maar in die vorm van die verkondiging van die Sosiale Evangelie wat uiteindelik die ware evangelie van die verlossing in Christus alleen verdring.
- **Euthanasia**. Die goedkeur van "genade dood."

Verslag: Ds. Piet Otto

****************************************************************************************************

**18.2 AANBEVELINGS**

18.2.1 Die Sinode neem kennis van die verslag.

18.2.2 Die Sinode herbevestig sy geloofsverklaring dat die Bybel die Woord van God aan ons is, en verstaan word soos uiteengesit in die belydenisskrifte van die kerk.

18.2.3 Die Sinode besluit om alle besluite van die AS wat indruis teen die waarheid van die Skrif soos wat dit onder andere in die verslag voorkom, nietig te verklaar.

18.2.4 Die Sinode besluit dat die AS versoek word om sy skuld in die verkondiging van dwaalleringe te erken, hom daarvan te bekeer, terug te keer na die reformatoriese verstaan van *Sola Scriptura* en te kies vir ʻn pad van radikale reformasie om sodoende God se alleenreg op die kerk te bevestig en kerkskeuring te voorkom.

18.2.5 Die Sinode besluit dat in die lig van die AS se aanvaarding van punt 18.2.4, ATLAS ontbind en opnuut saamgestel word om uitvoering te gee aan sy opdrag om leer en aktuele sake in die lig van die ortodokse gereformeerde beginsels van Skrifgebruik en Skrifverstaan te

hanteer.

18.2.6 Die Sinode versoek alle dolerende en Skrifgetroue gemeentes om aan die voorgaande besluite uitvoering te gee deur dienooreenkomstige beswaarskrifte aan die AS deur te stuur.

## 19 SAAM OP WEG: REFORMASIE IN ONS KERKREGERING

### 19.1 VERSLAG

**Inleiding**

Die Here Jesus Christus maak van die diens van mense gebruik om deur sy Woord en Gees sy kerk bymekaar te bring, te regeer en op te bou. Daarvoor gebruik Hy op 'n baie besondere wyse die drie besondere ampte - diakens, ouderlinge en leraars – waar hulle in kerklike vergaderings in biddende afhanklikheid met die Woord omgaan in hulle soeke na die wil van die Here. Dié kerkregering kom tot sy reg in die kerk se *presbiteriaal-sinodale kerkregeringstelsel.* Die praktiese uitvoering daarvan is egter altyd gebrekkig en daarom moet dit voortdurend herstel en gereformeer word (*ecclesia reformata semper reformanda)*.

**1. Kerkrade**

In die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB) word bely dat die ware kerk ooreenkomstig die geestelike bestuurswyse wat ons Here ons in sy Woord geleer het, geregeer moet word. Daar moet dienaars of herders wees om die Woord van God te verkondig en die sakramente te bedien, asook ouderlinge en diakens om saam met die herders die kerkraad te vorm. Die kerkraad moet sorg dra dat die ware godsdiens onderhou word, die ware leer oral versprei, die oortreders op geestelike wyse vermaan en in toom gehou word en dat ook die armes en beproefdes volgens hulle nood gehelp en getroos word[9].

Getrou aan bogenoemde bepaal die *Kerkorde* dat elke gemeente 'n kerkraad moet hê aan wie die opsig oor, die regering van en die tug en/of dissipline in die gemeente toevertrou is. Die kerkraad moet bestaan uit al die predikante, asook die ouderlinge en diakens[10]. Lidmate kan alleenlik in dié ampte dien as hulle op 'n wettige wyse beroep (verkies) is, die gemeente die beroeping of verkiesing goedgekeur het, en hulle in die onderskeie ampte bevestig is[11]. Die NGB voeg ook daarby dat vir die ampte betroubare persone gekies moet word ooreenkomstig die voorskrif wat die apostel Paulus in die brief aan Timoteus daarvoor gee (1 Tim 3)[12].

Die *Kerkorde* bepaal ook die verantwoordelikhede van die onderskeie ampte. Hulle moet onder andere herderlike sorg verleen deur lidmate voortdurend te waarsku teen valse leringe en dwalinge, teen wêreldsgesindheid en goddelose lewenspraktyke. Dit is ook hulle taak om toe te sien dat die Christelike huwelik

[9] NGB Artikel 30
[10] *Kerkorde* Artikel 26
[11] *Kerkorde* Artikel 5
[12] NGB Artikel 30

as instelling van God heilig gehou word[13]. Dit is daarom die verantwoordelikheid van kerkrade om lidmate in die amp van gelowige (profeet, priester, koning) toe te rus om te kan dien as draers en beskermers van die waarheid[14]. Dit is verder spesifiek die ouderlinge se opdrag om onder andere verantwoordelikheid te neem vir die regering van die gemeente, die uitoefening van opsig en tug, waaksaamheid oor die suiwerheid van die leer, en medeverantwoordelikheid vir die kategetiese onderwys[15].

Die tragiese werklikheid is dat ten spyte van wat in die NGB bely en in die *Kerkorde* bepaal word, is daar talle gemeentes wat nie 'n kerkraad (bestaande uit die predikante, ouderlinge en diakens) het nie, ampsdraers nie gekies word ooreenkomstig die voorskrif van die Woord (1 Tim 3) nie, en die opdragte van kerkrade soos omskryf in die NGB en Kerkorde nie die nodige aandag kry nie. In baie gevalle is kerkrade vervang met besigheidsmodel-gebaseerde besture/ beheerliggame/gemeenterade en moes die ouderlinge en diakens plek maak vir 'n verkeidenheid vorme van dienswerkers. Genoemde praktyke dui op 'n ernstige onderwaardering en geringskatting van die besondere ampte en 'n verskraalde ampsbekouïng in die NGK. Verder het dit implikasies vir die besluite wat die onwettig saamgestelde "kerkrade" neem. Dit is ongelukkig ook waar dat kerkrade se verantwoordelihede ten opsigte van kerklike opsig en tug bykans nêrens meer aandag geniet nie.

## 2. Ringe

As uitdrukking van die kerkverband en met die oog op behoorlike kerklike dissipline, word naburige gemeentes onderling gegroepeer tot ringe. Die ring vergader ten minste een maal per jaar of soos deur die betrokke sinode bepaal. Ringe word saamgestel uit ten minste een predikant en een ouderling/diaken as afgevaardigdes soos aangewys deur die **kerkrade van elke gemeente** binne die ringsgebied[16]. Tot die taak van ringe behoort onder andere kerkvisitasie, opsig oor gemeentes om toe te sien dat kerkrade en gemeentes hulle roeping nakom, advies en hulp aan kerkrade, en die opsig, tug en/of dissipline oor alle ouderlinge, diakens, predikante, diens- en standplaasleraars wat emeriti en proponente, en dus ook teologiese dosente wat lidmate van een van die ringsgemeentes is, insluit[17]. Laasgenoemde is veral belangrik, omdat baie lidmate onder die indruk verkeer dat sinodes en die Algemene Sinode opsig en tug moet uitoefen in gevalle waar ouderlinge, diakens, predikante en ander gelegitimeerdes hulleself na bewering skuldig maak aan dwaalleer in leer of lewe.

Ook by ringe steek probleme toenemend kop uit deur onder andere ringe wat nie wettig saamgestel is nie en ook nie vergader soos kerkordelik bepaal nie. In

[13] *Kerkorde* Artikel 51.1 en 51.2
[14] 1 Tim 3:15c
[15] *Kerkorde* Artikel 16
[16] *Kerkorde* Artikel 29 en 30
[17] *Kerkorde* Artikel 31

baie gevallle is amptelike ringsvergaderings vervang met ringskonferensies en *retraites* waar slegs voorsiening gemaak word vir aktuele besprekings, onderlinge mentorskappe tussen leraars en sogenaamde spiritualiteits-oefeninge. Van die kerkordelik bepaalde opdragte is daar by al hoe meer ringe weinig of selfs geen sprake nie. In gevalle van beweerde dwalinge in leer en lewe, vind daar deesdae meestal nie behoorlike tugondersoeke plaas nie. Ondanks die "ergerlike sondelys"[18] in die *Kerkorde*, gebeur dit tans dikwels dat ampsdraers wat hulle selfs aan hierdie "ergerlike sondes" skuldig gemaak het, dikwels met spreekwoordelike moord wegkom. Té maklik word slegs volstaan met "die behoud van die sondaar" en kom "die heil van die kerk" en "die eer van God"[19] nie tot sy reg nie. Nog 'n teken dat ons ringe wanfunksioneer is dat gemeentes binne dieselfde ring dikwels eerder in 'n ongesonde kompetisie teenoor mekaar staan oor wie die meeste lidmate kan trek eerder as om mekaar te ondersteun in die versorging en opbou van die gemeentes in die ring.

### 3. Sinodes

Sinodes (dit is die NG-sinodes wat die samestellende sinodes van die Algemene Sinode vorm, dikwels in die volksmond genoem "streeksinodes") word saamgestel uit afgevaardigdes van gemeentes wat geografies 'n eenheid vorm en maklik kan vergader. Elke sinode besluit oor sy eie samestelling maar daar moet ten minste een predikant en een ouderling/diaken **van elke gemeente** binne die sinodale gebied afgevaardig wees.[20] Een van die take van sinodes is "die opleiding van predikante soos deur Artikel 6 van die Kerkorde bepaal"[21].

Volgens Strauss[22] is die ***canon aureus*** (die goue reël) in gereformeerde kerkreg nog altyd die gelykheid van lerende en regerende ouderlinge by afvaardiging en die anti-hiërargiese stelreël dat geen gemeente of kerk, leraar, ouderling of diaken sal heers oor 'n ander kerk of amp nie. Die oorblysel van hierdie ***canon aureus*** is vandag nog in ons Kerkorde[23] hoewel dit in die praktyk dikwels nie nagekom word nie.

Op gemeentes toegepas is die teologiese beginsel dat elke gemeente volledig Kerk is wat deur Christus regeer word. Die groter gemeente het dus nie groter gesag en meer stemreg as die kleiner gemeente nie.

As hierdie goue reël oortree word ter wille van 'n meer liberaal-demokratiese samestelling, dan beweeg ons weg van ons gereformeerde kerkbergip waar alle gemeentes ook eweveel ware en selfstandige kerk is. In die samestelling van sinodes het die NG Kerk al verder wegbeweeg van hierdie goue reël deur afvaardiging te bepaal volgens die getal leraarposte wat 'n gemeente het. In

[18] *Kerkorde* Artikel 66.4.5: ".....ergerlike sondes/wangedrag soos owerspel, onsedelikheid, egskeiding, moord, meineed, diefstal.......leerdwaling......"
[19] *Kerkorde* Artikel 59
[20] *Kerkorde* Artikel 32 en 33
[21] *Kerkorde* Artikel 35.3
[22] Strauss, P.J., 1989, 'Geen kerk oor 'n ander …', Acta Theologica 9(1), 1–14 .
[23] Kerkorde Artikel 4.2

sommige gevalle kan ‘n makro gemeente met vyf leraarposte dus 10 afgevaardigdes stuur terwyl ‘n gemeente met een leraar slegs 2 mag stuur. Uit liberaal-demokratiese oogpunt klink dit goed, maar teologies misken dit die volledige kerkwees van kleinder gemeentes.

Sinodes wat in die naam van verdraagsaamheid toelaat dat kerkrade in hulle streek nie kerkordeliik saamgestel word nie, kan self ook in groot moeilikheid beland wanneer hul besluite in die hof getoets moet word. Terwyl elke gemeente verteenwoordig moet word deur afgevaardigdes, sou daar in die gevalle van gemeentes wie se “kerkrade” nie wettig saamgestel is nie, vrae gevra kon word oor die wettigheid van die afvaardiging en dus ook oor die wettigheid van besluite wat by die sinode geneem word.

Sinodes wat hul plig tov die teologiese opleiding verwaarloos, skep vir die ganse kerkverband groot probleme. Nadat meer as een sinode baie onlangs hulle dank en waardering uitgespreek het teenoor die teologiese fakulteite aan universiteite waar leraars van die NGK tans opgelei word, kan ook ernstige vrae gevra word oor sinodes se insig en erns oor dit wat tans by dié fakulteite gedoseer word. Dit getuig van óf ‘n groot onkundigheid, óf ten minste ‘n beduidende mate van onverskilligheid en die ontduiking van verantwoordelikheid.

## 4. Die Algemene Sinode (AS)

Die Algemene Sinode soos hy tans saamgestel word en funksioneer, wek met reg groot kommer.

Anders as ander sinodes wat **sinodes van gemeentes** is, is die AS ‘n **sinode van sinodes**. Gemeentes het dus nie direkte verteenwoordiging by die AS nie terwyl die AS wel daartoe gemagtig is om bindende besluite vir **alle** mindere vergaderings (insluitende gemeentes!) te neem[24]. Sedert 1962 tot 2004 het elke sinode behalwe die Kaapse Sinode (NG Kerk in Suid-Afrika) ewe groot afvaardigings na die Algemene Sinode gestuur, nl 50. Dit moes ‘n gelyke getal leraars en ouderlinge wees.

Van 1962 af kon die Kaapse Sinode egter 150 afgevaardigdes stuur. Dit is drie maal soveel as die ander sinodes. Dit moes ‘n gelyke getal leraars en oudelinge wees. Hierdie getal was ‘n paar keer weer gewysig: In 1974 is dit gewysig na 100 afgevaaradigdes. In 1986 is dit weer gewysig na 120 tot 2004 toe ‘n formule gebruik was om afgevaardigdes per sinode te bereken.

Tot en met AS2019 is Teologiese opleiding deur ‘n dosent elk van die Teologiese Fakulteite van die US, UP en UV in **adviserende** hoedanigheid verteenwoordig[25]. Dosente het dus nie stemreg gehad nie.

Nà 2004 is die samestelling gewysig na ‘n vaste komponent (‘n gelyke aantal uit elke sinode) plus ‘n proporsionele komponent volgens ‘n formule gebaseer op die aantal gemeentes en lidmate van elke samestellende sinode[26]. Hiermee het die

[24] Kerkorde Artikel 20
[25] Kerkorde 2002 Artikel 38
[26] Kerkorde 2004 Artikel 38.2

Algemene Sinode nog verder wegbeweeg van die genoemde goue reël vir gereformeerde kerkreg nl dat een kerkvergadering ook nie oor n ander mag heers nie. Die kleinder sinodes se stem word so swakker en die groter sinodes se stem word sterker. Asof dit nie genoeg was nie, was die AS van 2013 tot 2019 verklein tot slegs 200 afgevaardigdes wat die inspraak van lidmate/gemeentes nog meer beperk het.[27]

AS2019 het die samestelling weer gewysig na 'n maksimum van 370 wat soos volg bepaal word: 20 vir elk van die 10 sinodes waarvan die helfte verkieslik jonger as 40 jaar moet wees, 160 proporsioneel verdeel volgens die aantal belydende lidmate van elke sinode, en 10 afgevaardigdes uit 5 teologiese opleidingsentra met **volle sittingsreg** (dws met stemreg!). Daarby word diversiteit tov geslag en ouderdom in ag geneem met die samestelling van die afvaardigings[28].

Die AS is dus nou volledig getransformeer van 'n **sinode van sinodes** na 'n **sinode van sinodes <u>plus</u> teologiese opleidingsentra**, saamgestel teen die agtergrond van die femenistiese en gender teologieë van ons tyd, met volle stemreg aan dosente van Teologiese fakulteite waarvan sommige openlik verklaar dat hulle nou as Fakulteite vir Teologie en Religie volledig onder die beheer van die universiteite is wat hulle nie gebonde ag aan die gereformeerde leer nie, en proporsionele afvaardigings op so 'n wyse saamgestel dat sinodes met groter afvaardigings 'n groter stem het as ander. Daarmee is dit duidelik dat die aanwysing van afgevaardigdes nie volgens riglyne van die Woord aangewys word nie, dat die gereformeerde beginsel dat die AS 'n sinode van sinodes behoort te wees (en nie van teologiese fakulteite nie) nie meer geld nie, en dat die Woord en Gees voortaan nie die eerste en laaste sê sal hê in die agenda en besluite van die AS nie.

Verslag: Ds Helgard M Janse van Rensburg

****************************************************************************************************

## 19.2 AANBEVELINGS

19.2.1 Die Sinode neem kennis van die verslag: SAAM OP WEG: REFORMASIE IN ONS KERKREGERING.

19.2.2 Die Sinode versoek kerkrade om toe te sien dat kerkraadsverkiesings, die samestelling van kerkrade en die toerusting van kerkraadslede sal geskied in ooreenstemming met die NGB en die *Kerkorde*;

19.2.2.1 kerkrade lidmate in die amp van gelowige toerus sodat elkeen 'n draer en beskermer vir die waarheid sal wees; en

19.2.2.2 kerklike opsig en tug, as een van die kenmerke van die ware kerk[29], die nodige aandag kry.

19.2.3 Die Sinode versoek kerkrade om hulle daarvoor te beywer dat ringe korrek saamgestel word

[27] Kerkorde 2011, Artikel 38
[28] Kerkorde 2019 Artikel 38
[29] NGB Artikels 29 en 32

en verantwoordelikheid neem vir hulle opdragte soos in die *Kerkorde* bepaal.

19.2.4 Die Sinode versoek kerkrade om volhardend te getuig vir die waarheid in sinodale gesprekke en besluitneming.

19.2.5 Die Sinode versoek kerkrade om onverwyld (voor 1 Junie 2023) beskrywings-punte[30] by die Algemene Sinode (AS) in te dien waarin die AS versoek word om sy samestelling dringend te hersien sodat

19.2.5.1 die AS 'n <u>sinode van sinodes</u> met gelyke verteenwoordiging van sinodes sal wees;

19.2.5.2 *alleenlik* NGK dosente *slegs* met adviserende stem teenwoordig sal wees;

19.2.5.3 sinodes toegelaat sal word om *sonder enige voorskrifte of beperkings* ten opsigte van ouderdom of geslag hulle afvaardigings aan te wys; en

19.2.5.4 die AS die *Kerkorde* Artikel 20 so sal wysig dat al die besluite van die AS nie langer gesag sal hê en dus bindend sal wees vir mindere vergaderings nie, maar dat dit alleenlik gesag sal dra en bindend sal wees nadat en in soverre die mindere vergaderings dit goedgekeur/aanvaar het (maw dat die AS nie langer 'n sinode sal wees wat bindende besluite neem nie, maar 'n federale sinode/raad met beperkte besluitnemingsbevoegdheid).

## 20 SAAM OP WEG: REFORMASIE IN ONS KATEGESE

### 20.1 VERSLAG

#### 1 Inleiding

By die doopvont belowe ouers dat hulle hul kind in die leer van die kerk (1) sal onderrig en (2) *laat* onderrig. Volgens die HK Sondag 27 vraag 74, word kinders deur die doop in die verbond van God en sy gemeente ingesluit en ook deur die doop as teken van die verbond in die Christelike kerk ingelyf. Kategese onderrig is die tweede deel van hierdie belofte wat ouers afgelê het. "Buig die boompie solank hy jonk is" is nie net 'n idioom en 'n onderwysbeginsel nie, maar ook 'n Bybelse beginsel soos ons lees in Spreuke 22 vers 6: "Gee leiding aan 'n jongmens oor hoe hy moet leef, en hy sal ook as hy oud word nie daarvan afwyk nie". So is Psalm 110 vers 9: "Waarmee sal die jongeling sy pad suiwer hou? Deur dit te hou na U Woord" steeds waar.

#### 2 Waarom gereformeerde kategese en wat behels dit?

2.1 Eerstens, kategese is goeie opvoedkundige teorie en praktyk - ons kinders moet inligting hê om mee te dink en te redeneer. In die samevatting van die Wet sê Jesus onder andere dat ons God moet liefhê met ons "hele verstand". Kennis van die Bybel en memorisering van Skrifgedeeltes en die belydenisskrifte word intellektuele en geestelike boumateriaal vir 'n toegewyde Christelike lewe. Princeton-teoloog en Nuwe-Testamentikus J. Gresham Machen het sy lewenslange liefde vir en toewyding aan die gereformeerde geloof toegeskryf aan die Bybel en katkisasie op Sondagmiddae aan moedersknie. Machen het dalk nie die betekenis daarvan verstaan om die belydenisskrifte en die konings van Israel op tienjarige ouderdom te leer nie,

[30] Vir vereistes van **beskrywingspunte**, kyk na *Kerkorde* 2019, p 37 – 38, punt 7.

maar die vrug van sy moeder se tere onderrig het gehelp om die kerk van 'n buitengewoon getroue en toegewyde verdediger van die geloof te voorsien.

2.2 Tweedens is katkisasie ‘n manier om die tweede deel van ons as ouers se doopbelofte te vervul: om ons kinders in die waarheid te laat onderrig. Die eerste deel is egter steeds die belangrikste: dat ons self ons kinders sal onderrig. Die opdrag in Deuteronomium is steeds waar. (Deuteronomium 6:6–9). ). In die meeste gevalle sal ons kinders hou van wat ons hulle leer om lief te hê. As ons entoesiasties is in die lees van die Bybel, oor die belydenisskrifte, vir die prediking en gereformeerde eredienste sal ons kinders dit ook wees. Die belydenisskrifte is 'n merkwaardige hulpmiddel om by ons geestelike gereedskapkas te voeg. Watter ouer sal nie 'n instrument wil gebruik wat, met die Heilige Gees se seën, kinders sal vorm tot vaste, Bybelse Christene op wie Paulus se woorde aan Timoteus van toepassing sal wees nie! (2 Timoteus 3:14–15).

2.3 Derdens, om ons kinders te laat katkiseer, sal hulle help om die leerstellings wat in die Heilige Skrif vervat is, te verstaan. Ons ken nie die Bybel net deur verse te memoriseer nie, so noodsaaklik as wat dit is. Ons moet ook die Bybel se lering oor die Skrif en sy gesag, God, mens, Christus, verlossing, die kerk en die laaste dinge verstaan. Die leer van die belydenisskrifte sal ons kinders leer om God dieper te leer ken. Hierdie kennis is diep intellektueel, iets wat baie nodig is as ons God met ons verstand wil liefhê, maar die kennis is ook die stof waaruit ryk en groeiende geloof gevorm word. Om die belydenisskrifte vroeg in die lewe aan te leer is nie vermorsde tyd en moeite nie; dit is eerder die beste gebruik van tyd en energie deur beide ouers en hul kinders. Die waarheid wat sistematies geleer word en deur die Heilige Gees geseën word, ontwikkel persoonlike geloof in die harte van kinders wat volwassenes word en die stryd vir die saak van God en die waarheid in die gesig staar

2.4 Vierdens, om ons kinders te katkiseer, sal hulle help om tot eer van God te lewe. In die hande van die Heilige Gees sal die onderrig van Bybelse waarheid en die belydenisskrifte deur katkisasie ons kinders help om groot te word om die storms van die lewe te weerstaan met oortuiging, en met vertroue in die soewereiniteit van God.

## 3 Die vrysinnige, postmodernistiese tydsgees

Ongelukkig het die vrysinnige, postmodernistiese tydsgees wat al hoe meer sigbaar geword het in die NG kerk, ook deurgesuur na die kategese soos gesien kan word in die 2019-Jeugverslag. Die 2019-Jeugbediening lewer verslag en erken dat daar vir “etlike jare nie ‘n jeugkommissie of taakgroep was wat op Algemene Sinodale vlak gefunksioneer het nie. Die leemte wat dit gelaat het, was op daardie stadium akuut: jeugbediening binne die NG Kerk het gefragmenteerd plaasgevind, taakspanne met opdragte rondom jeugbediening het werk gedoen sonder om van mekaar te weet en streeksinodes het in isolasie gewerk”. Die Algemene Sinode van 2019 vestig toe ’n projekspan vir Jeugbediening om “in ooreenstemming met die **goedgekeurde Missionale**

**transformasie** alle bestaande en moontlike nuwe jeug-subspanne en inisiatiewe te koördineer met die oog op beleidsbepaling en ’n holistiese, **inklusiewe ontwikkeling** van jeugbediening”.

Dele wat rooi ligte laat flikker in die 2019- verslag oor Jeugbediening, is die terme “**missionale transformasie**”, “**nuwe kultuur**” en “**inklusiewe ontwikkeling**”. Let ook op die volgende: “**Die tegniese term ‘Belydenis van Geloof’ val nou weg ten gunste van die term ‘belydenis van geloof’ regdeur die lewe** “ (*opmerking: let op die vervanging van die hoofletters*). Ook in die verslag lees ons dat “die NG kerk reeds besig is om langs baie maniere ‘n ***nuwe kultuur*** **van roetemerkers** te ontwikkel”. Van hierdie roetemerkers is “oorgangsrituele vir tussen-in tye” en ‘n sogenaamde “**confirmation**” van kind na adolessent. In die huidige kategese onderrig is daar hoofsaaklik vroom, lekkervoel aktiwiteite, “devotionals” in plaas van sistematiese onderrig en kry die belydenisskrifte weinig of geen aandag nie.

Die helderste rooi lig flikker egter oor die **#Imagine-feeste**. In die genoemde 2019 Jeugverslag staan: “Op beide missionale en ekumeniese vlak het #Imagine die afgelope ses jaar die NG kerk geweldig gehelp om nuwe grond oop te breek. Met meer as 600 gemeentes wat by #Imagine betrokke is, sal ons graag wil sien dat die ondersteuning van die beweging voortgaan en selfs verbeter word.” Die “**ruim huis”-**gedagte wat posgevat het in die groter NG kerk, is ook sigbaar onder die jeugwerk en veral by #Imagine. Op 14 Februarie 2013 in Durbanville, is die droom van #imagine gebore. ‘n Groepie predikante het saam gedink en gedroom oor hoe tieners kan begelei kan word om met passie die Here te volg in Suid-Afrika. In die voetspore van die Jeug tot Jeug aksie van die sewentiger jare in die NG Kerk sowel as die Jeug Feeste van die negentiger jare, word reuse “tienerfeeste gehou”. Statistiek wys dat 60% van tieners wat #Imagine bywoon uit die platteland kom en ongeveer 40 verskillende tipe kerke betrek word by hierdie feeste. Hier word jongmense blootgestel aan die diversiteit van ander jongmense wat die Here dien. Hulle ervaar verskillende style van aanbidding. Daar is groepsgesprekke, sprekers, aktiwiteite en werkswinkels wat hulle bywoon. Volgens hulle webwerf, word hierdie byeenkomste ‘n ***experience*** genoem, omdat dit meer is as ‘n kamp of ‘n fees. Dit is tye vir sosiale verkeer, pret sing en kreatief wees. Daar is min tekens van gereformeerdheid.

## 4 Gevolgtrekkings

Dit is duidelik dat die kategese tans in die NG kerk, ook soos teologiese opleiding, ‘n voertuig geword het vir die huidige leiers se missionale transformasie en hulle Droomscenario 2030. Daar is vele gevaarligte wat flikker. Wat staan ons as KS te doen? “As die fondamente ondermyn word, wat kan die regverdige daaraan doen?” (Ps 11:3). Bou terug die vervalle mure! Moenie meegesleur word deur die vrysinnige, postmodernistiese tydsgees nie. Wees bedag op die rooi ligte wat flikker.

Verslag: Dr Henrietta Klaassing

****************************************************************************************************

## 20.2 AANBEVELINGS

20.2.1 Die Sinode neem met groot dank kennis van die verslag: SAAM OP WEG: REFORMASIE IN ONS KATEGESE

20.2.2 Die Sinode versoek kerkrade om toe te sien dat ouers hul doopbelofte nakom om hul kinders in die leer van die kerk te onderrig en te *laat* onderrig en dat kategese onderrig die kennis van die leer oor sonde, verlossing en dankbaarheid insluit.

20.2.3 Die Sinode versoek kerkrade om toe te sien dat die aflê van die Belydenis van Geloof herstel word. Dit sluit in dat die ware en volkome leer van saligheid aan die katkisante voorgehou word en daar ware bekering plaasgevind.

20.2.4 Die Sinode versoek kerkrade om ouers te ontmoedig om kinders na die #Imagine-feeste te stuur.

20.2.5 Die Sinode gee volmag aan die KSDG om in die reses 'n ad-hoc taakspan te benoem om 'n verslag op te stel wat gemeentes kan help om groter erns te maak met die teorie en die praktyk van deeglike gereformeerde kategese.

# 21 SAAM OP WEG: REFORMASIE OP DIE KANSEL

## 21.1 VERSLAG

**REFORMASIE – DEUR 'N ONTMOETING TUSSEN GOD EN SY GEMEENTE**

- Artikel 48 van die *Kerkorde* bepaal: Die erediens is, onder die genadige werking van die Heilige Gees, die amptelike ontmoeting tussen God en Sy verbondsvolk, die onderlinge gemeenskap van die heiliges, onder leiding van die besondere ampte en deur die bediening van die Woord, die bediening van die heilige sakramente, die gebed, kerklied en dankoffers;
- artikel 48.4.1 met die oog op die verkondiging van die volle raad van God moet die prediking deurgaans volle reg aan die kerklike jaar en die belydenisskrifte laat geskied;
- artikel 48.4.2 die inhoud van die prediking moet steeds 'n verklaring en toepassing van die Heilige Skrif wees; en
- artikel 48.5 die Heidelbergse Kategismus, Nederlandse Geloofsbelydenis en Dordtse Leerreëls moet deurentyd sistematies in die prediking aan die orde gestel word.

1. Die erediens kan na sy wese slegs verstaan word as geglo word dat dit rus in die ontmoeting van God en mens. Dit het 'n konkrete gestalte gekry in die verbond van genade wat Hy met sy volk opgerig het. In die erediens kom God deur die prediking (met kerugma en appèl) na Sy gemeente, om te red, te herstel, te genees en op te bou. Hierdie ontmoeting is alleen moontlik op grond van die soenverdienste van Jesus Christus en dit word ook gerealiseer deur Hom. Hy is die Naam wat ons met God verbind.

2. Die Heilige Gees wat gesorg het vir die opskrifstelling van die Woord van God, werk sodat ons God in sy heiligheid en majesteit leer ken, dat ons in die lig van sy heiligheid ons eie sondigheid erken. Hy laat Jesus Christus duidelik voor ons uitstaan as die Verlosser en Hy bring die ontmoeting tot stand. Dordt beskryf die werking van die Gees só: *Maar deur die kragtige werking van dieselfde Gees, wat die wedergeboorte skenk, dring Hy ook deur tot in die binneste dele van die mens, open Hy die geslote hart, versag Hy wat hard is en besny Hy wat onbesnede is. In die wil stort Hy nuwe eienskappe in en maak die wil, wat dood was, lewend; wat sleg was, goed; wat onwillig was, gewillig en wat ongehoorsaam was, gehoorsaam. Hy beweeg en versterk die wil sodat dit, soos 'n goeie boom, vrugte van goeie werke kan dra* (3 en 4, par 11).

Die Heidelbergse Kategismus (HK) Sondag 21 Vraag 54: *Wat glo jy van die heilige, algemene, Christelike kerk?*
Antwoord: *Dat die Seun van God uit die hele menslike geslag vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord in die eenheid van die ware geloof van die begin van die wêreld af tot die einde toe vergader, beskerm en onderhou, en dat ek daarvan 'n lewende lid is en ewig sal bly.*
HK Sondag 38 Vraag 103: *Wat gebied God in die vierde gebod?*
Antwoord: *God wil ten eerste dat die Woordbediening en die godsdiensonderrig in stand gehou word. Ook moet ek veral op die rusdag ywerig met die gemeente van God saamkom om die Woord van God te hoor, die sakramente te gebruik, die Here openlik aan te roep en die Christelike liefdegawes te gee.*

3. Hieruit is daar implikasies vir wat in die erediens moet gebeur en hoe dit ingerig moet word. Die volgende moet na vore kom:

3.1 Met die **votum** verklaar die gemeente openlik en nederig, dat die erediens 'n saamkoms van God met sy volk, en daarom van sy volk met Hom en met mekaar is. Die groet- en wegstuur-seën word in opdrag van God en namens God self op die gemeente gelê.

3.2 Die **loflied** het die spesifieke doel om op God se groetseën te antwoord.

3.3 Met die **geloofsbelydeni**s verklaar die gemeente sy identiteit as liggaam in een ware geloof (Joh. 4:23; HK, Sondag 21; NGB, artt.27-29).

3.4 Die **verootmoedigings- en versoeningsdiens** sluit in verootmoediging deur die aanhoor van God se eise, die skuldbelydenis van die gemeente, die vryspraak van God en die afkondiging van die Wet as die reël van dankbaarheid vir die versoende volk van God.

3.5 Die **Woorddiens** omvat die gebed om die verligting van die Gees, die Skriflesing waaruit die prediking kom, die prediking en die sakramente.

3.5.1 Die **prediking** het 'n dienende funksie van oopmaak en toepas. Die lewende God se lewende Woord word verkondig (uitlê en toepas) en dwing tot 'n lewende, dinamiese, appellerende oordra van die prediking.

3.5.2 Die **sakramente** van die doop en die nagmaal is tekens en seëls van Jesus Christus se offer aan die kruis en die vreugde daarvan om in 'n versoende verhouding met God en mekaar te lewe.

3.6 Alhoewel die gemeente deurlopend antwoord op God se spreke, geskied die **antwoord** van die gemeente deur **gebed**, **liefdegawe** en **sang**.

3.7 Die **seën van die Here** aan die einde van die erediens stuur die gemeente om onder die seënende hand van die Here tot die aksie van diens uit te gaan.

Verslag: Dr Anton Knoetze

*************************************************************************************************

## 21.2 AANBEVELINGS

21.2.1 Die Sinode bevestig dat Christus Sy kerk deur Sy Woord regeer en dat deeglike biddende voorbereiding en Skrifuitleg nodig is om ware reformasie vanaf die kansel te bewerk.

21.2.2 Die Sinode bevestig dat die ontmoetingsgebeure van die erediens nie vervang kan word met pogings om getalle na te jaag nie.

21.2.3 Die Sinode bevestig dat die verkondiging en handhawing van die gesonde gereformeerde leer die taak van die prediker sowel as die kerkraad is, en dat lidmate so toegerus moet word om reformasie op die "markplein" voort te sit.

21.2.4 Die Sinode bevestig dat gemeentes die verantwoordelikheid het om mekaar hierin te ondersteun sodat deur ware reformasie op die kansel, en die kweek van begrip en waardering vir die gereformeerde erediens by lidmate, die eer van God voorop sal staan.

21.2.5 Die Sinode vermaan leraars en kerkrade om toe te sien dat die heilige sakramente wat Christus vir Sy Kerk gegee het, nie vervang of aangevul word met allerlei addisionele rites en simbole wat die fokus van die heilige tekens wat God ingestel het, wegneem nie.

# 22 SAAM OP WEG: REFORMASIE IN EN DEUR EVANGELISASIE

## 22.1 VERSLAG

**1. Vir kennisname**

- **Ons laaste opdrag**

  Ons laaste opdrag mag nie deur winde van verandering omseil word nie. Jesus se woorde voor sy hemelvaart was: "Gaan dan en maak dissipels van al die nasies...deur hulle te doop...en hulle te leer" (Matt. 28:19-20). Die Bybel se "leer hulle" beteken om nie terug te deins "om die volle heilsplan van God... te verkondig nie" (Hand. 20:27). Ons Gereformeerde verstaan van hierdie "volle heilsplan" is dat 'n soekende mens drie dinge moet weet om gelukkig en getroos te lewe en te sterwe naamlik: "... hoe groot my sonde en ellende is ... hoe ek van al my sonde en ellende verlos word... (en) hoe ek God vir so 'n verlossing dankbaar moet wees" {Heidelbergse Kategismus (HK) vr. en antw. 2}.

- **Die goeie nuus van Jesus Christus is die sin van die kerk se bestaan**

  Slegs waar ons bestaan in ooreenstemming is met die grondwaarhede van die Woord, is dit tot eer van God. Die kerk bestaan uit eens korrupte mense wat

vrygekoop en gereinig is deur die bloed van die Lam, maar wat nou die waarheid omtrent Jesus Christus verkondig. Die kerk se lidmate is die Abels van Genesis 4, wie se offers deur God aangeneem word. Die naam *Abel* in Hebreeus beteken "sinloos". Sinloos in die oë van die wêreld, so sinloos soos die arm weduwee met haar twee geldstukkies in Markus 12. Daar is prestasie gemeet aan wêreldse standaarde van min belang in die kerk se evangelisasieroeping:

- Jeremia het veertig jaar lank gepreek sonder 'n enkele bekeerling.
- Die saaier van Matteus 13 het slegs 25% sukses.

Maar as ons evangelisasiewerk eendag voltooi is, sal die Regter sê: "Mooi so, goeie en getroue slaaf..." (Matt. 25). Nie, "Mooi so, goeie en suksesvolle slaaf" nie. Dis wêreldvreemd. Ons evangelisasieboodskap is ook net so wêreldvreemd: "... Kom koop sonder geld, sonder koste, wyn en melk!" (Jes. 55:1). In Judaïsme is die geestelike ryk Jood sy eie saligmaker en in die mistieke Islamgodsdiens verdien die suksesvolle Moslem die hemel deur sy sukses in goeie werke en rituele. (Du Toit 1970:103 en 140). Daarom kan Christen, Jood en Mohammedaan nie saam evangelisasiewerk doen nie.

- **Miljoene mense gaan verlore**

Miljoene mense gaan verlore, en een van die redes daarvoor is onkunde: onkunde oor hulle sonde, skuldsmet en ellende en ook oor verlossing en dankbaarheid. Hierdie onkunde is nie 'n nuwe verskynsel nie. Die hofdienaar van Etiopië (Hand 8:31) verstaan nie wat hy in Jesaja 53 oor sonde en verlossing lees nie. Om te verstaan wat dit beteken, vra meer as 'n mistieke belewenis van God se teenwoordigheid. Dit vra begrip van die kernwaarhede van die Bybel. Oor die saaier se saad in goeie grond sê Jesus: "... dit is hy wat hierdie woord hoor en begryp" (Matt. 13:23). Nie net hartekennis nie, maar ook verstandskennis. Allermins nie net 'n soort verstaan van 'n aantal geselekteerde Skrifgedeeltes oor die liefde nie, maar ook van die gebooie en bepalings van die heilige God. Die profeet sê: "My volk kom om weens 'n gebrek aan kennis" (Hos. 4:6).

Dis opvallend dat erediensliedere wat 'n belangrike draer van die evangelieboodskap is, deesdae so sterk op verlossing en dankbaarheid fokus en nie ook op sonde en ellende nie. Die Tien Gebooie word uit die liturgiese orde van die erediens weggelaat, sodat die mens sonde en ellende eerder kan "vergeet" as om nog langer iets daarvan te "weet". Die Wet van die Here, word daar gesê, laat 'n negatiewe smaak wat geestelike groei belemmer. Maar juis daarom gaan miljoene verlore met vals troos, want "I'm OK, you're OK, we're all OK." Daarom verval afgedwaalde gelowiges in vreugdeloosheid, soos Dawid ná sy sonde met Batseba (Ps. 51:10).

- **Missionale teologie fokus op sosiale evangelie**

In die plek van die ware Evangelie het 'Missionale teologie' 'n modewoord geword. Dit vat hande met 'n Skrifvreemde humanisme en sosiale geregtigheid sonder die Gereformeerde vertrekpunt van *solus Christus*! (slegs Christus). Fil.

1:21: "...vir my is om te leef Christus." In humanisme is nie plek vir God nie en in Christelike humanisme word eensydige Bybelse riglyne verabsoluteer. In die *Humanist Manifesto II: Principle I (RELIGION)* word verklaar: "We begin with humans not God, nature not deity" en verder: "Humans are responsible for what we are or will become. No deity will save us; we must save ourselves" (Kurtz, P (ed.)1977:1).

Dreeckmeier wys ook verder vanuit die Christelike opvoedkunde op die denkfout dat "heilig" en "sekulêr" van mekaar geskei word, terwyl dit wat heilig is juis dit wat sekulêr is, ook heilig moet maak. Binne hierdie skeidingsdenkfout bly die Woord van God in die slag en word menseregte verhef bo dit wat die Bybel oor die mens leer. "As a result of this process of 'secularisation' human rights are emphasised. Norms, values and standards are not religiously based, but are determined by man according to his circumstances. God and His Word have been shunted out" (Dreeckmeier 2022:13).

- **Wat het geword van sending en evangelisasie?**

  Die erediens as beginpunt van elke week se evangelisasiewerk het deesdae in sielkundeklasse verander. Skrifuitleg en Skriftoepassing word met vermaak en motiveringstoesprake vervang, waarin mistisisme en sy eensydige liefde deurslaggewend is. Underhill merk op: "Mysticism has been defined as 'the science of the Love of God', and certainly those words describe its essence" (Underhill 1975:20). Hierteenoor sê die Woord**:** "Elke Skrifdeel is deur God geïnspireer en is nuttig vir onderrig, weerlegging, teregwysing, en opvoeding om God se wil te gehoorsaam, sodat die mens wat aan God behoort, bekwaam kan wees, ten volle toegerus vir elke goeie taak" (2 Tim. 3:16-17). Liefde *verbly* hom in die volle waarheid van die Skrif (1 Kor 13:6).

- **Wat staan ons te doen?**

  Teologiese liberalisme is nie teen denominasie gemik nie, maar teen die Bybel. Elke denominasie wat die Bybel as hoogste norm vir verlossing en vir 'n lewe volgens die bepalings van die Woord beskou, word geteiken. Dit het dus tyd geword vir landswye konferensies (evangelisasiesaamtrekke) waar gelowiges op grondvlak ingelig word oor wat in die kerk aan die gebeur is, en waar die Skrif vir ons die antwoorde op vrae gee. Temas kan onder meer insluit:

  - Terug na suiwer Skrifuitleg en die regte toepassing van die Bybel teenoor hedendaagse inlegkunde ipv uitlegkunde.
  - Aanslae van postmodernisme teen die Bybel.
  - Terug na verootmoediging voor God en bekering oor die toestand in die NG Kerk.

  Die sameroepers van konferensietaakspanne moet verkieslik gewone lidmate of kerkraadslede wees met leraars wat in adviserende hoedanigheid vergaderings bywoon.

Bronnelys:

Die Bybel 2020-vertaling. Eerste uitgawe 2020. Tygervallei, Belville: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Dreeckmeier, Thinus. 2022. Educating for Eternity. Pretoria: CcE Books.
Du Toit, H.D.A. 1970. Vyf Godsdienste van die Wêreld. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.
Kurtz, P (ed.). 1977. *Humanist Manifesto II: Principle I (RELIGION)*.
Underhill, E. 1975. The mystics of the Church. Cambridge: Clarke.

Verslag: Dr Gerhard Mahne

*******************************************************************************************

## 22.2 AANBEVELINGS

22.2.1 Die Sinode aanvaar met dank die evangelisasieverslag en verwys die insigte wat daarin vervat is, na gemeentes om biddend te oorweeg.

22.2.2 Die Sinode aanvaar opnuut weer die kerk se roeping om die evangelie uit te dra na alle mense ongeag hulle taal, kultuur en godsdienstige grense.

22.2.3 Die Sinode ondersteun die beginsel van noue samewerking met ander gereformeerde kerke in die gehoorsame uitvoering van ons opdrag tot sending en evangelisasie.

22.2.4 Die Sinode ondersteun die inisiatiewe van gemeentes wat geroepe voel om hul sendingroeping uit te leef deur self, of in samewerking met ander gemeentes, sendingkonferensies en evangelisasie-saamtrekke te reël.

22.2.5 Die Sinode versoek KSDG om terug te rapporteer oor beskikbare Skrifgebaseerde kursusmateriaal met die oog op evangelisasie-opleiding **van** lidmate in die amp van die gelowige (1 Pet:2:9 koning, priester, profeet – *munus triplex Christi*). Die materiaal moet praktykgerig wees en bruikbaar vir gelowiges se roeping in alle sektore van die samelewing.

22.2.6 Die Sinode versoek KSDG om terugvoer te gee oor Skrifgetroue kursusmateriaal met die oog op sending en evangelisasie vir kategete, ouderlinge, diakens en kerkraad-diensgroepe.

# 23 SAAM OP WEG: REFORMASIE MET STEUN EN ADVIES VAN GERESPEKTEERDE AKADEMICI EN LOJALE EMERITI

## 23.1 VERSLAG

Koinonia Sinode geniet die steun van ‘n groot aantal lojale en gerespekteerde akademici en emeriti van die NG Kerk wat almal steeds baie lief is vir die NG Kerk en tydens hul bediening diep spore in die NG Kerk getrap het. Onder hulle tel ‘n groot aantal teologiese proffesore, oud-moderators, -skribas en -aktuari van streeksinodes sowel as die Algemene Sinode. Hulle ondersteuning met wyse raad en advies bly vir ons kosbaar. Daarom het ons in die agenda plek gemaak vir ‘n kort preekskets wat prof Johan Janse van Rensburg (emeritus) aan ons gestuur het oor wat God van ons en die res van Sy kerk verwag in ‘n tyd soos hierdie. Dit is ‘n dringende oproep tot lidmate en gemeentes om wakker te word, ons verantwoordelikheid te aanvaar as draers en beskermers van die waarheid, en so in hierdie kairos tyd vir die NG Kerk, aktief betrokke te raak by die roepstem tot reformasie.

1 Tim.3:15

*Ingeval my koms vertraag word, sal jy dus weet hoe iemand hom moet gedra in die huisgesin van God, dit is die gemeente van die lewende God. Die gemeente is*

*die draer en beskermer van die waarheid. 16En dit staan bo alle teenspraak dat die geopenbaarde waarheid van ons godsdiens groot is:*

INLEIDING: Ons kerk is in 'n krisis. Soveel dolerende gemeentes en alle pogings om daaroor 'n teologiese debat te voer, het ons niks nader aan mekaar gebring nie.

**HOE MOET ONS, ONS IN SÓ 'n SITUASIE GEDRA**?

**1 Bepaalde gedrag in die huishouding van God**

→ Anders as die norm van die wêreld

→ Anders as die maatskaplike en politieke motiewe

→ Die gemeente is draers van die waarheid

→ Die gemeente is ook beskermers van die waarheid

**2 Die onbetwisbare uitgangspunt**

→ Die geopenbaarde waarheid is groot- waarom?

→ Dit is geïnspireerde waarheid deur die Heilige Gees

→ Dit kan nie betwis word nie

**3 Die duidelike konsekwensies**

→ Ons is draers van die Woord

→ Ons moet die Woord beskerm as die waarheid bedreig word

→ Ons word geroep tot aksie in 'n tyd soos hierdie

SLOT: 'n Dringende oproep om ons komende vergadering op 4 Mei by te woon. Kom ons raak aktief betrokke en formuleer presies waar ons staan.

Prof Johan Janse van Rensburg
Verslag: Di Theo Danzfuss en Norma Rossouw

****************************************************************************************************

**23.2 AANBEVELINGS**

23.2.1 Die Sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor al die lojale Skrifgetroue emeritus teologiese dosente en -leraars wat hul volle ondersteuning gee vir die proses van kerkreformasie.

23.2.2 Die Sinode dank die emeritus teologiese dosente en -leraars by wie baie van ons leraars die voorreg gehad het van 'n Skrifgetroue gereformeerde teologiese opleiding, en dat ons steeds op hulle wysheid, insig en leiding kan staatmaak.

23.2.3 Die Sinode versoek behoudende leraars en gemeentes om moeite te doen om steeds die Skrifgetroue emeriti in hul omgewing te betrek by eredienste, Bybelskole, Bybelstudies en ander gemeentewerk waar hulle vir die kerk en die reformasie proses tot seën kan wees.

## 24 GELOOFSVERKLARING VAN FAMILIE VAN GEREFORMEERDE GEMEENTES

### 24.1 VERSLAG

**24.1.1 GELOOFVERKLARING**

**Sien Bylaag 1**.

Die inhoud van die Geloofsverklaring word nie tydens die sinode bespreek nie, maar wel vir kennisname en kommentaar deurgegee aan al Skrifgetroue gemeentes.

**24.1.2 GELOOFSVERKLARING VS GELOOFSBELYDENIS?**

**Sien Bylaag 2.**

Die bylaag oor die verskille tussen 'n geloofsbelydenis en geloofsveklaring is bloot vir kennisname. Gemeentes is welkom om daarop skriftelike kommentaar te lewer.

**24.1.3 VRYE ENGELSE VERTALING VAN DIE GELOOFSVERKLARING**

**Sien Bylaag 3.**

Aangesien kairos Netwerk reeds nie-amptelik heelwat gesprekke gehad het met verskeie Engelssprekende gereformeerde kerke plaaslik en internasionaal, is die proefvertaling van die Geloofsverklaring wat by die FGG byeenkoms opgestel was ook beskikbaar vir gemeentes se gebruik asoook hul kommentaar.

Verslag: Ds MS (Smuts) Janse van Rensburg

****************************************************************************************************

**24.2 AANBEVELINGS**

24.2.1 Die Sinode neem kennis van die Geloofsverklaring wat by die Familiebyeenkoms van gereformeerde gemeentes (FGG) opgestel en uitgereik is.

24.2.2 Die Sinode verwys dit na al die deelnemende gemeentes van KS vir kommentaar met die oog daarop dat dit dalk met geringe wysigings by ons volgende vergadering ook aanvaar kan word as KS se eietydse getuienis.

****************************************************************************************************

**25 BESKRYWINGSPUNTE**

Beskrywingspunte wat betyds ontvang is. Die vergadering besluit self oor die ontvanklikheid al dan nie asook die hantering van elke beskrywingspunt.

Indien daar laat beskrywingspunte inkom, besluit die vergadering oor die wyse waarop dit hanteer kan word.

**25.1 UITVOERING VAN KS-BESLUITE**

Kontinuïteit van die goedgekeurde aanbevelings wat voortspruit uit die Koinonia Sinode (KS).

Die Koinonia Sinode is die kulminering van baie jare se voorbereiding vir 'n nuwe bedeling. Die veertien omvattende verslae met ongeveer tagtig aanbevelings, is oorvloedige getuienis van die veelbewoë maar ook leersame reis tot Mei 2023. Dit word verder onderskryf deur rigtinggewende aanbevelings van reformasie vir die pad vorentoe.

Ongeveer vyf en dertig van die aanbevelings vereis egter verdere aksie waarvan ongeveer vyftien as dringend beskou kan word. Dit is noodsaaklik dat die reis in afhanklikheid maar ook met energie voortgesit sal word. Jakobus 4:13-17, Psalm 11:3. Boustene moet in plek gesit word om uitvoering en volhoubaarheid moontlik te maak.

**25.1.1 BESKRYWINGSPUNT: BS.1**

Die Koinonia Sinode besluit om die volgende ondersoeke goed te keur:

a. Dat ‘n KS taakspan aangewys word om in samewerking met Kairos Netwerk (KN) ondersoek te doen na koste-effektiewe opsies om kontinuïteit te gee aan die goedgekeurde aanbevelings wat voortspruit uit die Koinonia Sinode (KS);

b. Dat kort (3-6 maande) en medium (6-18 maande) termyn aanbevelings gemaak word tov administratiewe en finansiële behoeftes wat begrotings- en implementerings-voorstelle insluit;

c. Dat die geskrewe aanbevelings gerig word aan die KS Diensgroep en KN se Sentrale Werkgroep, wat die aanbevelings beoordeel en toepaslike besluite neem om as saak van dringendheid uitvoering te kan gee aan die aanbevelings wat voortspruit uit KS.

**Motivering**

Voortspruitend uit die baie belangrike Koinonia Sinode moet aandag gegee word aan die administrasie van ongeveer vyf en dertig aanbevelings wat verdere aksie vereis. Dit sluit onderstaande in maar is nie beperk tot die volgende nie:

- Finalisering en gereelde verspreiding aan inligting waaronder persverklarings aan afgevaardigdes, Skrifgetroue Gemeentes en die media;
- Notules van KS en KSDG word tydig gefinaliseer en versprei volgens ooreengekome riglyne;
- Rekordhouding en veilige bewaring van alle KS en voortvloeiende dokumentasie en databasisse;
- Reëlings, beplanning en administrasie van opvolgvergaderings van die KSDG en Taakspanne asook met KN;
- Finansiële beplanning en Begrotings;
- Doen ondersoek na en bedryf gepaste bankrekening en verwante fasiliteite;
- Soomlose en beplande oorhandiging van toepaslike KN-Administrasie na KS;
- Vestiging en instandhouding van ‘n KS-webwerf.

Dr B Marais
Mnr A Olivier
Mnr. GJ van Niekerk

==========================================================

## 25.2 HERSTEL VAN ONDERMYNDE FONDAMENTE.

As die fondamente ondermyn word, wat kan die regverdige daaraan doen? Ps 11:3

Daar is oorweldigende getuienis dat oor die afgelope 20 tot 25 jaar die fondamente van die NG Kerk bedoeld of onbedoeld ondermyn is. Elke Verslag voorgehou aan Koinonia Sinode getuig daarvan.

Die negatiewe gevolge daarvan, behalwe dat dit die Drie-Enige God se eer aantas, is onmeetbaar groot in God se Koninkryk.

As die Koinonia Sinode en Skrifgetroue geloofsgemeenskap nie weet en verstaan wat die oorsake is/was van hierdie verval nie ASOOK wat om vorentoe anders te doen nie, gaan hierdie geslag en diè geslagte wat na ons kom, die foute van die verlede herhaal.

Ons is ‘n Reformerende Kerk....is ons regtig?

25.2.1 **<u>BESKRYWINGSPUNT BS.2:</u>**

Die Koinonia Sinode besluit om die volgende ondersoeke goed te keur:

1. Taakspan 1: Skriftuurlik. Ondersoek die oorsake vir Skriftuurlike dwalings. Maak aanbevelings hoe dit voorkom kan word. Ondersoek ook die prosesse en sisteme wat gevolg moet word om Skriftuurlikverwante ondersoeke en aanbevelings te doen al dan nie.
2. Taakspan 2: Belydenisskrifte. Ondersoek die oorsake dat die 3 Belydenisskrifte oënskynlik in onbruik verval het. Maak aanbevelings hoe die Belydenisskrifte positief aangewend en suiwer gehou kan word.
3. Taakspan 3: Kerkregtelik. Ondersoek die oorsake dat die kerkordelike en kerkregtelike prosesse nie meer aan die doel beantwoord waarvoor dit geskep is nie. Herbevestig die vereistes waaraan dit moet voldoen en maak aanbevelings hoe dit reggestel kan word.
4. Taakspan 4. Kerklike Tug. Ondersoek die oorsake dat kerklike tug in onbruik verval het en nie die doel bereik waarvoor dit ingestel is nie. Maak aanbevelings hoe dit voorkom en reggestel kan word.

**Motivering:**

Die Saak waaroor die Beskrywingspunte handel [hierbo] verduidelik die gevolge van fondamente wat ondermyn is. Dit is na alles die ontstaansrede vir die Koinonia Sinode.

Om alleen te volstaan met ‘om terug te keer na die Skrif toe’, is nie voldoende nie. Dit is ongelukkig veel meer kompleks. Die Verslae wat dien by die Koinonia Sinode is waardevol en rigtingwysend vir die pad vorentoe maar spreek nie die oorsake en voorkomende maatreels op sistemiese vlak aan nie.

Mnr. GJ van Niekerk

==========================================================

## 25.3 DRAERS VAN DIE WAARHEID

Kommunikasie en draers van die Waarheid.

Die ontstaansrede vir die Koinonia Sinode kan herlei word na die verdraaiing van die waarheid en die bevordering van die leuen wat verdeeldheid meewerk. Die leuse van Kairos Netwerk is dan ook: Eenheid in Waarheid.

Ons bevind ons in ’n sekulêre wêreld waar die bevordering van die leuen die norm geword het en waar die waarheid al minder gehoor word.

Dan besef ons...

‘Die wapens van ons stryd is nie die wapens van die mens nie, maar die kragtige wapens van God wat vestings kan vernietig. Daarmee vernietig ons die redenasies en elke hooghartige aanval wat teen die kennis van God gerig word. Ons neem elke gedagte gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak’. 2 Korintiërs 10:4-5

Dan weet ons ook nav Hosea 4:6

‘My volk kom om weens 'n gebrek aan kennis. Omdat jy die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp, sodat jy nie meer vir My priesterdiens doen nie; omdat jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook jou seuns vergeet’.

Kennis is inderdaad mag.

When Sir Francis Bacon published in his work, Meditationes Sacrae (1597), the saying: "knowledge itself is power", he most likely wanted to transmit the idea that having and sharing knowledge is the cornerstone of reputation and influence, and therefore power; all achievements emanate from this.

Die vraag is dan, hoe kan Skrifgetroue getuies se profetiese stem as draers van die waarheid, effektief gehoor word in samewerking en ter ondersteuning van gemeentes as draers en beskermers van die waarheid? 1 Tim. 3:15

### 25.3.1 BESKRYWINGSPUNT BS 3

Die Sinode besluit om die volgende ondersoeke goed te keur:

1. Dat ‘n KS Taakspan aangewys word om in samewerking met Kairos Netwerk (KN) ondersoek te doen na koste-effektiewe opsies om effektiewe draers en beskermers van die Waarheid te wees as verlengstuk van gemeentes se verantwoordelikheid.
2. Dat onder andere oorweging gegee sal word aan samewerkingsmoontlikhede met Skrifgetroue geloofsgemeenskappe, mediahuise en/of publikasies en radiostasies.
3. Dat die geskrewe aanbevelings van die Taakspan gerig word aan die KS Diensgroep en KN se Sentrale Werksgroep, wat die aanbevelings beoordeel en toepaslike besluite kan neem.

**Motivering**

a. Skrifgetroue geloofsgemeenskappe het die roeping om die Waarheid vreesloos te verkondig. Dit is te midde van ‘n leefwêreld waar die leuen, die verdraaide waarheid en die toesmeer van die waarheid die norm geword het. Ongelukkig is dit ook waar vir die liberale kerk.

b. Bestaande erkende kommunikasiekanale en mondstukke van die NG Kerk is nie meer objektiewe en gebalanseerde draers van die waarheid nie. Oorweldigende getuienis die afgelope 3-4 jaar bevestig dit;

c. Die voorgestelde aanbeveling kan bydra om die profetiese roeping van die Skrifgetrouegeloofsgemeenskap in koninkryksbelang te bevorder.

Dr B Marais<br>Mnr A Olivier<br>Mnr. GJ van Niekerk

==========================================================

## 25.4 EVANGELISASIE

Evangelisasie het baie afgeneem en/of heeltemal gestop in baie gemeentes vanweë verskeie redes, insluitende Covid, finansiële druk, fokus op Kerk-politiek i.p.v. die werk van die Kerk.

Die vyand se taktiek is om ons besig te hou met ander sake en onderlinge geredekawel en daardeur ons missionêre doel te mis. Die algemene verval van wet en orde in ons land en onlangse aanval op Jesus deur Julius Malema is bewys dat die gemeenskap besig is om hul rug op Christene te draai.

Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar soos dit gestel word in Effesiers 6:12: Vir ons is die stryd immers nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van hierdie duisternis, teen die bose geeste in die hemelruim.

Voorts het verandering in die wetlike bestel ingesluip wat ons noodsaak om bestaande evangelisasie praktyke moontlik te heroorweeg in ‘n polities-korrekte bestel.

Ons moet terugkeer na die Woord en die groot opdrag soos vervat in Mattheus 28:19-20 "*Gaan dan en maak dissipels van al die nasies, deur hulle te doop in die Naam van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees, en hulle te leer om alles te onderhou wat Ek julle beveel het*..."

### 25.4.1 BESKRYWINGSPUNT BS 4

Die Sinode besluit om die volgende ondersoeke goed te keur:

1. 'n Ondersoek oor die redes vir die afname van evangelisasie in die NGK te loods – en met aanbevelings vorendag te kom om dit te herstel.
2. Om die behoefte van evangelisasie in 'n vervalle gemeenskap te ondersoek – en met voorstelle vorendag te kom om die politiese verval, korrupsie en blatante uitsprake aan te spreek.
3. Om 'n hernieude fokus op die plaaslike gemeenskap in gemeentes se onmiddellike omgewing te plaas – teenoor missionale uitreike oor landsgrense heen. Hierdie span moet met praktiese voorstelle kom oor hoe om plaaslike impak te maak en 'n daadwerklike verskil te kan teweeg bring.
4. Om 'n model te formuleer vir meewerking oor ekumeniese grense heen waardeur plaaslike gemeentes met vrymoedigheid kan saamwerk met ander Skrifgetroue kerke.
5. Om die befondsing van plaaslike gemeenskapsorg te ondersoek en met voorstelle vorendag te kom oor hoe fondse, borge en begroting aangewend behoort te word om suksesvol te funksioneer.
6. Om die moontlike impak op huidige evangelisasie praktyke van die wetsontwerp op die voorkoming en bestryding van haatmisdaad en haatspraak te analiseer en moontlike aanpassings vir oorweging aan te beveel.

**Motivering**

Koinonia Sinode se bestaansrede is nie hoofsaaklik in repliek tot die verval van die Algemene Sinode nie. Veel eerder is ons roeping om God se wil na te streef. Ons moet waak dat die vyand nie ons fokus hiervan aflei nie. As 'n gemeenskap van gelowiges kan ons 'n daadwerklike impak op die gemeenskap maak en daardeur die land se polities en morele verval stuit.

Mnr. Alf Olivier

## 26 FINANSIES

Die Dagbestuur van KN sal 'n kort verslag oor finansies as laatstuk indien.

## 27 AFSLUITING

****************************************************************************************************

**BYLAAG 1**

## FAMILIE VAN GEREFORMEERDE GEMEENTES
## GELOOFSVERKLARING

Ons glo met die hart en getuig voor God, teenoor die kerk en die wêreld.

1. **Woord – *Sola et tota Scriptura***
   Ons glo en getuig dat die Bybel (Ou- en Nuwe Testament) die Woord van God in mensetaal is (*Die hele Skrif is deur God geïnspireer* – 2 Tim 3:16) sodat ons Hom kan ken, aanbid, dien, liefhê en gehoorsaam soos in sy Woord geopenbaar. Ons glo en getuig saam met die NGB art 7 dat die Woord "geheel volmaak en in alle opsigte volkome is", en dat dit "verbode is om iets by die Woord van God by te voeg of daarvan weg te laat".
   *Ons is met hartseer daarvan bewus dat daar sienings oor die Bybel is wat nie in die Kerk tuishoort nie, soos byvoorbeeld dat die Bybel slegs mensewoorde oor God is, dat dit menslike foute bevat, dat dit kultuurgebonde is, dat sy boodskap eers ontmitologiseer moet word, dat dit gemeente-teologie in plaas van geopenbaarde waarhede bevat, dat die Ou- en Nuwe Testament teenstrydige leringe bevat, of dat God se openbaring oor Homself volgens heersende kultuurveranderings aangepas en verdraai kan word (bv. dat God as "moeder/haar" verstaan en aangespreek word).*

2. **Belydenisskrifte**
   Ons glo en getuig dat die gereformeerde belydenisskrifte soos verwoord in die Formuliere van Eenheid (die Nederlandse Geloofsbelydenis, Heidelbergse Kategismus en Dordtse Leerreëls) die ware en suiwer leer is omdat dit met die Woord ooreenstem.
   *Ons verwerp alle leringe wat met die gereformeerde belydenisskrifte in stryd is.*

3. **Sonde en verlossing**
   Ons glo en getuig dat ons in sonde ontvang en gebore is en daarom onder die oordeel van God staan. Ons is diep bewus daarvan dat ons vanweë ons sondige aard van nature daartoe geneig is om teen die wet en die wil van God, soos in sy Woord geopenbaar, in opstand te kom.
   Ons verheug ons egter oor die evangelie waardeur ons uit genade alleen, deur Christus alleen en deur geloof alleen gered is deur die kragtige werking van die Heilige Gees.
   *Ons verwerp enige siening wat die dodelike erns van sonde en die gevolge daarvan, asook die gereformeerde verlossingsleer afwater of weerspreek.*

4. **Jesus Christus**
   Ons glo en getuig dat die Here Jesus Christus die Seun van God is, die vervulling van God se verbondsbeloftes. Ons glo en getuig van die werklikheid van sy lering, sy wonderwerke, sy versoeningswerk aan die kruis en sy liggaamlike opstanding uit die dood. Hy is die enigste weg, waarheid en lewe, en niemand kom tot die Vader behalwe deur Hom nie. (Joh 14:6)
   *Ons verwerp enige gedagte wat die Here Jesus se maagdelike geboorte, sy wonderwerke of sy opstanding uit die dood enigsins vergeestelik, ontken, weerspreek, verdraai of verskraal. Ons verwerp ook die gedagte dat daar verlossing en redding buite Jesus Christus te vinde is.*

5. **Gehoorsaamheid/Heiligmaking**

Ons glo en getuig dat ons wat uit genade gered en deur God regverdig verklaar is, uit dankbaarheid ‘n lewe van gehoorsaamheid aan die Here alleen moet lei. Dit beteken dat ons volgens die eise van sy wet (Tien Gebooie) en ander voorskrifte en praktiese riglyne in sy Woord moet leef. Bewus van ons sondige natuur en te midde van versoekinge, wêreldse standaarde en beginsels, is ons geroep om heilig te leef, want God is heilig (1 Pet 1:15.16). Onder leiding en deur die krag van die Heilige Gees, moet ons daarna streef om eerder aan God se Woord as aan mense gehoorsaam te wees.

*Ons treur oor en stry teen ‘n lewe in ooreenstemming met ons natuurlike neigings van vroeër (Ef 4:22), of oor die gedagte dat ons ons vryheid in Christus mag gebruik as ‘n verskoning om sonde te doen. (1 Pet 1:14 en Gal 5:13)*

6. **Verantwoordelikhede teenoor skepping en medemens**

Ons glo en getuig dat God, die Skepper van hemel en aarde én die mens, ons aangestel het as sy verteenwoordigers en beelddraers. As sodanig is ons geroep om verantwoordelikheid te neem vir die onderhouding van en heerskappy oor die skepping, asook die liefdevolle versorging van ons medemens. Gedring deur die Here se liefde, is dit ons roeping om mense se fisieke nood te verlig, maar om óók die geestelike nood aan te spreek deur die bediening van die blye en hoopvolle evangelie van Jesus Christus.

*Ons glo dat hulpverlening nie net deur humanistiese en sekulêre oorwegings gemotiveer en as ‘n daad van sosiale geregtigheid moet geskied nie.*

7. **Getuienis: Dissipelmaking en Kategese**

Ons glo en getuig dat ons geroep is om Jesus Christus se laaste opdrag uit te voer, naamlik om na al die nasies toe te gaan om mense sy dissipels te maak, hulle te doop en te leer om alles te onderhou wat Hy beveel het (Mat 28:19,20). Ons moet hierdie opdrag uitvoer deur die verkondiging en lering van sonde, verlossing en dankbaarheid. Ons moet dit doen in ons getuienis na die wêreld daar buite, maar ons moet dit ook doen in die prediking en kategese in die Here se gemeente.

*Ons treur oor die voorkoms van die verkondiging van ‘n verskraalde of verdraaide sonde- en verlossingsleer in die kerk se getuienis na buite, maar ook in die prediking en kategetiese onderrig in die Here se gemeente.*

8. **Kerk**

Ons glo en getuig dat God uit sy genade vir Hom ‘n heilige, algemene, Christelike kerk uit alle volke, tale en nasies versamel. Dit is ‘n kerk waarin sondaars (die ou mens) in Jesus Christus se Naam tuis kan kom om deur die evangelie aangeraak en nuut gemaak te word, om dan as verlostes (nuwe mense) anders as vroeër te leef (Ef 4:22-24). Daarom glo en getuig ons ook dat die kenmerke van die ware kerk is die suiwer verkondiging van die Woord, die suiwer bediening van die sakramente en die handhawing van die kerklike tug.

*Ons sien dit as ‘n dwaling dat die kerk ‘n “ruim huis” moet wees, in dié sin dat leringe en lewenspraktyke wat met die Woord in stryd is “omarm” en selfs geseën moet word. Dit moet inteendeel deur die Woord en tug aangespreek word – tot behoud van die sondaar, die heil van die gemeente en die eer van God.*

9. **Liturgie**

Ons getuig van ons diepe dankbaarheid vir die gereformeerde liturgiese erfenis, gebaseer

op suiwer Skrifbeginsels. ‘n Liturgie waarin die lees en verkondiging van die Woord sentraal staan, en waarin ook ruimte gemaak word vir die suiwer bediening van die sakramente aan die hand van liturgiese formuliere, aanbidding, gemeentesang, verootmoediging en skuldbelydenis by die aanhoor van die Tien Gebooie en ander Skrifgedeeltes, asook vir genadeverkondiging en belydenis van geloof.
*Ons treur oor die voorkoms van ‘n liturgie waarin Christus en die suiwer verkondiging van die Woord nie sentraal staan nie.*

10. **Opleiding, toerusting en die regering van die kerk**
In ooreenstemming met NGB art 30, glo ons dat die kerk op ‘n geestelike bestuurswyse regeer moet word. Dit geskied deur:

10.1 Bedienaars van die Woord wat deur behoorlike Skrif- en belydenisgetroue teologiese opleiding toegerus word om dan, getrou aan hulle legitimasie-eed, hulle roeping te vervul.
*Ons betreur groeiende aanduidings van teologiese opleiding wat nie Skrif- en belydenis-getrou is nie, asook tendense dat daar bedienaars van die Woord is wat in stryd met hul legitimasie-eed leer en leef, sonder dat daar behoorlike tug-ondersoeke plaasvind.*

10.2 Ouderlinge en diakens wat saam met die herders sorg dra om “die ware godsdiens te onderhou en te sorg dat die ware leer oral versprei, en die oortreders op geestelike wyse gestraf en in toom gehou word.” Om hierdie verantwoordelikheid na te kom, moet ouderlinge en diakens uit die Skrif deeglik opgelei en toegerus word.
*Ons betreur die toestand in die kerk dat daar baie gevalle is waar ouderlinge en diakens nie volgens Bybelse vereistes verkies word nie, en ook nie behoorlik toegerus word om hulle ampswerk na behore te kan vervul nie.*

10.3 Alle lidmate wat in die amp van gelowige geroep word om as profeet, priester en koning diensbare getuies te wees in die kerk en koninkryk. Hiervoor moet lidmate ook behoorlik toegerus word.
*Ons betreur die gebrekkige toerusting wat by lidmate aanleiding gee tot ‘n verskraalde verstaan en uitleef van die amp van gelowige.*

11. **Vreemde leringe**
As volgelinge van Jesus Christus getuig ons teen die vreemde leringe wat neerslag vind in verslae aan en besluite van die Algemene Sinode. Voorbeelde van sulke vreemde leringe is:

11.1 **Skrifverstaan**: NGB Art 3-7 gee vir ons kort en kragtig die suiwer gereformeerde Skrifbeskouing.
In 2004 het die Algemene Sinode ‘n dubbelsinnige verslag oor Skrifbeskouing en Skrifgesag aanvaar wat bedoel was om die implikasies van die NGB te verduidelik of aan te vul. In effek het dit die NGB nie aangevul nie maar vervang. Sedertdien word hierdie verslag weens die dubbelsinnigheid telkens misbruik as die basis vir regverdiging van nuwe afwykende leringe.

11.2 **Teologie:** Suiwer gereformeerde teologiese opleiding is noodsaaklik vir die opleiding, toerusting en vorming van studente as voornemende leraars van die kerk. Daarom verwerp ons ondubbelsinnig die huidige teologiese opleiding wat met goedkeuring van die Algemene Sinode openlik verklaar dat hulle wegbeweeg het van ‘n “reformed confessional faculty” na ‘n “ecumenical one” wat nou meer aandag gee aan “black theology, African

Christian theology, liberation theology, feminist theology, womans theology, urban theology etc." (aldus prof Jerry Pillay – dekaan van UP).

11.3 **Ekklesiologie:** Die gereformeerde ekklesiologie maak meer en meer plek vir 'n horisontale missionale ekklesiologie – 'n mensgerigte sendingbeleid waarin die Bybelse sonde- en verlossingsleer 'n ondergeskikte rol speel. Met goedkeuring van die Algemene Sinode, word die kerkorde oorgeskryf met hierdie missionale ekklesiologie as uitgangspunt.

11.4 **Satan:** Ons aanvaar die Bybel se duidelike getuienis oor die persoonlike aard van die duiwel wat rondloop soos 'n brullende leeu op soek na wie hy kan verslind. (1 Pet 5:8). Ons getuig teen alle Sinodale besluite wat ruimte wil maak vir die dwaalleer dat Satan slegs 'n onpersoonlike bose mag of krag is.

11.5 **Huwelik**: Ons aanvaar alles wat die Woord ons leer oor die Christelike huwelik as 'n lewenslange verbintenis deur God tussen een man en een vrou, en as instelling van God wat heilig gehou moet word. Die huwelik is die regte en enigste plek vir seksuele intimiteit en die basis van 'n gesonde gesinslewe.

Ons beskou dus die Algemene Sinode se besluite wat ruimte maak vir seksuele intimiteit buite die huwelik, die kerklike sanksionering van seksuele verhoudings tussen persone van dieselfde geslag en ook vir kerklike seën en bevestiging van 'n verbintenis tussen persone van dieselfde geslag, as gruwelike minagting en bespotting van die Woord van God.

**Slot:** Ons is daarvan bewus dat ons as volgelinge van Jesus Christus in die wêreld vreemdelinge en bywoners is (Hebr 11:13; 1 Pet 2:11), en dat ons daarom selfs vyandskap, vervolging en lyding in die gesig staar (Mark 10:30; Kol 1:24). Ons getuig egter dat ons in die verwagting leef dat die Here Jesus in heerlikheid weer sal kom (Hand 1:11). Daarom moet ons mekaar vermaan en teregwys, ondersteun en bemoedig, terwyl ons in geloof, gebed en gehoorsaamheid volhard, die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof (Hebr 12:1-3).

Verslag: Ds MS (Smuts) Janse van Rensburg

**************************************************************************************************

**BYLAAG 2**

## WAT IS N GELOOFSVERKLARING?

### Geloofsbelydenis (Belydenisskrif) en Geloofsverklaring – Is daar 'n verskil?

### Geloofsbelydenis/Belydenisskrifte

*So Glo Ons* (CUM, 2001, P22-25) beskryf die geskiedenis van belydenisse in die kerk en noem vier kenmerke van belydenisskrifte: (1)Belydenisskrifte ontstaan as antwoord op 'n bedreiging van die kernwaarhede van die evangelie, (2)Belydenisskrifte getuig oor die evangelie vanuit 'n spesifieke gesigspunt, (3)Belydenisskrifte is dringende en dwingende geskrifte en (4)Belydenisskrifte is publieke geskrifte. Daarna word die belangrike punt gestel dat die Bybel die verwysingspunt vir elke belydenis is, dat die belydenis aan die Bybel gemeet word en dat die belydenisskrif sy gesag aan die Bybel ontleen. Dan volg die belangrike opmerking: "Daarom roep 'n belydenis almal op tot beslissing en verantwoording. Die stryd om die waarheid wat in die geloofsbeslissing van die belydenis val, is God se woord vir hierdie tyd. Dit kan daarom nooit ligtelik opgeneem word as 'net nog 'n mening' nie. Die kerk staan of val by haar belydenis." In die volgende paragraaf volg

dan die slotsom: “Vanuit die diep oortuiging dat dit (die belydenis) inderdaad in ooreenstemming met die Skrif is (*quia)*, onderteken ampsdraers van die meeste kerke hul spesifieke belydenisskrifte.”

Bogenoemde Skrifbegronding van belydenisskrifte word deur JA Heyns en WD Jonker (*Op Weg met die Teologie,* NGK Boekhandel, 1974, P200-203) bevestig: “Die belydenisskrifte is immers geformuleerde en gesaghebbende uitdrukking van die geloof van die kerk. Daarin spreek die kerk uit wat hy as die waarheid van Gods Woord erken en bely.” Daarna sê Heyns en Jonker: “Hulle (die belydenisskrifte) bind diegene saam wat van dieselfde geloofsoortuiging is en is daarom ‘n ‘akkoord van kerklike gemeenskap’, soos ons drie belydenisskrifte ook met ‘n verouderde term as die drie formuliere van ‘enigheid’ aangedui word.” Daarna wys Heyns en Jonker op die ooreengekome verbintenis aan die belydenisskrifte deur die ondertekening daarvan deur persone in die leeramp.

Uit bogenoemde is ten minste die volgende duidelik:

1. Die Bybel is die verwysingspunt vir elke belydenis, en belydenisskrifte is in ooreenstemming met die Skrif.
2. Belydenisskrifte is geformuleerde, gesaghebbende en amptelike uitdrukking van die geloof in die kerk en bind gelowiges van dieselfde geloofsoortuiging saam as ‘n akkoord van kerklike gemeenskap.
3. ‘n Vaste verbintenis (selfs deur ondertekening) aan belydenisskrifte as ‘formuliere van enigheid’, is noodsaaklik.
4. As publieke geskrifte dra belydenisskrifte ‘n getuienis na binne (in die kerk) en na buite (buite die kerk).

**Geloofsverklarings**

Anders as met belydenisskrifte, vind ons nie in teologiese literatuur besinning oor die begronding, gesag, waarde en doel van geloofsverklarings nie. Dít opsigself dui reeds daarop dat ‘n geloofsverklaring nie dieselfde gesaghebbende plek in die kerklike tradisie en lewe het nie.

Geloofsverklarings het in sommige kerklike kringe eerder as ‘n praktyk ontstaan om in ‘n bepaalde konteks (tyd en omstandighede) uitdrukking te gee aan ‘n breedweg gedeelde roeping en visie. In die NG Kerk het dit byvoorbeeld praktyk geword om ná ‘n sinodesitting ‘n geloofsverklaring uit te reik ten einde iets van die vergadering se verstaan van sy roeping en visie in ‘n bepaalde konteks te verwoord. So ‘n geloofsverklaring het die waarde en funksie dat dit lede van die vergadering wil lei en stuur ten einde die breedweg gedeelde roeping en visie uit te leef.

‘n Geloofsverklaring se definisie sou natuurlik ook meer as net ‘n ‘breedweg gedeelde roeping en visie’ kon wees. Enige vergadering of byeenkoms sou ‘n geloofsverklaring kon uitreik om in ‘n bepaalde konteks te verklaar waar hulle ten opsigte van sekere sake staan. Die Geloofsverklaring wat aan die einde van die Familiebyeenkoms vir Gereformeerde Gemeentes (Julie 2022) uitgereik is, kan gesien word as só ‘n dokument. Die Geloofsverklaring soos voorgehou by dié byeenkoms, is ‘n poging om bekommernisse oor die toestand in die kerk (in die NG Kerk by name, maar ook in die familie van gereformeerde kerke) en oor dwalinge weg van die Skrif en die gereformeerde leer en tradisie, te verwoord.

Soos 'n belydenisskrif, wil die Geloofsverklaring van Familie vir Gereformeerde Gemeentes natuurlik ook Skrifgetrou wees. Dit het egter geensins ten doel om 'n nuwe belydenisskrif te wees nie. Die geloofsverklaring wil eerder op grond van die bestaande belydenisskrifte as die reeds ooreengekome akkoord van kerklike gemeenskap, wys waar en hoe daar van die Skrif afgedwaal word en hoe die 'formuliere van enigheid' in die kerklike praktyk 'formuliere van verdeeldheid' geword het. Die genoemde Geloofsverklaring wil egter nie net die verbreking van die vaste verbintenis uitwys nie, maar wil met trane en smeking pleit dat daar in nederigheid eerlike selfondersoek gedoen word en, waar nodig, dat bekering – terugkeer na die Skrif en belydenis, sal geskied. Alhoewel die geloofsverklaring nie soos 'n belydenisskrif die "geformuleerde en gesaghebbende uitdrukking van die geloof van die kerk" (Heyns en Jonker) verwoord nie, kan en mag dit nie as minderwaardig gereken word nie. Dit moet wel gehoor en ernstig bejeën word as 'n getuienis vanuit die kerk teenoor die kerk en die wêreld.
Mag God die Geloofsverklaring van die Familie van Gereformeerde Gemeentes daartoe gebruik – tot behoud van sondaars, tot heil van die kerk en tot eer van sy Naam.

Verslag: Ds MS (Smuts) Janse van Rensburg

****************************************************************************************************

**BYLAAG 3**

## DECLARATION OF FAITH

**(vrye vertaling van die Geloofsverklaring van die FGG)**

**dr. Henriëtta Klaassing**

We believe with the heart and profess before God, towards the church and the world

**1. Word – Sola et tota Scriptura**

We believe and profess that the Bible (Old and New Testament) is the Word of God in human language (*All Scripture is inspired by God* - 2 Tim 3:16) so that we can know, worship, serve, love and obey Him as revealed in his Word.
*It fills us with sadness that there are views about the Bible that do not belong in the Church, such as for example that the Bible is mere human words about God, that it contains human errors, that it is culturally bound, that its message must first be demythologized, that it contains congregational theology instead of revealed truths, that the Old and New Testaments contain contradictory teachings, or that God's revelation about Himself can be adapted and distorted according to human needs (e.g. that God is understood and addressed as "mother/her").*

**2. Confessions**

We believe and profess that the reformed confessions as expressed in the Forms of Unity (the Heidelberg Catechism, the Belgic Confession, the Canons of Dort) are the true and pure doctrine because they correspond to the Word. *We reject all teachings that are in conflict with with the reformed confessions.*

**3. Sin and redemption**

We believe and profess that we were conceived and born in sin and therefore stand under the judgment of God. However, we rejoice in the gospel by which we are saved by grace

alone, through Christ alone and through faith alone through the powerful working of the Holy Spirit.*We reject any view that weakens or contradicts the deadly seriousness of sin and its consequences, as well as the reformed doctrine of salvation.*

**4. Jesus Christ**

We believe and profess that the Lord Jesus Christ is the Son of God, the fulfillment of God's covenant promises. We believe and profess to the reality of his teaching, his miracles, his atoning work on the cross and his bodily resurrection from the dead. He is the only way, truth and life, and no one comes to the Father except through Him. (John 14:6)

*We reject any thought that spiritualizes, denies, contradicts, distorts or diminishes the Lord Jesus' virgin birth, his miracles or his resurrection from the dead, or the thought that salvation and redemption can be found outside of Him.*

**5. Obedience/Sanctification**

We We believe and profess that we who have been saved by grace and declare righteous by God, out of gratitude must live a life of bedience to the Lord according to the demands of his law (Ten Commandments) and other prescriptions and practical guidelines in his Word. Aware of our sinful nature and in the midst of temptations, worldly standards and principles, we are called to strive under the guidance and through the power of the Holy Spirit to obey God's Word rather than men - to be holy , because God is holy. (1 Pet 1:15,16)

*We mourn and argue against living in accordance with our former deceitful desires (Eph 4:22), or the thought that we may use our freedom in Christ as an excuse to sin. (1 Pet 1:14 and Gal 5:13)*

**6. Responsibilities towards creation and fellow human beings**

We believe and profess that God, the Creator of heaven and earth and man, has appointed us as his representatives and to take responsibility as his image bearers for the maintenance of and dominion over creation, as well as the loving care of our fellow human beings (Gen. 1 – 3). Driven by the Lord's love, it is our calling to alleviate people's physical need, but also to address the spiritual need through the ministry of the glad tidings and hopeful gospel of Jesus Christ.

*We believe that aid should not solely be motivated by humanistic and secular considerations and as an act of social justice.*

**7. Testimony: Discipleship and catechesis**

We believe and profess that we are called to carry out Jesus Christ's last commission, namely to go to all the nations to make people his disciples, baptize them and teach them to observe all that he commanded (Matt 28:19 - 20). We must carry out this command through the proclamation and teaching of sin, redemption and gratitude. We must do this in our witness to the world outside, but we must also do this in the preaching and catechesis in the Lord's congregation.

*We mourn the prevalence of the proclamation of a narrowed or distorted doctrine of sin and salvation not only in the church's outward testimony, but also in the preaching and catechetical teaching in the Lord's congregation.*

**8. Church**

We believe and profess that God by his grace gathers for himself a holy, universal, Christian church from all peoples, languages and nations - a church in which sinners (the old man) can come home in Jesus Christ's Name to be saved through the gospel to be touched and made new, and then to live as redeemed (new people) differently than before (Eph 4:22-24). That is why we also believe and profess that the characteristics of the true church are the faithful proclamation of the Word, the due administration of the sacraments and proper maintenance of church discipline.

*We see it as a fallacy that the church should be a "spacious house", in the sense that teachings and life practices that are in conflict with the Word should be "embraced" and even blessed, while instead these should be addressed through the Word and discipline - for the preservation of the sinner, the benefit of the congregation and the glory of God.*

**9. Liturgy**

We profess our deep gratitude for the Reformed liturgical heritage, based on pure Scriptural principles. A liturgy in which the reading and proclamation of the Word is central, and which accommodates the pure administration of the sacraments using liturgical formulas, for worship, congregational singing, humility and confession of sin when hearing the Ten Commandments and other passages of Scripture, as well as for preaching grace and confession of faith.

*We mourn the occurrance of a liturgy in which Christ and the pure proclamation of the Word are not central.*

**10. Training, equipping and the government of the church**

In accordance with Belgic Confession art 30, we believe that church governance should be done in a spiritual manner. This is done by:

a. Ministers of the Word who are equipped by proper Scriptural and confessional theological training can be faithful to their ordination vows, and as such, fulfill their calling.

   *We deplore growing indications of theological training that is not faithful to Scripture and confession, as well as trends that there are ministers of the Word who teach and live contrary to their ordination vows, without proper disciplinary investigations*

*b.* Elders and deacons who, together with the shepherds, take care to "maintain the true religion and see to it that the true teaching spreads everywhere, and that the offenders are punished in a spiritual way and kept in check." To fulfill this responsibility, elders and deacons must be thoroughly trained and equipped from the Scriptures.

   *We regret the situation in the church that there are many cases where elders and deacons are not elected according to biblical requirements, nor are they properly equipped to be able to fulfill their official work properly.*

*c.* All members who are called in the office of believer to serve as prophet, priest and king in the church and to be witnesses in the kingdom. Members must also be properly equipped for this.

*We regret the inadequate equipment of believers which gives rise to a diminished understanding and living out of the office of believer.*

11. **Strange teachings**

As followers of Jesus Christ, we testify against strange teachings that are reflected in reports and decisions of the General Synod. Examples of such strange teachings are:

11.1 **Scripture understanding**: Belgic Confession Art 3-7 gives us a short and powerful, pure reformed view of Scripture. In 2004, the General Synod adopted an ambiguous report on Scriptural View and Scriptural Authority that was intended to clarify or supplement the implications of the Belgic Confession. In effect, it did not supplement the Belgic Confession but replaced it. Since then, due to its ambiguity, this report has been repeatedly misused as the basis for justifying new deviant teachings.

11.2 **Theology:** Purely reformed theological training is essential for the training, equipping and formation of students as prospective teachers of the church. Therefore, we unequivocally reject the current theological training which, with the approval of the General Synod, openly declares that they have moved away from a "reformed confessional faculty" to an "ecumenical one" which now pays more attention to "black theology, African Christian theology, liberation theology, feminist theology, women's theology, urban theology etc." (according to a Dean of Theology at the University of Pretoria).

11.3 **Ecclesiology:**The current “reformed” ecclesiology more and more embraces a horizontal missional ecclesiology. With the approval of the General Synod, the church order is rewritten with this missional ecclesiology as a point of departure.

11.4 **Satan:** We accept the Bible's clear testimony about the personal nature of the devil who prowls around like a roaring lion seeking whom he may devour. (1 Pet 5:8). We testify against all Synodal decisions that want to make room for the heresy that Satan is merely an impersonal evil power or force.

11.5 **Marriage:** We accept everything that the Word teaches us about Christian marriage as a lifelong union by God between one man and one woman, and as an institution of God that must be kept sacred. Marriage is the right and only place for sexual intimacy and the basis of a healthy family life.

We therefore consider the General Synod's decisions that make room for sexual intimacy outside of marriage, the ecclesiastical sanctioning of sexual relations between persons of the same sex and also for ecclesiastical blessing and confirmation of a union between persons of the same sex, as heinous contempt for and mockery of the Word of God.

**Conclusion**

We are aware that as followers of Jesus Christ we are strangers and sojourners in the world (Heb 11:13; 1 Pet 2:11), and that therefore we even face enmity, persecution and suffering (Mark 10:30 ; Col 1:24). However, we profess that we live in the expectation that the Lord Jesus will come again in glory (Acts 1:11). That is why we must exhort and rebuke, support and encourage each other, while we persevere in faith, prayer and obedience, with our eyes fixed on Jesus, the Author and Finisher of faith (Heb 12:1-3).

Vertaling: Dr. Henrietta Klaassing

==========================================================